**Sosiale Darwinisme as katalisator vir ontluikende nasionalistiese sentimente onder Afrikaners ná die Anglo-Boereoorlog: ’n Histories-analitiese beskouing van die jare 1902 tot 1914**

**Bronwynn van Tonder**

**orcid.org/0000-0003-3987-0807**

Verhandeling voorgelê ter nakoming van die vereistes vir die graad
*Magister Artium* in Geskiedenis
aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. Elize S. van

Eeden Eksaminering: November

2024

**PLAGIAATVERKLARING**

Hiermee verklaar ek, Bronwynn van Tonder 28848373, dat hierdie verhandeling my eie werk is. Erkenning is gegee aan geraadpleegde bronne in die teks en bibliografie.

**WOORD VAN DANK**

Net soos hierdie verhandeling oor die jare vorm aangeneem het by wyse van die alewige soektog na inhoud, is ek dienooreenkomstig ook as mens gevorm met elke skrywe. As historikus, skrywer, navorser en individu het ek met elke tree en traan ontwikkel. Hierdie verhandeling sou nie tot stand kon kom sonder prof Elize S. van Eeden nie. Sy het my telkemale tot my sinne gebring, en haar vertroue in my het beslis oorgespoel en my algaande meer selfvertroue gegee Ek het ŉ diep waardering vir prof. Van Eeden se onmeetbare ondersteuning en bystand.

Dankie aan my kollegas by die Noordwes-Universiteit, wat my klankbord was, naamlik mnre. Emile Coetzee; Tumi Ledwaba, Robert Uys, drr Claudia Gouws en Chris Holdridge, asook prof Johann Tempelhoff wat my altyd met meer selfvertroue gelaat het na ŉ gesprek, ondanks my selfbeleefde tekortkominge! ŉ Besondere dankwoord aan mev. Estelle Pretorius wat my verhandeling met soveel geduld verskeie kere taalversorg het.

Cindy Smith, dankie vir die eindelose koppies koffie en klankbord op die stoep. Jou vermoë om my al-te-deurmekaar-gedagtes te verstaan en jou opwinding om my stories te hoor, het as motivering gedien wanneer dit moeilik geraak het. Jy het die vermoë om my voete op die grond te hou wanneer die wêreld my in alle rigtings trek. Dankie aan my ouers, Corlia en Dries van Tonder, vir die standvastige ondersteuning en liefde waarmee ek bo verdienste in my lewe geseënd is. Julle het nie altyd verstaan nie, maar steeds ongetwyfeld geluister. Dankie aan my suster, Celeste van Tonder en jou volgehoue optimisme. My waardering ook aan die Ellisse, Erasmusse, Smiths, Janse van Rensburgs en van der Spuys naby aan my, en dat julle my altyd toelaat om my passie vir geskiedenis daagliks te kan uitleef. Ek sal dit altyd koester.

Dankie aan ons Hemelse Vader wat Hom oor my ontferm het wanneer twyfel keer op keer kop uitgesteek het.

**OPSOMMING**

Sekere wetenskaplike bevindinge gedurende die 18de en 19de eeu het aansienlike verskuiwings in Europese denke en debatvoering meegebring. Dit was veral die ontwikkeling van evolusionêre teorieë wat die ganse oorsprong en begrip van die mens omvergewerp het. Die invloed van hierdie bevindinge was verreikend, en is van kerkpleine tot in parlementêre gange gedebatteer. Hierdie verhandeling is in wese ŉ verkenning van die wyse waarop ŉ evolusionêre teorie soos Darwinisme (wat berus op die teorie van die oorlewing van die sterkstes en natuurlike seleksie) ongemerk en bewustelik van Europa af ŉ vastrapplek (ekonomies, sosiaal en polities) in Suid-Afrika gekry het. Darwinisme in die besonder as sinoniem beskou ŉ vergelykende evolusiedebat onder verskeie gemeenskapsgroepe. Dit was ŉ kontroversiële onderwerp wat dikwels opvallend uit verband geruk is vir spesifieke doeleindes. Eweso was daar teenkanting teen die voorkeurtoepassings daarvan in politieke, sosiale en klasstratifikasie — iets wat gereeld voorgekom het. Vanuit hierdie verdraaide verpakking van Darwinisme het die sogenaamde sosiale Darwinisme posgevat wat hand aan hand met Brits-koloniale imperialisme floreer het. As politieke visie het imperialisme na 1870 aansienlik meer militêr en aggressiewer geword. Dit het as “nuwe imperialisme” bekend gestaan en was gemik op die regverdiging vir Britse kolonialisering en uitbreiding as deel van ŉ “oorlewing van die sterkstes”. Die onderhawige verhandeling beskryf hierdie historiografie met die klem op die wyse waarop hierdie vorm van Britse imperialisme in die laat 19de tot vroeg 20ste eeu sigbaar was tydens en kort na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Die belewenis van Britse oorheersing en hulle mentaliteit van “meerderwaardigheid”, het konflik onder veral Afrikaners/Afrikaanssprekendes veroorsaak. Dit het ŉ tydperk van verset meegebring, met die doelwit om selfrespek te kweek vir die eiegoed soos taal en kultuur. Dit het vroeg in die 20ste eeu gemanifesteer in onder meer die stigting van Afrikanerkultuurorganisasies en ŉ onderwysstelsel wat bewustelik buite bereik van imperiale invloed moes wees. Opheffing en ŉ ontluikende nasionalistiese identiteitsherstel binne onder meer ŉ politieke partystelsel — maar binne ŉ uniale regeringstoesig — was wyses van Afrikaners om as’t ware te ontsnap van wandelganggedagtes oor sosiale Darwinisme van 1902 tot 1914. Hierdie verhandeling volg ŉ analitiese beskouing van dié konsep as (verskuilde) katalisator vir die ontluikende nasionalistiese sentimente onder Afrikaners ná die Anglo-Boereoorlog.

SLEUTELTERME: Afrikanernasionalisme, Darwinisme, evolusionêre teorieë, imperialisme, nasionalistiese sentimente, natuurlike seleksie, nuwe imperialisme, oorlewing van die sterkstes, sosiale Darwinisme.

**ABSTRACT:**

Some scientific discoveries in the 18th and 19th centuries brought about significant changes in European thought and debates. Most notably was the development of evolutionary theories that overturned the entire origin and understanding of mankind. The impact of these findings was profound, leading to active evolutionary discourses, from church squares to parliamentary corridors. This thesis investigates the way in which European evolutionary theories and their various applications obtained a foothold (economic, social and political) in South Africa. Darwinism was controversial and not openly accepted by everyone. However, there were more than enough supporters of the theory to consider it one of the most influential theories in the 19th and 20th centuries. Social Darwinism and imperialism later began to develop a symbiotic relationship with the integration of concepts such as survival of the fittest and natural selection. British imperialism became significantly more militaristic and aggressive after 1870. It was classified as New Imperialism, that especially regarded notions such as "survival of the fittest" as justification for British colonisation and expansion. It was this form of British imperialism that surfaced in the late 19th to early 20th century during and after the Anglo-Boer War. In the thesis the historiographical analysis of the presence of this form of imperialism in South Africa during and after the war will be emphasised. The conflict became known among Afrikaner groups as an overarching theme in nationalist discourses. The lived experiences among Afrikaners under British dominance and "superior" mentality fuelled a resistance movement among the Afrikaners, which was focused on the inculcation of self-respect for language and culture. The need for establishing cultural movements and education systems that were not under imperial influence was emphasised. Upliftment and a dawning nationalist identity under a new political system, i.e., the political change to the Union of South Africa, was one of the ways in which Afrikaners were able to escape the social Darwinistic discourse of 1902 to 1914. The thesis thus investigates the (hidden) catalytic influence that social Darwinist approaches by British imperial rule had on the development of Afrikaner nationalist sentiments.

Key concepts: Afrikaner nationalism, Darwinism, evolutionary theories, imperialism, nationalistic sentiments, natural selection, New Imperialism, social Darwinism, survival of the fittest.

## Inhoudsopgawe

**PLAGIAATVERKLARING** ........................................ i

**WOORD VAN DANK** ........................................ ii

**OPSOMMING** ........................................ iii

**ABSTRACT:** ........................................ iv

**HOOFSTUK EEN** ........................................ - 1 -

**DIE VASSTELLING VAN 'N TEORETIESE EN METODOLOGIESE NAVORSINGSRAAMWERK** ........................................ - 1 -

**1.1 Inleiding** ........................................ - 1 -

**1.2 'n Beknopte oriëntering en agtergrond** ........................................ - 2 -

**1.3 Probleemstelling** ........................................ - 4 -

**1.4. Navorsingsvrae as doelwitte** ........................................ - 5 -

**1.5 Metodologiese Navorsingsraamwerk** ........................................ - 6 -

**1.6 'n Etiese klaring rakende die studie** ........................................ - 9 -

**1.7 Die tekortkominge en waarde van die studie** ........................................ - 9 -

**1.8 Samevatting** ........................................ - 10 -

**HOOFSTUK TWEE ........................................................................................................ - 11 -**

**‘N LITERATUURBESKOUING VAN 19DE-EEUSE SOSIALE DARWINISME IN BRITTANJE, EN DIE MANIFESTERING DAARVAN AS DEEL VAN KOLONIALE IMPERIALISME ELDERS ........................................................................................ - 11 -**

**2.1 Inleiding........................................................................................................................ - 11 -**

**2.2 ’n Bestudering van sosiale Darwinisme in 19de-eeuse Britse literatuur..................... - 11 -**

**2.3 Die konseptualisering van sosiale Darwinisme en koloniale imperialisme ............... - 19 -**

**2.4 Sosiale Darwinisme en koloniale imperialisme as bedmaats?..................................... - 21 -**

**2.5 Samevatting................................................................................................................. - 29 -**

**HOOFSTUK DRIE.......................................................................................................... - 31 -**

**DIE LAAT 19DE-, VROEG 20STE-EEUSE SOSIALE DARWINISTIESE DEBAT OOR KOLONIALE IMPERIALISME, EN IN GEKOLONISEERDE OMGEWINGS........ - 31 -**

**3.1 Inleiding........................................................................................................................ - 31 -**

**3.2 ’n Debat in Britse regeringskringe ............................................................................. - 31 -**

**3.3 Stemme vanaf die “Anglophone” kerkpleine.............................................................. - 34 -**

**3.4 Die gonsery in gemeenskapsamekomste en op werkspleine ....................................... - 34 -**

**3.5 “Darwinismes” binne die politiek en die Britse gemeenskap ..................................... - 39 -**

**3.6 Die manifestering van die sosiale Darwinisme debat oor koloniale imperialisme in gekoloniseerde omgewings................................................................................ - 40 -**

**3.7 Samevatting................................................................................................................. - 44 -**

**HOOFSTUK VIER** - 46 -

**SOSIALE DARWINISME: VANAF BRITTANJE TOT SUID-AFRIKA – ‘N 19DE-EEUSE INTELLEKTUELE REIS** - 46 -

**4.1 Inleiding** - 46 -

**4.2 Darwin se evolusionêre denke: Gesprekke hieroor in 19de-eeuse Suid-Afrika** - 46 -

**4.3 Britse koloniale waarnemings en ander navorsing in Suid-Afrika** - 49 -

**4.4 Gedagtes oor die Darwin gonsery op die denke van Britse intellektueles in die Kaap** - 50 -

**4.5 Verdere rippelings van sosiale Darwinisme in Suid-Afrika** - 54 -

**4.6 Tekens van ’n sosiale Darwinisme erfenis teen die vroeg 20ste eeu** - 61 -

**4.7 Samevatting** - 73 -

**HOOFSTUK VYF** - 75 -

**ONTLUIKENDE NASIONALISTIESE SENTIMENTE ONDER AFRIKANERS NA DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1902-1914)** - 75 -

**5.1 Inleiding** - 75 -

**5.2 Die laat 19de en vroeg 20ste eeu in die Afrikanerherinneringskonteks** - 76 -

**5.3 Britse ekonomiese motiewe teenoor Afrikanervryheidsmotiewe** - 82 -

**5.4 Oorlogshantering en -belewenis** - 88 -

**5.5 Grondkwessies en selfstandigheid** - 95 -

**5.6 Onderwys as identiteit en mag, asook gebeurtenisse daarom** - 100 -

**5.7 Politieke sentimente en emosionele uitbarstings as teenreaksie op koloniale ideologieë** ........ - 103 -

**5.8 Ontluiking van rasbehepte nasionalisme in 'n broosheidstyd** ........ - 106 -

**5.9 Samevatting** ........ - 108 -

**HOOFSTUK SES** ........ - 110 -

**'N 21STE-EEUSE INTERPRETASIE VAN EERTYDSE SOSIALE DARWINISME AS VERSKUILDE KOLONIALE IDEOLOGIE EN KATALISATOR VIR ONTLUIKENDE NASIONALISTIESE SENTIMENTE ONDER VROEG 20STE-EEUSE AFRIKANERS** ........ - 110 -

**6.1 Inleiding** ........ - 110 -

**6.2 Die navorsing terugskouend** ........ - 110 -

**6.3 Gedagtes vir verdere navorsing** ........ - 114 -

**BIBLIOGRAFIE** ........ - 115 -

**Argiefmateriaal** ........ - 115 -

**Gepubliseerde werke** ........ - 116 -

**Verhandelinge en proefskrifte** ........ - 125 -

**Joernaalartikels** ........ - 126 -

**Koerantberigte** ........ - 132 -

**Webliografie** ........ - 133 -

**LYS VAN FIGURE**

**Figuur 4.2 - ’n Skets van die bekende skip, die HMS Beagle ........................................... - 47 -**

**Figuur 4.5.1 - Christian Gaika se geskrewe antwoorde op Darwin se kultuurverkennende vraelys ........................................................................................ - 59 -**

**Figuur 4.5.2 - Kopie van Darwin se vraelys aan J.P.M. Weale ......................................... - 60 -**

**Figuur 5.3 –Beroep op den Beschaafde Wereld .................................................................. - 84 -**

**Figuur 5.4 – Illustrasie van Boerevroue in konsentrasiekampe ........................................ - 91 -**

**Figuur 5.5 – Lord Roberts se voorgestelde onderwysbeleid ........................................... - 100 -**

## HOOFSTUK EEN

## DIE VASSTELLING VAN ‘N TEORETIESE EN METODOLOGIESE NAVORSINGSRAAMWERK

### 1.1 Inleiding

ʼn Algemene opvatting bestaan dat navorsing oor die Afrikaner van die naoorlogse tyd vanaf 1902 dalk reeds ʼn versadigingspunt bereik het, veral betreffende nasionalisme. ʼn Ander soortgelyke opvatting is dat imperialisme en kolonialisme as polities-geïnspireerde aksiewerkwoorde bloot net weens Europees-gedrewe ekonomiese uitbreidingsdrange en militêre magsvergrype indertyd wêreldwyd wortel geskiet het. Hierdie studie het ten doel om enige sodanige opvattings of persepsies wat moontlik steeds gekoester word, aan meer indieptenavorsing te onderwerp: met as fokus veral die Afrikaner/Hollands-Afrikaanssprekende of “Boere” gemeenskap van die vroeg-20ste-eeuse Suid-Afrika.

Die Anglo-Boereoorlog/Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) is ʼn deurslaggewende historiese gebeurtenis in vroeg 20ste eeuse Suid-Afrika.[1] Op voetsoolvlak daar ʼn bewustheid van verslane gemeenskappe, vervalle en “verskroeide” plase, en ʼn bitterheid (verwyt) teenoor die koloniale heerskappy.[2] Die dieperliggende koloniale denke van die oorlogsoorwinnaar is minder sigbaar in die Suid-Afrikaanse literatuur.veral met betrekking tot Afrikaneroptrede van die vroeg 20ste eeu teen die verskuilde agtergrond van denkpatrone wat sedert die middel 19de eeu leidende figure in Brittanje se imperialistiese (dalk ook rassistiese) idees in gekoloniseerde gebiede soos Suid-Afrika help vorm het. Die imperiale oorwinnaar se beskouing, bespreking en behandeling van die Afrikaner en die redes daarvoor is nog nie voorheen in ʼn nagraadse verhandeling verken nie. Om so ʼn studie aan te pak, was dit dus nodig om te besluit hoe die navorsing (teoreties en metodologies) aangepak sal moet word. Hierdie hoofstuk bespreek kortliks die proses in al sy

---

1 Vir eenvormigheid is die begrip/term Anglo-Boereoorlog deurgaans in die studie gebruik, en met as redenasie dat Engeland en die Boererepublieke die twee hoofrolspelers/protagoniste daarvan was. Talle ander benaminge bestaan vir hierdie oorlog gedurende 1899-1902, en in vroeëre studies en gesprekke het dit dikwels op persoonlike politieke voorkeure berus, terwyl Van Eeden redeneer dat die begrip Suid-Afrikaanse Oorlog alreeds gedurende die oorlog self in gebruik was. Kyk E.S. van Eeden, “ʼn Oorlog met vele name – standpunte en realiteite oor “dié Oorlog” (1899-1902) in Suid-Afrika”, *Literator*, vol. 20, no. 3 (1999), pp. 175-199.

2 H. Giliomee, *Maverick Africans: The shaping of the Afrikaners*, (Tafelberg: Cape Town, 2020), p. 128. K. Shillington, *History of Africa*, (MacMillan Publishers: London, 2019), p. 365.

fasette ten opsigte van die 19de en vroeg 20ste eeu, terwyl die res van die bespreking daarop volg.

### 1.2 ’n Beknopte oriëntering en agtergrond

Aan die einde van die 19de eeu is verskeie Britse sosiale oortuigings oor evolusie en die impak daarvan op die mens en verskillende rassegroepe beïnvloed deur leidende tekste wat in Brittanje ontstaan het, soos die werke van Herbert Spencer, Thomas Robert Malthus en Charles Darwin.[3] Darwin se publikasies *Origins of species* in 1859, asook *The descent of man* in 1871, in Brittanje gebruik om veral koloniale uitbreiding te regverdig, asook die gedagte van Indirekte Heerskappy (*Indirect Rule*) oor gevestigde kultuurgroepe en rasse in gekoloniseerde gebiede.[4] Klaarblyklik was die toepassings van regeringstelsels en ander besluite dikwels gegrond op politieke interpretasies van hierdie nuwe idees van oorlewing van die sterkstes, natuurlike seleksie en stryd om oorlewing.[5] Die sosiale impak van die sosiale Darwinistiese tydgees op Brittanje tydens en ná die Anglo-Boereoorlog is nog nie tevore ondersoek met betrekking tot die moontlike invloed daarvan op gemeenskappe se eie belewenis daarvan binne die moontlike dekmantel van imperiale beleidsbeginsels nie. Hierdie beperking, gegewe die vrae na die vroeë spore van Darwinisme en sosiale Darwinisme in Suid-Afrika, was ’n besliste motivering vir hierdie studie. Bykomend hiertoe en as fokuspunt is hierdie koloniale imperiale en sosiale Darwinistiese sentimente verder verken binne die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaners[6] se nasionalistiese gevoelens kort na die oorlog vanaf 1902 tot 1914.

3 C. Darwin, *The origins of species*, (John Murray, London: 1859). Die bekende term “survival of the fittest” het egter eers in 1872 in die vyfde uitgawe van *Origins* verskyn; C. Darwin, *The descent of man and selection in relation to sex*, (John Murray, London: 1871), H. Spencer, *A system of synthetic philosophy*, Vol. 2 (William and Norgate: London, 1864); T.R. Malthus, *An essay on the principle of population*, (J. Johnson: London, 1872).

4 Vir meer inligting oor indirekte heerskappy en die oorsprong daarvan kyk F.D. Lugard, *The dual mandate in British Tropical Africa*, (William Blackwood and Sons: London, 1923); asook B. Silverstein, “The political organisation of the British in their Empire, 1875-1939: transforming indirect rule” in *Governing Natives, Indirect rule and settler colonialism in Australia’s North*, (Manchester University Press: Manchester, 2019). J. C. Mayers, *Indirect Rule in South Africa: tradition, modernity and the costuming of political powers*, (University of Rochester Press: Rochester, 2008), pp. 1-15 fokus in diepte op die administrasiestelsel van indirekte heerskappy.

5 G. Clayes, “The ‘Survival of the fittest’ and the origins of Social Darwinism”, *Journal of the History of Ideas*, vol. 61, no. 2 (2000), p. 225.

6 Volgens S. Patterson is die term ‘Afrikander’ die eerste keer in 1705 gebruik, en het hoofsaaklik na ’n Christelik blanke individu verwys, wat mettertyd meer prominent gebruik . In die 18de eeu is drie terme deur Hollanders gebruik, naamlik ‘Burger’ wat ’n klaskategorie was, dan ‘Boer’ wat individue was wat meestal grondeienaars was of wat weggetrek het van regeringsoorheersing die binneland in, en later ‘Afrikaner’ in die 20ste eeu omdat die oorlog politiese en sosiale bande verbrokkel het, en ’n sin van nasionaliteit en geskiedenis begin vorm het. S. Patterson, *The last trek: A study of the Boer people and the Afrikaner Nation*, (Taylor & Francis Group, 2004), pp. 272-274. H. Giliomee verduidelik die

Na die verlies van onafhanklikheid en die kultureel-beleefde diskriminasie wat gevolg het in die jare ná die oorlog, het Afrikanernasionalistiese sentimente opgevlam.[7] Die Afrikaner se stryd om die behoud van sy taal, godsdiens en geskiedenis het geleentheid gebied het vir die aansporing van die ontwikkeling van ʼn intense kultuur eie nasionalisme as verset teen die angliseringsdoelwitte van die Milner bestuurstermyn. Hierdie imperiaalgedrewe aanslag word deur verskeie historici beskou as die grootste dryfkrag vir die opkoms van Afrikanernasionalisme in die 20ste eeu.[8] Die stryd vir die erkenning van Afrikaans,[9] die stigting van die Unie in 1910[10] en die stigting van die Nasionale Party in 1914 in Transvaal en die Vrystaat, kan beskou word as hoogtepunte in die stryd teen Britse imperialisme.[11] Nie net Afrikanergroepe het diskriminasie en vernedering ervaar en hulself in armoede en laer klasse bevind as gevolg van die hand van Brittanje nie, soos in Hoofstuk 4 aangetoon sal word.

Hierdie studie val binne die genre van politieke geskiedenis binne die konteks van ʼn denkbeeldige nasionale staat.[12] Wanneer dit kom by ʼn agtergrondskepping aangaande die begrippe ter sake in hierdie studie soos Darwinisme en sosiale Darwinisme, is dit van belang om te beklemtoon dat dit nie een en dieselfde konsep is nie. Dit is wel so dat sosiale Darwinisme uit Darwinisme voortgespruit het. Sosiale Darwinisme is die toepassing van Darwin se teorie van natuurlike seleksie op die evolusie van die menslike samelewing.[13] Die idee van "survival of the fittest" betreffende die natuurwetenskappe het na sosiale wetenskappe oorgespoel as ʼn sosiale konsep na aanleiding van verskeie interpretasies van Darwin se werke. Radick vat dit

---

gebruik van die term 'Afrikaner' in die begin van die twintigste eeu soos volg: "Daar was die eksklusiewe definisie wat net ʼn blanke Afrikaanssprekende wat die Gereformeerde geloof aanhang as ʼn Afrikaner beskou het. Hierteenoor was daar ook die inklusiewe definisie waarvolgens ʼn Afrikaner enigiemand was wie se hoogste lojaliteit aan Suid-Afrika is en wat aan Hollands (en later Afrikaans) sy regmatige plek in die land gun." H. Giliomee, *Die Afrikaners,* (Kaapstad: Tafelberg, 2004), p. 139.

7 S. Dubow, "Afrikaner nationalism, apartheid and the conceptualization of 'race'", *The Journal of African History* 33, no. 2 (1992), p.211.

8 Giliomee, *Maverick Africans*, p.129, G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner Deel V, 1899-1910,* (Perskor-Uitgewery: Johannesburg, 1979), p. 341.

9 A. Beukes, "On language heroes and the modernising movement of Afrikaner nationalism" *Southern African Linguistics and Applied Language* Studies 25 no.3 (2007), pp. 250-251.

10 Sien Van der Walt se studie vir ʼn volledige uiteensetting van die stigting van die Unie asook die eerste verkiesing. I.D. van der Walt, "Die eerste algemene verkiesing na die vorming van die Unie van Suid-Afrika, 1910", PhD-proefskrif, Noord-wes Universiteit (Suid-Afrika), 1976.

11 J.D. Naudé, "Generaal JBM Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party, 1913-1914", PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit (Suid Afrika), 1970.

12 Vergelyk met die studies van E.S. van Eeden, "Considering the many variations of regional history", *Journal of Peoples and Places,* accepted Nov, 2024, pp. 1-24; S. Riukulehto (ed.), *Between time and space*, (UK: Cambridge Scholars Publishing, May 2015), Hoofstuk 1.

13 J.A. Rogers, "Darwinism and Social Darwinism" in *Journal of the History of Ideas* 33, no. 2 (1972), p. 265.

kort en kragtig saam: "... *whoever says 'Social Darwinism' says the 'survival of the fittest, in society as in nature*".[14] Die betekenis en verskuilde kompleksiteite van beide hierdie begrippe (en soms in kombinasie met ander begrippe soos imperialisme en koloniale imperialisme) word derhalwe verdiepend in Hoofstuk Twee verken. Soos wat imperialisme met ʼn passie in Britse regeringskringe en in Britse gemeenskappe nagevolg is, so het die afdwinging daarvan na 1902 in Suid-Afrika (verengelsing; kurrikulering en in administratiewe beleid) nasionalisme in koloniale omgewings aangevuur. Hierdie verkennings word veral in Hoofstukke Vier en Vyf beklemtoon en intensief beredeneer.

### 1.3 Probleemstelling

In Suid-Afrikaanse historiografie handel talle studies oor die Anglo-Boereoorlog asook oor die gevolglike manifestasie van Afrikanernasionalisme. ʼn Braak veld moet nog bestudeer word, naamlik die affektiewe en emosionele invloed van die oorlog en die gepaardgaande oënskynlik polities-ideologiese onkunde daaroor. Dit is te begrype dat Afrikanerdenke destyds sterk gefokus het op die verlies van hulle selfstandigheid, hulle besittings en hulle onsekere toekoms ten opsigte van materiële herstel. Tot watter mate die dieper dimensies van imperialisme gelei het tot beleide wat as diskriminerend ervaar is, asook die ervaring van vernedering voortspruitend uit die wyse waarop sommige handelinge en besluite op die samelewing afgedwing is, word in hierdie studie beklemtoon.[15] Dit sou die begin wees van die ontwikkeling van sterk nasionalistiese sentimente. Hale beskryf hoe Ramsden Balmforth, ʼn Britse predikant in die Kaap, probeer het om kulturele groepe in Suider-Afrika te rekonsilieer, deur daarop te wys dat die sosiale Darwinistiese ideologieë van Britse imperialisme, wat veral die Anglo-Boereoorlog aangespoor het, die oorsaak was van ʼn intense haat teenoor enigiets wat Engels is.[16] Balmforth het ʼn interpretasie van sosiale Darwinistiese invloede van Britse imperialiste wat sal kan aantoon wat die betrokkenheid daarvan op kulturele front was. Dit is juis die fokus op die impak van naoorlogse verhoudings en gebeurtenisse wat groter lig sal werp op die verantwoordelikheid van die sosiale Darwinistiese aard van Britse imperialisme op die

[14] G. Radick, "Darwinism and Social Darwinism". *The Cambridge history of modern European thought* 1 (2019), p. 279.
[15] Kyk Hoofstuk Vyf vir ʼn diepgaande bespreking.
[16] F. Hale, "Interpreting South African cultural clashes through Darwinian eyes: Ramsden Balmforth in Cape Town, 1902-1911" in *S.A. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 25, no. 1 (2011), p. 38.

ontwikkeling van nasionalistiese sentimente. Die kompleksiteit van die naoorlogse situasie het ŉ groot invloed gehad op hierdie ontwikkeling.

Deur te fokus op die Afrikaner se ontluikende nasionalistiese sentimente is dit nodig om die invloed van imperialistiese en sosiale Darwinistiese ideologieë op die sterk oplewing van historiese bewussyn van die Afrikaner ter aanvang van die 20ste eeu te bestudeer. Hierdie sentimente sluit onder meer in: Die trauma van die verlies van onafhanklikheid; die vernedering van oorweldigende armoede en die implementering van Engels as die enigste amptelike taal in die kolonies (en wat die onderwys geraak het), was bydraende faktore in die ontluikende sentimente. Alhoewel menigte studies bestaan oor die Anglo-Boereoorlog en die traumatiese gevolge daarvan op die Afrikanerkultuur en ontwikkeling van ŉ sterk nasionalisme, is ŉ hersiene analitiese blik nodig op die indirekte invloed van sosiale Darwinisme onder die vaandel van imperialisme, en hoe dit rekonstruksiebeleide na die oorlog gemotiveer het. Hierdie faset in bestaande literatuur is besonder skraps, veral ook as dit kom by spesifiek die oorspoel en uitwerking daarvan op Afrikaners in die jare kort na die oorlog (1902-1914). Gegewe hierdie beperkthede in die literatuur, is ŉ hand vol navorsingsvrae ontwikkel waarop die res van die studie berus in die hoofstukke wat volg.

**1.4. Navorsingsvrae as doelwitte**

Die prominentste vraag in hierdie studie om die gaping te oorbrug soos in die probleemstelling uitgewys, is:

> *Was die ontluiking van ŉ nasionalistiese sentimente onder Afrikaners gedurende die tydperk 1902 tot 1914 ŉ reaksie op sosiale Darwinisme en geassosieerde Brits imperialisme houdings?*

Sosiale Darwinisme as katalisator vir ontluikende nasionalistiese sentimente onder Afrikaners ná die Anglo-Boereoorlog: ŉ Histories-analitiese beskouing van die jare 1902 tot 1914 — as titel van die studie, sal dus ondersoek instel oor sosiale Darwinisme se moontlike rol in Britse imperialistiese gedagtegang en die bydrae daarvan tot die ontluiking van nasionalistiese sentimente onder Afrikaners.

Om die hoofnavorsingsvraag te kan ondersteun, is geredeneer dat die kompleksiteit van die verhouding tussen sosiale Darwinisme as uitingsvorm in Britse imperialisme ondersoek moet

word. Verder ook die wyse waarop nasionalistiese sentimente ontwikkel het in sosio-ekonomiese en polities-kulturele omstandighede onder die Afrikanerkultuurgroep. Sosiale Darwinisme se invloed op Britse imperialistiese ideale en doelwitte tydens die laat 18de en vroeg 19de eeu met betrekking tot die heropbou van die verskeie kolonies soos Transvaal en Oranjerivier, is ŉ belangrike aspek. Dit moes deeglik verken word. Gebeurtenisse soos die stigting van die Unie (1910) en die Nasionale Party in 1914 word ondersoek, en ontwikkelingspunte van nasionalisme onder Afrikaners, soos taal, onderwys en kultuur in die tydperk onder bespreking, is ook ter sake Gegrond op bogenoemde beredenerings het nog bykomende navorsingsvrae na vore gekom:

- *Hoe kan sosiale Darwinisme intellektueel en histories verstaan word, veral met betrekking tot Britse heerskappy (Britse imperiale beleid) en optrede teenoor Afrikaners ná die Anglo-Boereoorlog?*
- *Hoe manifesteer ŉ sosiale Darwinistiese debat oor koloniale imperialisme in gekoloniseerde omgewings in die laat 19de en vroeg 20ste eeu?*
- *Bestaan daar sigbare spore van ŉ sosiale Darwinistiese intellektuele reis vanaf Brittanje na Suid-Afrika in die 19de eeu?*
- *In watter mate was Afrikaners bewus (in die alledaagse lewe) van die Britse administrasie se "ideologie" van sosiale Darwinisme in houdings en in openbare en mediadiskoerse kort na die Anglo-Boereoorlog?*
- *Op watter wyses het die nasionalistiese sentiment onder Afrikaners op kulturele en sosio-politiese vlak ontwikkel as teenreaksie op die Britse imperiale beleid?*

Al hierdie navorsingsvrae is as navorsingsdoelwitte in die studie verken.

### 1.5 Metodologiese Navorsingsraamwerk

Hierdie verhandeling is gebaseer op primêre en sekondêre bronne om die historiese roete van die publikasie van Darwin se werke en invloed tot en met die stigting van die Nasionale Party te bestudeer. Die wyse waarop verskeie evolusionêre denkwyses binne ŉ imperiale konteks ontvang is, en die implikasies daarvan is deur ŉ noukeurige studie van kontemporêre nuusberigte, artikels, publikasies en briewe bestudeer om die intellektuele ontvangs van die

verskillende interpretasies en debatte aan te toon. Verder is ŉ aansienlike diversiteit van sekondêre bronne gebruik vir ŉ inklusiewe en analities-beskrywende benadering.[17]

Geskiedenis as dissipline het juis ontwikkel om die nodige vaardighede te bemeester om primêre en sekondêre bronne aan interne en eksterne kritiese ontleding bloot te stel, te analiseer en te interpreteer as ŉ manier om die verlede te verstaan. ŉ Aansienlike meer komplekse benadering is nodig as dit kom by die aard van die tema van hierdie verhandeling ten opsigte van brongebruik, sowel as argumentasie rakende die soort bestudering van ingesteldhede, intellektuele verwikkelinge en kulturele en historiese interpretasies. Twee totaal verskillende wêreldbeskouinge en mentaliteite word bespreek, in ŉ konteks van ŉ hoogs debatteerbare teorie, naamlik sosiale Darwinisme. Gegewe die abstrakte vorm van sulke bestuderings, en die analitiese aard van die studie, is die strewe na ŉ "totale historiese waarheid" ("*truthfullness*" of "*veracity*"),[18] ŉ bykans naïewe vooruitsig. Die waarde van hierdie historiese analise lê daarin dat dit ŉ weg baan vir ŉ groter begrip van die tydperk onder bespreking aangaande die Suid-Afrikaanse historiografie. Marwick verwys na geskiedenis as ŉ interpretasie van die verlede, waar ernstige pogings aangewend word om mite en fabel van geskiedenis te skei.[19] Dit is deel van die onderneming in hierdie studie.

Dit mag voorkom dat daar te kwistig van aanhalings uit bronne gebruik gemaak is. Dit was egter onvermydelik, omdat die verbintenis met die tydgees en gewigtige konsepte soos nasionalisme, imperialisme en sosiale Darwinisme, in die hede verstaanbaar gemaak moet word. Verder beklemtoon dit die gekose nuwe geskiedenisinvalshoek.

Kosseleck noem dat tydelike strukture van historiese ervaring deur die aard van die historiese vertelling, hulle tekstuele verteenwoordigheid en hul metodologiese samestelling saam kan werk tot nuwe invalshoeke van ŉ historiese narratief.[20] Die opskrywing, voortskrywing en herskrywing van geskiedenis is dus die kern. Opskrywing kan dien as ŉ nuutskepping, en die tydlose aard van voortskrywing gee ervaring en herskrywing kan opskrywing en voortskrywing

---

17 A. Marwick, *The nature of history*, 3rd edition, (Hampshire: Palgrave, 1989), G.G. Iggers, *Historiography in the Twentieth Century: From scientific objectivity to the postmodern challenge*, (Wesleyan University Press, 2005), A. Marwick, "Two approaches to historical study: The metaphysical (including 'Postmodernism') and the historical", *Journal of Contemporary History* 30, no.1 (1995), pp. 5-35.

18 Vergelyk met E.S. van Eeden, "Thoughts about the historiography of veracity or 'truthfulness' in understanding and teaching History in South Africa", *Yesterday&Today*, 15, July 2016, pp. 37-65.

19 A. Marwick, *The nature of history*, 3rd edition (Hampshire: Palgrave, 1989), p. 3.

20 R. Kosseleck, *The practice of conceptual history: timing history, spacing concepts*, (Stanford University Press: California, 2002), p. 56.

verfyn. Hierdie proses van verfyning help om dus uit te kom by ŉ vorm van ŉ nuwe geskiedenis, of in hierdie geval ŉ nuwe historiese raamwerk. Daarom is dit belangrik dat die tydsgees vasgestel word om die intensiteit van toesprake en diskoerse in hul oorspronklike vorm vas te pen.

Bronne-kritiek, wanneer dit op die gebied van ingesteldhede hanteer word, is totaal afhanklik van ŉ wye bestudering van literatuur, soos dagboekskrywes, briewe, koerantberigte, toesprake en publikasies van die tyd, soos ook bevorder deur die Annale geskiedskrywers en etlike ander historici voor en na hulle.[21] Taal is ŉ ander aspek binne die metodologie wat uitdagend kan wees. Historici verstaan die kompleksiteit van argaïese taalgebruik en tegniese terme wanneer dit kom by ŉ verskeidenheid primêre bronne oor ŉ lang tydperk. Dit geld veral ten opsigte van die Afrikaans-Hollandse taalgebruik in die tydperk 1902-1914 van hierdie studie.[22] Die gebruik van konsepte soos "sosiale Darwinisme", "Britse imperialisme" of "Afrikanernasionalisme" hou die gevaar van ongegronde aannames in, asook die moontlikheid om na konsepte te verwys as ŉ materialistiese realiteit.[23] Marwick meld dat dit vir gedissiplineerde historici wat hulle navorsing sorgvuldig beheer, onaanvaarbaar is om retoriek te gebruik met die bedoeling om versteekte onsekerhede of leemtes in hulle argumente bloot te lê. Met betrekking tot die integriteit van hierdie studie is daar deurentyd hierop gefokus. Hobsbawm skryf: "*Historians are professionally obliged not to get it wrong – or at least to make an effort not to*".[24] Marwick[25] en ook Tosh[26] se antwoord hierop is dat die korrekte skriftelike verwoording van geskiedenis ŉ bepaalde akkuraatheid in taalgebruik vereis. Eweso geld dit vir konsepte soos sosiale Darwinisme en koloniale imperialisme binne die besprekingsraamwerk van hierdie studie.

---

21 Iggers, *Historiography in the Twentieth Century*, p. 60. Primêre bronne is tydgenootlike bronne van die tydperk wat bestudeer word, terwyl sekondêre bronne in ŉ latere stadium geskryf is en ŉ terugblik gee op die verlede wat ondersoek word. Die primêre bronne is die "rou" materiaal, wat betekenisvoller is vir ŉ historikus, maar steeds afhanklik is van interpretasie, en die sekondêre materiaal is geskiedeniswerke soos artikels, boeke of verhandelinge.

22 A. Marwick, "Two approaches to historical study: The metaphysical (including 'Postmodernism') and the historical", *Journal of Contemporary History* 30, no.1 (1995), p. 6.

23 Marwick, "wo approaches to historical study", p. 7.

24 E. Hobsbawm, *Nations and nationalisms since 1780: Programme, myth, reality*, (Cambridge University Press: Cambridge, 2012), pp.12-13.

25 Marwick, "Two approaches to historical study", p. 10.

26 J.Tosh, "Historical awareness" in *The pursuit of history: aims, methods and new directions in the study of history*, (Routledge: New York, 2015), pp.41-42.

### 1.6 ʼn Etiese klaring rakende die studie

Hierdie studie is deur die NWU se etiese komitee BaSSREC bepaal as ʼn "geen risiko-studie". Dit is gegrond op die feit dat daar hoofsaaklik gebruik gemaak is van gepubliseerde bronne en argivale inligting wat meer as ʼn eeu oud is. Kyk die Etiese goedkeuringsnommer: NWU-00955-23-A7.

### 1.7 Die tekortkominge en waarde van die studie

Die studie is aangepak deur uitgebreide verskynsels te ondersoek, en in watter mate dit wel met die studiefokus verband hou. Dit was nie moontlik om alle historiese aspekte van Afrikanernasionalisme, Britse imperialisme of sosiale Darwinisme aan te raak nie. Argivale bronne is ook ʼn beperking weens die afwesigheid van direkte verwysings na Darwinisme en sosiale Darwinisme in die 19de en vroeg 20ste eeu.

Weens die internasionale verbintenis van sosiale Darwinisme, was daar ʼn beperking op die beskikbaarheid van bronne. Hierdie beperkinge is sover moontlik sinvol hanteer deur die gebruik van beskikbare internasionale argivalia en bronne op webtuistes. Dit het nie gebeur sonder dat nuwe probleme opgeduik het nie, soos in die geval van die gebruik van die *South African Medical Record* se publikasies wat ten tyde van die navorsingsproses beskikbaar was, maar tans by die voltooiing van hierdie studie nie meer op die einste webtuiste beskikbaar is nie. Om vir hierdie uitdagings te vergoed is ʼn wye invalshoek gevolg deur toesprake, briewe, koerantartikels en dies meer te verken. Dit het veel meer soek- en leestyd geverg, maar dit was uiteindelik al die moeite werd. Wat moontlik beskou kan word as ʼn groot beperking op die studie, is dat die klem slegs op een kultuurgroep van die tydperk val. Alhoewel ander kulture se ervarings ook vlugtig aangeraak word, is dit nie so diepgaande soos wat dit kan wees en behoort te verdien nie. Talryke studies beklemtoon die rol van Britse imperialisme in verskeie rassevraagstukke, soos dié van Chinese immigrante, die gebruik van goedkoop arbeid deur rasse wat as minderwaardig beskou was, asook die implementering van segregasiewetgewing onder Britse bewind.[27] Hierdie is ʼn historiografiese leemte waaraan meer aandag in die toekoms deur navorsers behoort gegee te word.

[27] Vir meer inligting oor die Chinese immigrante in Suid-Afrika kyk K.L. Harris, "A history of the Chinese in South Africa to 1912". PhD diss., University of South Africa, 1998.

Die vernaamste waarde van hierdie studie is om bekende historiese inhoud te hersien, maar binne ŉ heel ander ideologiese raamwerk te verwoord, om sodoende beter te kan verstaan hoe ŉ groep soos die Afrikaner gereageer het.

### 1.8 Samevatting

Die vernaamste doel met Hoofstuk Een was dus om ŉ metodologiese raamwerk en beknopte historiografiese beredenering vir die studie bekend te stel. Die gebruik en begrip van die konsep sosiale Darwinisme, soos in die navorsingstitel aangedui, is bespreek. Meer diepte hieroor is in Hoofstuk Twee ter sake. Ander konsepte soos imperialisme en nasionalisme wat met sosiale Darwinisme verband hou, is ook genoem as doelwitte wat deur die navorsingsdoelwitte in ander hoofstukke tot hulle reg sal kom. Deur die beredenering van ŉ nuwe historiese invalshoek (sosiale Darwinisme) op ŉ welbekende historiese tema in die omvattende politieke geskiedenis van Suid-Afrika (naamlik Afrikanernasionalisme) word gepoog om verdere prominensie te verleen aan die dikwels verskuilde denke en geskiedenisse van vervloë tye. Hoofstuk Twee bou op die metodologiese benaderings soos neergelê in Hoofstuk Een.

# HOOFSTUK TWEE

# ‘N LITERATUURBESKOUING VAN 19DE-EEUSE SOSIALE DARWINISME IN BRITTANJE, EN DIE MANIFESTERING DAARVAN AS DEEL VAN KOLONIALE IMPERIALISME ELDERS

## 2.1 Inleiding

In die middel tot laat 19de eeu het Darwinisme in verskeie gedaantes begin kop uitsteek. Daar was nie net in die wetenskaplike wêreld ŉ totale verandering van die wyse waarop die natuur beskou is nie, maar ook in ekonomiese, politiese en sosiale opsig. Die mens en sy rol in die natuur en die geskiedenis, en die pad vorentoe, het die brandpunt van vele besprekings geword. In hierdie tydperk het kolonialisme en imperialisme ook gemanifesteer, veral ten opsigte van Europese belangstelling in Afrika en Asië. Die verbintenis tussen Darwinistiese benaderings en kolonialistiese imperialisme in Brittanje word ondersoek, veral deur die raadpleging van destydse literatuurskrywes van wetenskaplike denkers, die ontvangs daarvan in die media, asook die menings van diegene wat hewig teen hierdie benaderings gekant was.

## 2.2 ŉ Bestudering van sosiale Darwinisme in 19de-eeuse Britse literatuur

Die gemeenskaplike aard van Darwinisme en sosiale Darwinisme kan nagegaan word deur Darwinisme te ontleed en daarna sosiale Darwinisme. Hawkins beskryf vier hoofaannames van ŉ sosiale Darwinistiese wêreldbeskouing.[1] Eerstens, dat biologiese wette die geheel van die organiese natuur, insluitend die mens, beheer. Tweedens, dat die druk van bevolkingstoename lei tot ŉ stryd om voortbestaan onder organismes in terme van die beskikbaarheid van hulpbronne. Derdens, dat diegene wat oor die nodige fisiese en geestelike eienskappe beskik, voordeel trek uit die wedywering om hulpbronne. Dié voordele kan deur oorerflikheid onder ŉ samelewing versprei. Laastens, dat die toenemende gevolge van seleksie en oorerflikheid mettertyd lei tot die ontstaan van nuwe spesies, asook die vernietiging van ander spesies.[2] Hierdie is ŉ belangrike aspek waarop die filosofie van sekere Britse imperialistiese benaderings

1 M. Hawkins, *Social Darwinism in European and American thought, 1860-1945 – Nature as model and nature as threat*, (Cambridge University Press: Cambridge, 1997), p. 31.

2 G. Clayes, “The ‘Survival of the fittest’ and the origins of Social Darwinism”, *Journal of the History of Ideas* 61, no. 2 (2000), p. 228.

soos die nuwe imperialisme geskoei was. Die doel was om ander “minderwaardige” of “swakker” rasse te hervorm, en ŉ nuwe Britse samelewing te skep: “[an] *Almost universal British belief in self-government as the ultimate political goal and end of colonial rule ... was in no way a positive commitment and is to be seen rather as an historical philosophy than as a policy*”. “[ŉ] Byna universele Britse geloof in selfregering as die uiteindelike politieke doel en einde van koloniale heerskappy ... was geensins ŉ positiewe verbintenis nie en moet as ŉ historiese filosofie eerder as ŉ beleid beskou word”,[3] aldus John Darwin.

Hierdie oorerflikheid sal aanleiding gee tot ŉ bevolking met “positiewe” gene wat spesies van organismes sal vervang wat nie oor die gene tydens die bestaanstryd beskik het nie. Hulle sal dus uitsterf, en deur die oorwinnaars vervang word om dan by die omstandighede in die bestaanstryd te kan aanpas.[4] Hierdie soort interpretasie van die natuur en die mens het dus ŉ regverdiging vir koloniale beleide gebied, en die ontwikkeling van ŉ aggressiewe en militaristiese imperialisme, wat in die laat 19de eeu onder Brittanje as “nuwe imperialisme” begin bekendstaan het.

Hawkins se indeling van Darwinisme in vier kategorieë is reeds bespreek. Volgens hom bestaan sosiale Darwinisme uit al vier bogenoemde kategorieë, maar ŉ vyfde kategorie kan bygevoeg word: wanneer bogenoemde proses beskou word as toepaslik op die mensdom, bied dit ŉ breë definisie van sosiale Darwinisme. Volgens G. Radick, is sosiale Darwinisme die oorlewing van die sterkste in menslike samelewings soos gesien in die natuur.[5] Darwin se wetenskaplike benaderings, selfs evolusionêre teorieë, het nie net betrekking op die mens se fisiese eienskappe nie, maar ook sielkundige eienskappe, wat ŉ invloed op ŉ samelewing het, soos geloof, moraliteit en waardes. Selfs ekonomiese of politiese benaderings kan hierby ingesluit word.[6] Die onderskeid tussen Darwinisme en sosiale Darwinisme kan dus saamgevat word as die basiese kenmerke van natuurlike seleksie waaruit die stryd vir oorlewing voortspruit en die oorlewing van die sterkstes na vore gebring word. Darwinisme beskou hierdie binne die verwysing van die natuur, terwyl sosiale Darwinisme hierdie konsepte beskou vanuit die

[3] J. Darwin, “Imperialism in decline? Tendencies in British Imperial Policy between the Wars” in *The Historical Journal* 23, no. 3 (1980), p. 658.

[4] P.J. Maritz, “Sosiale Darwinisme as grondliggende wêreldbeskouing tot immorele politieke leierskap in Suid-Afrika: ŉ Christelik-etiese beoordeling,” PhD- proefskrif, Noordwes-Universiteit (Suid-Afrika), 2021, p. 24.

[5] G. Radick, “Darwinism and Social Darwinism” in *The Cambridge history of modern European thought,* vol. 1 (2019), p. 279.

[6] Maritz, “Sosiale Darwinisme as grondliggende wêreldbeskouing tot immorele politieke leierskap in Suid-Afrika”, p. 24.

oogpunt van menslike ontwikkeling op politieke, kulturele, sosiale en ekonomiese vlak. Daarvolgens word die beginsels van natuurlike seleksie, stryd om oorlewing en die oorlewing van die sterkstes toegepas.[7]

Aan die ander kant kan imperialisme beskou word as ŉ soort sosiale filosofie, selfs politieke doktrine, van sekere groepe wat hulself as die oorheersende groep ag. Dit lei tot die gedwonge implementering van hulle sosiale, politieke en ekonomiese stelsels op ander. Verskeie vorme van imperialismes kom in Brittanje se politiese, sosiale en ekonomiese diskoerse voor, wat elk op ŉ ander aspek fokus. Dit sal in Hoofstuk Drie verder bespreek word. Daar is wel sekere vorme van imperialisme wat direk verband hou met evolusionêre teorieë, soos later bespreek sal word. Volgens Halliday huldig sosiale Darwinisme die beskouing dat imperialisme ŉ noodsaaklike proses is om rasse te suiwer volgens imperialistiese standaarde.[8] Hierdie beskouing het daartoe gelei dat Britse imperialiste daarop gefokus het om ander kulture in ŉ Britse samelewing met Britse ekonomiese, politieke en sosiale standaarde te assimileer, maar assimilasie deur hulle self vermy het.

J.M. MacKenzie skryf in ŉ redaksionele voorwoord die volgende oor imperialisme: *"Imperialism was more than a set of economic, political, and military phenomena. It was a habit of mind, a dominant idea that in the era of European world supremacy which had widespread intellectual, cultural and technical expressions"*. "Imperialisme was meer as ŉ stel ekonomiese, politieke en militêre verskynsels. Dit was ŉ verstandige gewoonte, ŉ oorheersende idee wat in die era van Europese wêreldoorheersing wydverspreide intellektuele, kulturele en tegniese uitdrukkings gehad het".[9] K. Schoeman wys op die belangrikheid van die patriotiese toesprake en opvoeding in die laat 19de eeu en die nagevolge daarvan op die tydperk ter sprake. Schoeman haal aan uit ŉ reeks lesings wat in 1870 deur die Engelse kunskritikus John Ruskin gelewer is. Ruskin het ŉ uitgesproke idealistiese siening van imperialisme gehuldig — dit was die Engelse se roeping en plig om hul lewensbeskouing en beskawing na die res van die wêreld te versprei (ironies genoeg terwyl hy die tema van kuns bespreek):

---

7 G. Himmelfarb, *Darwin and the Darwinian Revolution.* (W.W. Norton and Co, New York: 1968), p. 427.

8 K. Őzden and A. Doğan, "Impact of Social Darwinism on European identity", in *Journal of Academic Studies*, vol. 10, (2008), p. 99.

9 K. Schoeman, *Rekonstruksie — Die naoorlogsjare in Suid-Afrika, 1902-1905.* (Protea Boekhuis: Pretoria, 2012), p. 65, asook W.J. Reader, *'At Duty's Call': A study in obsolete patriotism.* (Manchester University Press: Manchester, 2017), p. vii.

> *And we are rich in an inheritance of honour bequeathed to us through a thousand years of noble history, which it should be our daily thirst to increase with splendid avarice, so that Englishmen, if it be a sin to covert honour, should be the most offending souls alive; will you, youths of England, make your country again a royal throne of kings...?*[10]

> "En ons het 'n ryk erfdeel van eer en agting ontvang deur 'n duisend jaar van edele geskiedenis, waarna ons daagliks gretig moet dors om op voort te bou, sodat Engelse, as dit 'n sonde sou wees om eer na te jaag, die aanstootlikste lewendige siele sal wees-; sal julle, die jeug van Engeland, julle land weer 'n koninklike troon van konings maak...?". (Eie vertaling)

Verder het Ruskin verduidelik hoe die jeug van Engeland te werk moes gaan om die hoë roeping na te kom deur kolonies so vinnig en vêr moontlik te vind, wat gevorm word deur Engeland se mees energieke en waardigste mans. So ook om beslag te lê op elke braak maar vrugbare grond waarop voet gesit word, en dat "koloniste onderrig" die hoofdoel het om Engeland se mag oor land en see te bevorder.[11] Hierdie uitlating van Ruskin is tekenend van sogenaamde "aggressiewe" en "jingo" imperialisme. Die belangrikheid van hierdie kunskritikus se stelling is dat M. Girouard daarop wys dat Milner tydens sy tyd aan die Universiteit van Oxford 'n student van Ruskin was.[12] Girouard noem ook tereg dat die grootste invloed nie juis vanuit die fokuspunt van kuns gekom het nie, maar eerder die ideale daaragter. Dit het beslis imperialistiese en patriotiese gevoelens bevorder, ook by die studente onder Ruskin se invloed.[13] Die beklemtoning van die noodsaaklikheid dat die jeug toegewyd moet wees aan Britse imperialisme wat teenwoordig was in die akademiese kringe van Oxford, kom duidelik na vore in Milner se fokus op die Afrikanerjeug en hulle hervorming na die oorlog. Milner word as een van die vurigste imperialiste van sy tyd beskou.[14]

S. Heathorn het ondersoek ingestel na die leesboeke wat in Engelse "elementêre" skole tussen 1880 en 1914 gebruik was. Die leesboeke het sekere lewenshoudings by kinders ingeprent. Hy het bevind dat daar in skoolboeke verwys is na spesifieke karaktereienskappe van die vroeë

---

10 Schoeman, *Rekonstruksie*, p. 65, J. Ruskin, *Lectures on art*, (Dodo Press: 1894), pp. 28-29, p. 16. Eie beklemtoning.

11 Ruskin, *Lectures on art*, pp. 28-29, p. 17.

12 M. Girouard, *The return to Camelot*, (New Haven: Yale University Press 1981), p. 223.

13 Girouard, *The return to Camelot*, p. 223.

14 F.A. Mouton, "A free united South Africa under the Union Jack", F.S. Malan, South Africanism and the British Empire 1895-1924", *Historia*, vol. 51, no. 1 (2006), p. 33.

Anglo-Saksers en die erfdeel wat aan die moderne Engelsman nagelaat is, sodat hulle mag "koloniseer", "beskaaf" en "geregtig is om oor ander te mag heers".[15] H.O. Arnold-Forster het in ŉ welbekende skoolteks *The Citizen Reader* geskryf dat leerders moet onthou dat hulle aan ŉ magtige nasie behoort, waarop hulle trots moet wees, en dat Brittanje in meer as net die drie eilande van Groot Brittanje en Ierland bestaan, en orals waarheen die Engelse taal uitbrei mense onder die Engelse regstelsel en vlag leef.[16]

Arnold-Forster het in 1904 sterk oortuigings gehad rakende die Afrikaners se situasie na die oorlog. Dit was vir hom belangrik dat Britse soldate wat in die Anglo-Boereoorlog geveg het, moes agterbly in Suid-Afrika om die land so gou doenlik te verengels deur ŉ groeiende Engelse bevolking. Arnold-Forster was voorsitter van die *South African Lands Settlement Commission*, en sy idee was hoofsaaklik om ŉ nuwe sosio-politieke stelsel in Suid-Afrika te vestig wat sou verseker dat die Afrikanerelement nie oorheersend sou wees nie. Hy het by Brittanje gepleit vir befondsing van Engelse soldate om na die oorlog in Suid-Afrika aan te bly.[17]

Heathorn se studie oor Britse nasionale identiteit toon aan dat sosiale Darwinisme deurlopend in Britse imperialistiese ideale kop uitgesteek het, hoewel dit toe nie as ŉ ideologie gedefinieer is nie. Heathorn self meld dat ras nie altyd gebruik was om blote biologiese eienskappe in imperialistiese konteks te verduidelik nie, maar wel kapasiteit en die verantwoordelikheid van die "Engelse ras" om oor "minderwaardige rasse" te heers. Dit is veral beklemtoon in ŉ leesstuk in *Chambers's "New Scheme" Reader's* wat deur G. Armitage-Smith geskryf is vir ŉ voorlesing aan hoër elementêre studente in 1895. Die volgende uittreksel wat Heathorn bespreek is veral sprekend van sosiale Darwinistiese neigings:

> [t]*he kind of life, religion, law, government which spreads with the English race, does not represent the highest ideals of a single Englishman, but it does represent the practical working compromise arrived at by the interaction of the ideals of all Englishmen... We do prefer then surely that the English race with its laws and customs, should spread and multiply in the earth rather than other races, and that*

15 H.O. Arnold-Forster, *The Citizen Reader*, (Cassell and Company Limited: London 1904), p.16. Sien ook S. Heathorn, "'Let us remember that we, too, are English': Constructions of citizenship and national identity in English elementary school reading books, 1880-1914", *Victorian Studies* 38, no. 3 (1995), p. 408.

16 Arnold-Forster, *The Citizen Reader*, p. 16.

17 C.K. Melby, "'Of paramount importance to our race'". H.O Arnold-Forster and the South African Soldier Settlement', *The Journal of the Historical Association* vol. 102, Issue 352 (2017), p. 600.

*it should absorb other settlers, not be absorbed by them, if they cannot exist separately side by side. Let us exert ourselves therefore to keep, to extend, to improve the kind of national life which we have preferred.*[18]

"die tipe lewe, godsdiens, wetgewing, regering wat saam met die Engelse ras versprei, verteenwoordig nie die hoogste ideale van 'n enkele Engelsman nie, maar dit verteenwoordig die praktiese werkende kompromie wat bereik word deur die interaksie van die ideale van alle Engelse ... Ons verkies dan sekerlik dat die Engelse ras met sy wette en tradisies oor die aarde moet versprei en toeneem eerder as ander rasse, en dat dit ander setlaars moet absorbeer, en nie deur hulle geabsorbeer moet word nie, indien hulle nie afsonderlik langs mekaar kan bestaan nie. Kom ons streef daarna om die tipe nasionale lewe wat ons verkies het, vol te hou, uit te brei en te verbeter". (Eie vertaling)

Armitage-Smith raak die teorie van oorlewing van die sterkstes aan binne 'n rasse(kulturele) konteks deur te noem dat die Engelse ras eerder moet vermeerder op aarde as ander rasse. Heathorn bespreek veral die rasse-eienskappe wat in die ideaal van imperialiste gedien het as regverdiging vir imperiale uitbreiding; dit is voorts gesien as onvermydelik en nodig vir die imperiale doel. H. E. Malden skryf in 1894 soortgelyke sieninge oor die imperiale doel:

*The Englishman was not only 'specially fitted to explore and to colonize, and to direct the efforts of nations who are less civilized than themselves,' such activity was actually necessary if the English were not to lose their characteristic vigor. Expansion and colonization were thought to keep us healthy and active in mind, it increases our self-respect and conduces to public morality, it prevents us from becoming narrow minded and self-seeking, and from sinking into that slough of idleness and vice which is the sure receptacle of the lazy - as every Englishman must feel in some degree the dignity of the responsibility which attaches to him.*[19]

"Die Engelsman was nie net 'spesiaal toegerus om te verken en te koloniseer nie, en om die pogings van nasies te rig wat minder beskaafd as hulle is nie'. Sodanige

18 Heathorn, "*Let us remember*", p. 409.
19 Heathorn, "*Let us remember*", p. 409.

optredes was inderwaarheid noodsaaklik as die Engelse nie hul kenmerkende daadkrag wou verloor nie. Daar is geglo dat uitbreiding en kolonisering ons geestelik gesond en aktief hou, dit verhoog ons selfrespek en dra by tot openbare moraliteit; dit verhoed ons om bekrompe en selfsugtig te word, en om te versink in die slyk van ledigheid en ondeug wat sekerlik die toestand van die gemaksugtige is – aangesien elke Engelsman in ŉ mate die waardigheid van hierdie verantwoordelikheid moet ervaar waaraan hy gebonde is". (Eie vertaling).

Uitsprake soos die bogenoemde het nie allerweë dieselfde entoesiasme geniet nie. In daardie tyd was die Afrikaners besig om vir hulle vryheid te veg, en het geleidelik na die oorlog van die slagveld, konsentrasiekampe of krygsgevangenekampe na verwoeste huise en plase teruggekeer. Schoeman verduidelik dat die Engelse nie net ŉ sterk behoefte gehad het om ander volke om politiese of ekonomiese redes te oorheers nie, maar hulle het dit veral beklemtoon dat "opheffing" en verengelsing ook ŉ morele verpligting was, veral in die rekonstruksietydperk in Suid-Afrika.[20] Dit is dan nodig om te verstaan dat dit die houding en ingesteldheid was waarmee die verslane Afrikaner gekonfronteer is. Die implikasie is dus dat daar van die Afrikaner verwag was om bykans onmiddellik na afloop van die oorlog dieselfde gees te ontwikkel rakende imperialisme en versoening. In hierdie opsig het die Afrikaner die Britte egter teleurgestel, wat met "verbasing, verontwaardiging en volkome onbegrip" begroet is.[21]

Marks verduidelik vervolgens Brittanje se rol in die oorlog. Sy noem dat as die oorlog net deur koloniale selfbeskikking gemotiveer was, dit ook ŉ oorlog vir die oorlewing van die samelewing van setlaars in Suider-Afrika was, asook vir die geloofwaardigheid en reputasie van die Britse Ryk.[22] Van der Bank is van mening dat die naoorlogse Britse administrasie en beleid in die post-1902-Milner-regeringstyd daartoe bygedra het om ŉ strewe na selfbehoud en oorlewing by die Afrikaner te skep, wat uiteindelik tot ŉ nasionale herontwaking sou lei.[23] Ewenwel sou geredeneer kon word dat Milner bloot ŉ produk van sy tyd was wanneer dit kom by sy sosiale Darwinistiese sienings van die Afrikaner. Volgens Milner was die Afrikaner "onbeskaafde

---

20 Schoeman, *Rekonstruksie*, p. 69.

21 Schoeman, *Rekonstruksie*, p. 69.

22 S. Marks, "War and Union, 1899-1910" in *The Cambridge History of South Africa vol. 2, 1885-1994*. (Cambridge: Cambridge University Press, 2011), p. 157.

23 D.A. van der Bank, "Die Orangia Unie as volksvereniging en politieke party, 1906-1912: 1: Inleiding" in *Navorsinge van die Nasionale Museum: Researches of the National Museum*, vol. 10, no.9 (1994), p. 357.

Afrikanerbarbare" wat uiters streng hanteer moet word aldus Hexham.[24] 'n Onderskeid moet getref word tussen blatante uitbeelding van Britse mag oorsee, wat imperialisme is, en die bewerings van Britse invloede deur rolspelers wie se verwantskap met hulle nuwe lande van vestiging vermeng word met hul sin van "huis", wat kolonialisme is.[25] Vandag word die terme kolonialisme en imperialisme oor dieselfde kam geskeer, maar in die historiese konteks van setlaarnasionalisme het dit verskillende betekenisse gehad.

Ritchie fokus op die *Theory of Natural Selection* en hoe dit in die menslike samelewing toegepas kan word, en dat dit nie die politiese dogma van *laissez-faire* verander nie. Hy voer verder aan dat die teorie van natuurlike seleksie toegepas kan word op die intellektuele, morele en sosiale ontwikkeling van die mens.[26] Die idee van natuurlike seleksie en die vrye interpretasie daarvan op die mens deur veral hervormings- en welsynsbeleide, is deur die bevindinge van H. Spencer gevolg. Die spesifieke fokus was op die uitwerking daarvan om sosiale agteruitgang onder Britse laer klasse te voorkom. Daar is gefokus op bevolkingsuitbreiding en armoede en nie op opheffing van die laer klasse nie:

> *If ruinous deterioration and other more evils are to be avoided, the race must still to be swift and the battle to be strong. The healthy Individualism so earnestly championed by Mr. Spencer must be allowed free play.*[27]
>
> "As verwoestende agteruitgang en ander meer onmiddellike euwels vermy moet word, moet die wedloop steeds vinnig wees en die stryd heftig. Die gesonde individualisme wat so ernstig deur mnr. Spencer bepleit word, moet vrylik toegelaat word". (Eie vertaling).

Ritchie verduidelik wel die aanvanklike problematiese aanvaarding van natuurlike seleksie deur Britse politici Hy noem dat diegene wat natuurlike seleksie in sy oorspronklike teoretiese vorm aanvaar het, (Hawkins se verduideliking) waarvolgens die swakkeres deur die stryd van sogenaamde bevolkings uitgewis moes word, dan korrek in hulle aanname sou wees dat dit die terugkeer van die menslike ras na barbarisme sou verhoed. Volgens hierdie aanname sal die "beskaafde" of "oorwinnaar-samelewings" mettertyd in die toekoms opgehef word tot die

---

[24] I. Hexham, *The irony of Apartheid: The struggle for national independence of Afrikaner Calvinism against British imperialism*, (New York: Edwin Mellen Press, 1981), p. 18.

[25] Dubow, "How British was the world? The case of South Africa", p. 7.

[26] D.G. Ritchie, *Darwinism and Politics*, (Swan Sonnenschein & Co, London: 1891), p. iv.

[27] Ritchie, *Darwinism and Politics*, p. v.

meerderheid van die bevolking, wat in teorie die vermindering van armoede en laer klasse sou uitwis. Ritchie verwerp hierdie eng aanname en noem dat sogenaamde evolusionêre politieke leiers juis hierdie vorm teenstaan, omdat natuurlike seleksie eers duidelik omskryf moet word voordat dit op praktiese politiek toegepas kon word.[28]

### 2.3 Die konseptualisering van sosiale Darwinisme en koloniale imperialisme

In Darwin se outobiografie van 1969, geskryf deur sy kleindogter, meld sy in die inleiding dat Darwin sedert die publikasie van *Origins of species* in die middel van die 19de eeu steeds die leidende figuur van die revolusionêre invloed op wetenskaplike gedagtes is. Dit was ŉ revolusie wat alle betrokke kennisvelde vinnig betrek en oorweldig het, selfs 70 jaar na Darwin se afsterwe ten tyde van haar skrywe.[29] Die verwysing na ŉ revolusie kan beskou word as ŉ Darwinistiese revolusie, gegewe die feit dat baie kennisvelde daarby betrokke was, en beslis ŉ nuwe lig op die mens gewerp het as wat daar voor Darwin se werke was. Hierdie Darwinistiese revolusie sou dus ŉ ingrypende rol speel in die interpretasie, toepassing en groei van Darwinisme in sosiologiese, politieke en ekonomiese gesigspunte.

Hesketh vra veral die kritiese vraag vir die historikus af as dit kom by die effektiwiteit en intensiteit waarmee Darwin en Darwinisme in Britse idees en verskille rakende evolusie en sosiale teorieë ontmoet het rakende die toepassing daarvan op menslike wetenskaplike studies, soos sosiologie. Hy noem die idee van ŉ "Darwinistiese revolusie" in onlangse historiografiese werke, wat sin probeer maak van die wyse waarop Darwin se werke in omgewings ontvang is waar sosiologiese, politiese en ekonomiese gesigspunte prominent was. Dit is noodsaaklik om uit te wys dat Darwinisme moeilik is om te definieer, veral in ŉ historiese konteks en hierdie studie sal fokus op hoe dit deur die betrokke tyd en plek beskou is. Hesketh fokus veral op die idee dat ŉ Darwinistiese revolusie ontketen is binne ŉ spesifieke historiese begrip van veral wetenskap. Hierdie begrip van wetenskap was verbonde aan dieselfde narratief waarin Darwin se *Origins of species* gepubliseer is, wat ŉ betekenisvolle bydrae gemaak het tot die wyse waarop die boek deur die publiek ontvang is, asook vroeë historiese narratiewe rakende

---

28 Richie, *Darwinism and Politics*, p. vi.

29 N. Barlow, *The autobiography of Charles Darwin - 1809-1882*, (W.W. Norton & Company Inc, New York: 1969), p. 11 "He still stands as the leading figure of that revolution in scientific thought which followed the publication of the Origins of Species in the middle of the 19th century, a revolution soon involving all realms of knowledge".

evolusie. Hesketh verduidelik dat hierdie narratiewe ŉ produk van evolusie se "geskape verlede" is.[30] Die verwysing na ŉ geskape verlede impliseer dat dit van belang is om die destydse vertolking van evolusionêre wetenskaplike debatte, asook sosiale verhoudinge in ag te neem wanneer die invloed van Darwin se werke bestudeer word. Die geskape verlede kan gesien word in die verskillende interpretasies van Darwin se werke. Die wyse van interpretasies, en sekere van die nagevolge van die intellektuele verwringing van Darwin se teorieë, word vervolgens verduidelik.

### 2.3.1 Charles Darwin se idees intellektueel verewig en verwring

Charles Darwin is in 1809 in ŉ welgestelde gesin gebore wat reeds in wetenskaplike en akademiese kringe gevestig was. Darwin sou later ŉ onherroeplike verandering in wetenskaplike teorieë nalaat deur sy werke oor die teorie van evolusie. Hoewel Darwin se bevindinge nie net geëindig het by evolusie nie, was hy ook betrokke by vele wetenskaplike ontdekkings, veral rakende die Galapagos-eilande. Sy tyd in Galapagos het sy liefde vir natuurwetenskap aangewakker, en het deurentyd ŉ rol in sy latere sienings en werke gespeel.[31] Darwin het aan die Universiteite van Edinburgh en Cambridge studeer en later aan Cambridge Universiteit, en het daar by insiggewende naturalistiese debatte, soos die van Thomas Malthus betrokke geraak, wat later ŉ belangrike rol gespeel het in Darwin se begrip van natuurlike seleksie gespeel het. Darwin se bydrae tot evolusionêre teorieë het die weg vir ŉ nuwe begrip van die wêreld, asook die mens se plek daarin gebaan. Darwin se evolusieteorie en die mens se ontwikkeling van ŉ gesamentlike voorvader af, het in talle kringe ondersteuning, maar ook sterk kritiek ontvang. Sonder twyfel het Darwin se idees rakende evolusie vandag nog ŉ sterk invloed op die wetenskap. Die feit dat Darwin se idees ook deur talle interpretasies verdraai is, ŉ aspek waarop hierdie studie fokus, is onvermydelik deel van sy groot wetenskaplike nalatenskap.[32]

30 I. Hesketh, ed. *Imagining the Darwinian revolution: historical narratives of evolution from the nineteenth century to the present*, (University of Pittsburgh Press: Pittsburgh, 2022), p. 23.

31 N. Barlow, *The autobiography of Charles Darwin – 1809-1882*, pp. 71 – 82.

32 In 1869 skryf Darwin aan ŉ Duitse ekonoom, Hugo Thiel, oor die moontlikheid van ekonomiese toepassings van Darwinisme: "You will readily believe how much interested I am in observing that you apply to moral and social questions analogous views to those which I have used in regard to the modification of species. It did not occur to me formerly that my views could be extended to such widely different, and most important subjects." in R. Weikart, "A Recently Discovered Darwin Letter on Social Darwinism" *Isis*, Vol. 86, No. 4 (December, 1995), p. 609.

## 2.4 Sosiale Darwinisme en koloniale imperialisme as bedmaats?

Die verhouding tussen sosiale Darwinisme en Britse imperialisme is verweef met die idee van "Mag is feilloos". Hayes het byvoorbeeld reeds in 1941 aangevoer dat die Darwin-beskouing en -filosofie tydloos is.[33] Die tydperk van Darwinisme se opkoms speel ŉ sentrale rol in die toepassing van imperialisme in Suid-Afrika, veral rakende die verowering van die Republiek Transvaal en die Oranje-Vrystaat. Darwinisme het in die mid-Victoriaanse, 1850-1870, tydperk ontstaan en is vinnig tot ŉ gewilde sosiale teorie aangepas. Die kompleksiteit van die ontwikkeling hiervan as sosiale teorie moet binne die raamwerk van Brittanje se ontwikkelende industriële samelewing en die invloed van die Verligtingstydperk op wetenskaplike teorieë en bevindinge beskou word. Die mid-Victoriaanse samelewing het die konsep van die bestaanstryd met pseudowetenskaplike en ekonomiese wedywering geassosieer. Dit wil sê dat Darwinisme soos dit vandag bekend staan, as individuele Darwinisme beskou was, gegewe die idee dat die teorie oor die bestaanstryd tussen individue in die samelewing handel, meestal van toepassing op diere en plante binne hierdie konteks. Dit is van kernbelang om te kan verstaan hoe die term Darwinisme dus mettertyd verander het om by imperialistiese ideale aan te pas, en waarom ŉ meer standvastige definisie van Darwinisme noodsaaklik was. Die mentaliteit van individuele Darwinisme was oënskynlik op die idee van die stryd tussen nasies toegepas, wat gevolglik gesien kan word as kollektiewe Darwinisme.[34] Kollektiewe Darwinisme was as vordering wat gebaseer was op ŉ nasiestryd beskou, en dit is ook volgens Byrd die Darwinistiese teorie wat met imperialistiese sentimente toegepas kon word, siende dat koloniale beleide in die laat 19de eeu aansienlik meer internasionaal geword het danksy die Berlynse konferensie van 1884.[35]

Die aanvanklike ongemak oor hoe om imperialisme deur sosiale Darwinisme te benader, en of sosiale Darwinisme ŉ regverdiging vir imperialisme tydens die 19de eeu was, kan verduidelik word deur die uitgangspunt van die Benthamitiese sosiale skool. Die ekonoom Jeremy Bentham het in sy verwysingsraamwerk idees van die wetenskaplike rasionalisme van die Verligtingstydperk met klassieke ekonomiese teorieë verbind.[36] Die rasionalisme waarna hy

---

33 C.J.H. Hayes. *A generation of materialism, 1871-1900*, (New York, 1941), p. 12.

34 R.H. Byrd, "Social Darwinism and British Imperialism, 1870-1900." PhD diss., Texas Tech University, 1971, p. 2.

35 Byrd, "Social Darwinism and British Imperialism, 1870-1900", p.10.

36 Sien Crane Brinton, *English political thought in the Nineteenth Century*, (New York, 1962), pp. 15-24 vir ŉ indieptebeskrywing van Benthamisme. Die verhouding tussen Benthamitiese politiese toepassing en evolusionêre sosiale teorieë word ook bespreek in *Liverpool Daily Post* – Woensdag 09 Desember 1903, p. 7, te vinde op https://www.britishnewspaperarchive.co.uk/viewer/BL/0000647/19031209/189/0007?browse=true

verwys het, is die idee dat die individu as die totale realiteit gesien moes word. Polities gesproke het Bentham se rasionalisme twee hoofgedagtes ondersteun: eerstens die konsep van die grootste geluk van die grootste aantal mense, en tweedens laissez-faire[37] as ekonomiese benadering. Byrd beskryf dit as ŉ sosiale teorie — siende dat elke individu die beste beoordelaar van sy eie geluk is, is dit sy sosiale verantwoordelikheid om sy eie egosentriese belange te vind. Wanneer sommige individue geluk op irrasionele maniere vind, word dit problematies, aangesien dit die algehele geluk van die gemeenskap beïnvloed. Vervolgens moet die regering dus met welsynsbeleide intree. Die filosofiese basis waarop die ingryping van die regering geregverdig word, is geskoei op die konsep van demokrasie, dit wil sê die regering moet die belange van die gemeenskap identifiseer, siende dat die meerderheid die verteenwoordigers van die gemeenskap verkies.[38] Dit is slegs van toepassing op die sosiale aspekte van die gemeenskap. Ekonomies gesproke was daar van die regering verwag om *laissez-faire*-beleide te implementeer sodat individue in die samelewing ŉ regverdige aandeel in die produk van die arbeid van die samelewing kon kry. Soos wat Britse imperialistiese beleide (byvoorbeeld dié van heerskappy oor ander kolonies), by die neiging tot nuwe imperialisme aangepas het, het dit wel ŉ grys area geword.

Die klassieke ekonome as ondersteuners van die Bentham-teorie se implementering hiervan verwys na ŉ ideologie as synde ŉ spontane meganisme vir wedywering, of meer bekend as *laissez-faire*-wedywering. Dit sluit die natuurlike oorloop van oorbevolkte lande na minder bevolkte lande in terme van wedywering in, soos geregverdig deur koloniale uitbreiding.[39] Volgens hierdie benadering was dit die regering se verantwoordelikheid om enige hindernis in die samelewing te verwyder wat kan inmeng met die proses van ekonomiese wedywering.

So het ekonoom Walter Bagehot in 1899 byvoorbeeld ŉ verband probeer aantoon tussen natuurlike seleksie en Bentham se individualisme om die regering van ŉ nasie te beredeneer. Twee stappe was glo onomstootlik nodig, te wete i) die vestiging en handhawing van ŉ gewoontetradisie (oftewel "*cake of custom*" — aldus Bagehot). Om gewoontetradisies vas te

37 T.R. Malthus, *An essay on the principle of population*, the 1803 edition, (Yale University Press, London: 2018), p. 297. Malthus bespreek sy beginsel van die grootste geluk (gemeet in sukses) van die grootste aantal mense.

38 C. Brinton. *English political thought in the Ninenteenth Century*, D.C. Somervell, *English thought in the Nineteenth Century*, (2nd version London: 1929), pp. 42-45.

39 Byrd, "Social Darwinism and British imperialism, 1870-1900.", p. 4.

pen was ŉ sterk vorm van militaristiese magsuitoefening nodig; en ii) die ontwikkeling van ŉ vorm van demokrasie met nasiebou as grondgedagte.[40]

Die algemene Victoriaanse politici en Jan Alleman het hierdie soort sosiale teorie, soos ook dié van Spencer, Malthus en Darwin, en gevorm deur klassieke ekonome, as natuurwette beskou wat nie inmenging verduur nie, aangesien dit glo rampspoedige nagevolge sou inhou. Vanuit ŉ industrieel-gerigte ekonomiese tydgees, was begrip vir hierdie soort sosiale teorieë as nodig beskou vir die ontwikkeling en invloed op sosiologiese en welsynsbeleide in 19de-eeuse Brittanje. Dit het later ŉ invloed gehad op die ontwikkeling van evolusionêre teorieë wat op gekoloniseerde samelewings toegepas was, veral met betrekking tot imperialistiese idees en beleide in die daaropvolgende tyd in die destydse Brittanje. Dit was juis een van hierdie klassieke ekonome se werke en sosiale teorieë wat Charles Darwin beïnvloed het in sy ontwikkeling van die konsep van natuurlike seleksie.[41] Robert Malthus se studie, *Principle of population*, wat *laissez-faire* geregverdig het met twee veronderstellings, is een hiervan. Die eerste beginsel of veronderstelling is dat ŉ bevolking teen ŉ geometriese koers groei wanneer dit nie beheer word nie, en die tweede beginsel is dat die voedsel en ander hulpbronne vir die mens teen ŉ a-ritmiese koers groei.[42] Dit dui op die feit dat as die bevolking nie binne die perke van die beskikbaarheid van voedsel beheer word nie, die mens met die natuur asook teen hulle medemens sou moes kompeteer.[43]

Malthus was ŉ ekonoom wat die beginsel van die stryd om oorlewing in die menslike samelewing bespreek het, veral wanneer dit wedywering raak.[44] Dit moet in ag geneem word dat Malthus se kommentaar op politiese beleide gewigtig was in die tydgees. Polities gesproke het Malthus geredeneer dat wetgewing wat die algehele omstandighede van die armes verbeter, die bevolkingsgroei sal laat toeneem — teen so ŉ tempo dat voedselbeskikbaarheid in die gedrang sou kom. Daardeur sou wetgewing slegs die ondergang van laer klasse verseker.[45] Dit het by implikasie beteken dat *laissez-faire* die voordeligste beleid vir die regering sou wees, met die minimum maatskaplike welsynsbeleide. Die beginsel van die oorlewing van die sterkstes sou dus geld. Alhoewel dit in ŉ sosiale klassestelsel beskryf word, is dit moontlik om die

---

40 W. Bagehot, *Physics and politics or thoughts on the application of the "Principles of natural selection" and "Inheritance" to political society, Vol.12*, (Colonial Press, 1899), pp. 27-29.

41 G. Himmelfarb, *Darwin and the Darwinian Revolution*, (W.W. Norton Library, New York: 1968), p. 159.

42 Malthus. *An essay on the principle of population*, p.18.

43 Malthus, *An essay on the principle of population*, pp.47-48.

44 Himmelfarb, *Darwin and the Darwinian revolution*, p. 159.

45 Malthus, *An essay on the principle of population*, pp. 83-88.

implikasie van kulturele kompetisie se uitwerking hierop te sien, veral wanneer koloniale magte die meeste van die inheemse inwoners van hulle kolonies as laer klasse en onontwikkelde groepe beskou het. As Malthus se benadering as internasionale beleide gebruik sou word, sou die rol wat laer klasse in die *laissez-faire*-stelsel gespeel het, dus na 'n bestaanstryd tussen ander kulture wat ook aan *laissez-faire*-standaarde onderhewig is, verander het.

Die bestaanstryd van die sterkstes sonder enige ingryping kon dan ook die uitwerking gehad het dat 'n kultuur wat tegnologies ontwikkel het, 'n primitiewe kultuur na hartelus kan uitroei en oorwin. Dit was die situasie wat tydens imperialisme geheers het. G. McConnaughey verduidelik dat imperialisme en dogmatiese rassisme in biologiese taal verander het. Sy haal 'n skrywe van J. Strong aan wat beklemtoon hoe die wêreld in die 19de eeu 'n sogenaamde nuwe hoofstuk van geskiedenis inlui: "... die finale wedywering van rasse waarvoor die Anglo-Saksiese ras voorberei word" en dat "hierdie magtige ras deur Sentrale en Suid-Amerika sal beweeg, oor na die eilande toe, oor na Afrika en verder" en dat hierdie wedywering ongetwyfeld 'n resultaat is van die "oorlewing van die sterkstes".[46] Charles Darwin het homself ook oor ekstreme *laissez-faire* in *The descent of man* uitgelaat:

> *With <u>savages, the weak in body or mind are soon eliminated</u>, and those that survive commonly exhibit a vigorous state of health. <u>We civilised men</u>, on the other hand, do our utmost to check the process of elimination, we build asylums for the imbecile, the maimed, and the sick, we institute poor-laws, and our medical men exert their utmost skill to save the life of everyone to the last moment ... Thus, the weak members of civilised societies propagate their kind. No one who has attended to the breeding of domestic animals will doubt that this must be highly injurious to the race of man. It is surprising how soon a want of care, or care wrongly directed, leads to the degeneration of a domestic race, but expecting in the case of man himself, hardly anyone is so ignorant as to allow his worst animals to breed.*[47]

46 G. McConnaughey, "Darwin and Social Darwinism" *Osiris,* vol. 9 (1950), p. 398. Strong se skrywe is te sien in J. Strong, *Our country: Its possible future and its present crisis*. (Baker & Taylor Company: 1891), p. 170.

47 C. Darwin, *The descent of man: and selection in relation to sex*. (John Murray: Albemarle Street, 1888), p. 501, eie beklemtoning, binne die konteks van die feit dat Britse imperialiste Brittanje beskou het as die enigste gevorderde land wat geregverdig is om oor ander te regeer, soos verduidelik in P. Crook, "Social Darwinism and British "New Imperialism": Second Thoughts", in *The European Legacy: Toward New Paradigms*, vol. 3, no. 1 (1998), p. 2.

> "Met barbare word die swakkes in liggaam of gees gou uitgeskakel, en diegene wat oorleef vertoon gewoonlik ŉ sterk gesondheidstoestand. Ons as beskaafde mense, aan die ander kant, doen ons bes om die proses van eliminasie te beheer, ons bou asiele vir die imbesiele, die verminktes en die siekes, ons stel welsynswette in, en ons medici span hulle uiterste vaardighede in om die lewe van almal tot op die laaste oomblik te red... So, die swak lede van beskaafde samelewings plant hulle eie soort voort. Niemand wat oor kennis van die aanteel van huisdiere beskik, sal twyfel dat dit hoogs skadelik vir die mensdom moet wees nie. Dit is verbasend hoe gou ŉ gebrek aan sorg, of versorging wat verkeerd aangewend word, tot die degenerasie van 'n huishoudelike ras aanleiding gee, maar in die geval van die mens self, is byna niemand so onkundig om sy swakste diere toe te laat om aan te teel nie". (Eie vertaling).

Die betekenis van Darwin se stelling is nie net bloot op die impak van sy studie nie, maar ook om sy rol in die ontwikkeling van die term sosiale Darwinisme soos dit vandag gebruik word te beklemtoon. Charles Darwin het erken dat dit Malthus se proefskrif was wat hom beïnvloed het om sy leerstelling van natuurlike seleksie te formuleer.[48] Byrd maak ŉ onderskeid tussen die Darwinistiese en Benthamitiese benadering tot wedywering. Volgens die Darwinistiese benadering is wedywering ŉ aanhoudende stryd om oorlewing en die swakste sterf, maar volgens die Benthamitiese benadering word die swakstes nie uitgeskakel nie.[49] Byrd noem dat Darwinisme volgens hom (maar sosiale Darwinisme volgens die raamwerk van die studie) met ŉ ekonomiese stryd vergelyk kan word, dit wil sê ŉ klassestryd. Dit behels ook ŉ stryd om op internasionale vlak die sterkste ekonomie te behou, om die bestaanstryd ook op ekonomiese vlak te oorleef. Hierdie ekonomiese oorlewing was dus van belang veral as dit kom by die opheffing van armoede. Britse Liberaliste het wel in sosiale Darwinisme ŉ bevestiging van die leerstelling van voortuitgang gesien.[50] Darwin het ook nie net op ekonomiese groei gefokus nie, maar ook op die rol van oorlog as deel van die natuurlike proses van menslike ontwikkeling. Volgens Darwin is ŉ kort oorlog voordelig, want dit versterk die sosiale en morele waardes van

---

48 C. Darwin. *Autobiography of Charles Darwin,* (Charles River Editors, 2018), p. 120 skryf hy die volgende: "In October 1838, that is, fifteen months after I had begun my systematic enquiry, I happened to read for amusement Malthus on Population, and being well prepared to appreciate the struggle for existence which everywhere goes on from long-continued observation of the habits of animals and plants, it at once struck me that under these circumstances favourable variations would tend to be preserved, and unfavorable ones to be destroyed. The result of this would be the formation of a new species. Here, then, I had at last got a theory by which to work."

49 Byrd, "Social Darwinism and British imperialism", 1870-1900", p. 8.

50 Byrd, "Social Darwinism and British imperialism", 1870-1900", p. 9.

ʼn nasie. Daarenteen is ʼn uitgerekte oorlog nadelig, want baie van diegene wat fisiese sterk is, word uitgewis en die swakkelinge van ʼn nasie wat tuis bly, sal oorleef en vermeerder. Daardeur word die opheffing van ʼn nasie benadeel. Darwin het ook verder gegaan en genoem dat natuurlike seleksie meestal tussen individue in ʼn ontwikkelde samelewing plaasvind, en nie tussen nasies nie. Natuurlike seleksie sal tussen ontwikkelde en onontwikkelde nasies plaasvind en dit beteken dat ontwikkelde nasies barbaarse en onontwikkelde samelewings sal uitwis en vervang.[51] Uitwissing dui nie net op volksmoord nie, maar ook die uitwissing van sosiale en morele waardes van kleiner oorwonne nasies om aan te pas en by die sterker nasies in te skakel en te oorleef. Hierdie soort beleid was veral van toepassing op Britse imperialisme. Volgens Byrd moes imperialistiese sentimente aangepas word voordat kollektiewe Darwinisme daarmee verbind kon word. Teen die einde van die 19de eeu was die politieke en ekonomiese klimaat besig om te verander om aan te pas by die toepassing van Darwinisme op imperiale teorieë.[52] Dit kan verduidelik word deur die bestudering van ʼn nuwe vorm van Britse imperialisme, wat vervolgens ondersoek sal word.

Hobson verduidelik hoe die stellings vanuit ʼn imperialistiese agtergrond beskou is en hoe sosiale Darwinisme daarop toegepas is. Wetenskaplikes, veral sosioloë, is destyds deur die sterk houvas van biologiese konsepte beïnvloed, veral evolusionêre teorieë. Na die Verligtingstydperk is wetenskaplike teorieë, veral ten opsigte van die ontwikkelingswyses in ander areas van die natuurlike wêreld toegepas; dit is beskou as ʼn natuurlike deel van menslike ontwikkeling.[53] Hobson meld dat sosioloë veral hierdie benadering onderskryf het, en selfs die toepassing daarvan verdedig het om die algehele oorwinning of selfs uitwissing van fisiese bestaanstryde tussen rasse en verskillende samelewings te regverdig. ʼn Voortdurende bestaanstryd tussen ander nasies of rasse is dus nodig vir die voortbestaan en ontwikkeling van ʼn nasie.[54] Von Hellwald het in 1875 dieselfde siening gehuldig:

> *Just as in nature the struggle for existence is the moving principle of evolution and perfection, so also in world history the destruction of the weaker nations through the stronger is a postulate of progress.* [55]

---

51 C. Darwin, *The descent of man*, pp. 509-521.
52 Byrd, "Social Darwinism and British Imperialism, 1870-1900", p. 26.
53 J.A. Hobson, *Imperialism: A Study*. 3rd ed, (London: Unwin Hyman, 1938), p. 153.
54 Hobson, *Imperialism*, p. 154.
55 F. von Hellwald, *Culturgeschichte in ihrer naturlichen Entwickling Gegenwart*, (Augsburg, 1875), pp. 796-98.

> "Net soos in die natuur die stryd om bestaan die veranderende beginsel van evolusie en volmaaktheid is, so is ook in die wêreldgeskiedenis die vernietiging van die swakkere nasies deur die sterkere 'n veronderstelling van vooruitgang". (Eie vertaling).

Die siening dat dit vir ŉ ontwikkelende mensdom nodig was om selektiewe en verwoestende oorloë te voer wat verskillende samelewings se kragte en potensiële vermoëns na vore sou bring, was ook in omloop.[56] Dit was dan nodig dat die wêreld sover moontlik beheer en ontwikkel moet word deur rasse wat die taak die beste kon uitvoer, dit wil sê, dié wat oor die hoogste vorm van "sosiale bevoegdheid" beskik. Hobson meld dat dit beskou is as die grootse morele dryfveer vir Britse imperialisme waarvolgens die vertroue in ŉ "goddelike reg". Hierdie geloof in ŉ "goddelike reg" van mag hoofsaaklik verantwoordelik was vir die transmutasie van ŉ natuurhistoriese wet na ŉ morele entoesiasme.[57]

Die Duitse wetenskaplike E.H. Ziegler het die teorie só geïnterpreteer: "Volgens Darwin se teorie was oorloë nog altyd belangrik vir die algehele ontwikkeling van die menslike spesie... die fisies swakkere, die minder intelligente, die morele laer mense *moet* plek gee vir die sterker en beter ontwikkeldes".[58] Ewenwel kan geredeneer word dat die Darwinistiese revolusie direk verband hou met die aggressiewe wyse waarop Afrika deur Europese magte gekoloniseer is. Die groot vraag lê wel by die wyse waarop die definisie van Britse imperialisme verander het om evolusionêre teorieë as imperiale beleid toe te pas.

Die uitwerking van sosiale Darwinisme op verskillende kulture en op die nodige karaktereienskappe om totale heerskappy oor ander kulture te regverdig, selfs af te dwing, is ŉ fokuspunt van die teorie se invloed op Britse imperialistiese wêreldbeskouings. Halliday skryf dat sosiale Darwinisme imperialisme by implikasie as ŉ noodsaaklike proses beskou het om rasse volgens imperialistiese standaarde te suiwer.[59] Dit is veral teenwoordig in die wyse waarop Britse imperialiste daarop gefokus het om ander kulture in ŉ Britse samelewingspatroon te assimileer en om ten alle koste te vermy om self geassimileer te word. Volgens Durant het

---

56 Hobson, *Imperialism*, p. 154.

57 Hobson, *Imperialism*, p. 157, "Hierdie geloof in ŉ 'goddelike reg' van mag is primêr verantwoordelik vir die transmutasie van ŉ natuurhistoriese wet na ŉ morele entoesiasme".

58 R. Weikart, "The origins of Social Darwinism in Germany, 1859-1895." *Journal of the History of Ideas* 54, no. 3 (1993), p. 481, eie beklemtoning. E.H. Ziegler, *Naturwissenschaft und die Socialdemoktratische Theorie*, (Verlag von Ferdinand Enke, Stuttgart: 1893), pp. 167-168.

59 K. Őzden and A. Doğan, "Impact of Social Darwinism on European identity", in *Journal of Academic Studies* 10, (2008), p. 99.

Darwin se evolusionêre skrywes ruimte gelaat vir baie verskillende interpretasies en dit is deur verskeie intellektuele en vry denkrigtings gebruik, soos vir die regverdiging van imperialisme. Dit het die betekenis en erns van sosiale Darwinistiese debatte regverdig, en nie Darwin se oorspronklike doelwitte of interne motivering nie.[60] Bowler is van mening dat:

> *It is impossible to see social Darwinism as a simple and obvious application of the Darwinian theory to man. Links between biology and social thought could be established in many different ways, and in each case one aspect of the scientific theory was chosen to be stressed.*[61]

> "Dit is onmoontlik om sosiale Darwinisme as ŉ eenvoudige en ooglopende toepassing van die Darwinistiese teorie op die mens te sien. Verbande tussen biologie en sosiale denke kon op baie verskillende maniere vasgestel word, en in elke geval is een aspek van die wetenskaplike teorie gekies om beklemtoon te word". (Eie vertaling).

Weindling ondersteun hierdie stelling. Hy kritiseer die oorweldigende fokus op slegs die natuurlike seleksie, want dis slegs een aspek van die biologiese konsepte waarvan die sosiale ontwikkeling van Darwinisme afkomstig is.[62] Crook raak ŉ belangrike saak aan rakende die kompleksiteit van H. Spencer en J.B. Lamarck se invloed op Darwinisme. Hy noem dat ŉ breë benadering dit moontlik maak vir die geskiedkundige om Spencer as ŉ sosiale Darwinis te beskou, selfs al was hy ŉ Lamarckis.[63] Waarom sosiale Darwinisme op verskeie vlakke gewild was, kan eers verstaan word wanneer die ontwikkeling daarvan as ideologie nagegaan word. In van die volgende hoofstukke sal tyd, ruimte en die agtergrond waarteen verskillende Darwinistiese interpretasies ontwikkel het, bespreek word.

---

60 J. Durant, "Social Darwinism by Bannister", *British Journal for the History of Science* vol. 15 (1982), p. 77.

61 P. Bowler. *Evolution: The history of an idea,* (Berkeley: University of California Press, 1984), p. 267.

62 P.J. Weindling. "Theories of the Cell State in Imperial Germany" in C. Webster (Ed.), *Biology, medicine and society, 1840-1940,* (Cambridge: Cambridge University Press, 1981), p. 105.

63 Weindling verduidelik dat ŉ Lamarckis bekend gestaan het as ŉ persoon wat liewer J.B. Lamarck se evolusionêre benadering ondersteun het, al het Lamarck se teorie vanuit Darwin se teorie oor evolusie ontwikkel, in Weindling, "Theories of the Cell State in Imperial Germany", pp. 105-106.

### 2.5 Samevatting

Vele tydgenootlike werke dui daarop dat die betekenis van Britse imperialisme as konsep rondom die 1870's verander het en dit betekenisvol is om te kyk na die moontlike verhouding tussen die Darwinistiese revolusie en sy invloed op imperialisme. Hobson se indieptebeskrywing van 1903 gee ŉ uiteensetting van die wyse waarop wetenskap (veral Darwinisme soos hy dit noem, maar vir die doeleindes van die studie is dit tekenend van sosiale Darwinisme) gebruik was om Britse imperialisme en internasionale heerskappy te regverdig. Hobson was nie die enigste een wat sy misnoeë hieroor te kenne gegee het nie. Herbert Spencer wat betrokke was by die ontwikkeling van die evolusionêre teorie van "oorlewing van die sterkstes" vanuit ŉ sosiologiese agtergrond, het in ŉ aansienlik ander wêreld as Darwin grootgeword. Spencer het in baie van sy werke teen die einde van die 19de eeu probeer om die morele en etiese uitwerking van evolusionêre teorieë op sosiale, ekonomiese en politieke terreine bloot te lê. Spencer het in ŉ reaksionêre skrywe oor lord Salisbury se uitlatings rakende evolusie heftig op sy kritiese sienings rakende evolusie en imperialistiese toepassings van politikusse gefokus. Spencer het die alombekende evolusionêre teorie van "oorlewing van die sterkstes" na vore gebring. Hy was ontevrede met Darwin se gebruik van die term "natuurlike seleksie", omdat die woord "seleksie" die indruk skep dat evolusie ŉ bewustelike proses is. Volgens hom het dit grootliks gelei tot die waninterpretasie van die teorie. Spencer het Salisbury gekritiseer oor sy toesprake rakende evolusie, en dat Salisbury, weens sogenaamde afwesigheid van bewyse, nie glo in "natuurlike seleksie" nie, maar tog die waarde kan sien in "kunsmatige seleksie".[64] Hierop het Spencer gereageer met sterk wetenskaplike argumente en kritiek, en sy skrywe hiermee afgesluit: "Vanuit lord Salisbury se posisie kon hy veel doen om hierdie wanindrukke op te los, maar ongelukkig het hy die teendeel gedoen".[65]

Hobson en Spencer is hewig gekritiseer op grond van hul waarskuwings en menings, in so ŉ mate dat Spencer sy bekommernis uitgespreek het oor die heftige ondersteuning vir hierdie nuwe vorm van imperialisme, en die feit dat daar geen ruimte vir teenspraak was nie. Spencer se gewildheid in die Britse samelewing ten tyde van sy dood in 1903 het afgeneem en talle Britse koerante het hom in ŉ negatiewe lig beskryf met min verwysings na sy wetenskaplike bydraes. Barzun skryf dat Spencer se uitlatings teen die sterk Britse militaristiese imperialisme,

64 H. Spencer, Lord Salisbury on evolution, *Nineteenth Century: A Monthly Review*, No. 224, (1895), p. 746.

65 H. Spencer, Lord Salisbury on evolution, p. 757.

wat volgens hom die moontlikheid van nasionale ontaarding kon inhou, daartoe gelei het dat Spencer beskuldig was as synde ŉ pasifis, seniel en andersdenkend.[66]

[66] Dit moet vermeld word dat die oorsaak van Spencer se dood as "seniele aftakeling" beskryf is deur *Daily News (London)*, Wednesday 9 December 1903, p. 16 https://www.britishnewspaperarchive.co.uk/viewer/bl/0000051/19031209/293/0016 ; Sien ook J. Barzun, *Darwin, Marx, Wagner* (2nd edition; Garden City, 1958), p. 92: Spencer het egter nog tot kort voor sy dood skriftelik met sekere mense gekorrespondeer. Menings soos bespreek in dié studie dui daarop dat Spencer se gewildheid onder Britse meningsvormers afgeneem het, en dat die pers ŉ mate van ŉ vals indruk van hom geskep het.

# HOOFSTUK DRIE

# DIE LAAT 19DE-, VROEG 20STE-EEUSE SOSIALE DARWINISTIESE DEBAT OOR KOLONIALE IMPERIALISME, EN IN GEKOLONISEERDE OMGEWINGS

## 3.1 Inleiding

Die afloop van die bekendstelling van evolusionêre teorieë in die tweede helfte van die 19de eeu, het ŉ wye verskeidenheid veranderinge in menslike diskoers meegebring, naamlik diskoerse oor natuur, ekonomie, welsynsbeleide en politieke veranderinge wat evolusionêre teorieë kon akkommodeer. Van hierdie veranderinge het ŉ rol gespeel in die wyse waarop imperialisme en sy verskillende vorme en benaderings in politiese en koloniale kringe gedebatteer is. Verskeie interpretasies van verskillende soorte imperialisme het begin ontwikkel, waar ŉ wegbreek van tradisionele vorme van imperialisme te siene was, wat gepaard gegaan het met die wetenskaplike bevindinge, veral dié van evolusie, en nuwe vorme van imperialismes laat ontwikkel het. Brittanje se debat oor watter vorm van imperialisme die beste koers vorentoe vir sy koloniale magte sou inhou, het vanuit verskeie kontekste en opinies gekom. Daar sal ondersoek ingestel word na die wyse waarop Brittanje se sogenaamde nuwe imperialisme sedert 1870 begin ontwikkel het. Hierdie vorm van imperialisme se verhouding met konsepte soos natuurlike seleksie en oorlewing van die sterkstes en die bestaanstryd van die mens en nasies sal aangedui word. Die invloed wat hierdie nuwe imperialisme op die oorlogs- en rekonstruksiebeleide en die verdieping van die skeuring tussen Boer en Brit gehad het, wat later tot die Anglo-Boereoorlog gelei het, sal ondersoek word.

## 3.2 ’n Debat in Britse regeringskringe

Wanneer dit kom by imperialisme in die 19de eeu, is daar talle interpretasies. Soos Hobson self verwys het na “gesonde imperialisme” en “regverdige imperialisme”, was daar baie geskille in die politieke diskoerse van die 19de eeu. Die verskille tussen “liberale imperialisme”, “gesonde imperialisme”, “verstandige imperialisme”, en “jingo imperialisme”, is wel nie so groot nie, maar die verskillende partye in Brittanje was voortdurend besig om hulle eie vorm van

imperialisme te verdedig, en aan te voer dat enige ander vorm van imperialisme verkeerd is.[1] Henry Campbell-Bannerman skryf in November 1899 dat:

> *... everyone nowadays appears to cultivate some peculiar species of his own of what is called Imperialism and to try to get some qualifying adjective of his own before the word.* [2]
>
> " ... dit lyk asof almal deesdae een of ander eienaardige spesie van sy eie kweek van wat imperialisme genoem word en om te probeer om een of ander kwalifiserende byvoeglike naamwoord van sy eie voor die woord te voeg". (Eie vertaling).

Diegene wat die meeste met mekaar koppe gestamp het, was die volgelinge van liberale imperialisme (wat as ŉ redeliker weergawe van imperialisme beskou was), met die aanhangers van jingo-imperialisme (wat as ŉ aggressiewe vorm van imperialisme beskou was). Die groot vraagstuk was die kwessie van uitbreiding en die wyse waarop uitbreiding moes plaasvind, veral met betrekking tot koloniale uitbreiding in Afrika. Uitbreiding is nie allerweë ondersteun nie, soos blyk uit William Harcourt se skrywe in 1899:

> *But what does Imperialism you hear so much about, mean? If it means pursuing a policy which is the wisest and best for that great Empire to which we belong, of course we are all Imperialists in that sense ... There is another and exactly opposite view of Imperial policy. It is...the acquisition of fresh populations, <u>the adoption of additional burdens</u>... .*[3]
>
> "Maar wat beteken imperialisme waarvan so baie gehoor word? As dit beteken om ŉ beleid te volg wat die verstandigste en beste vir die groot Ryk is waaraan ons behoort, is ons almal natuurlik in daardie sin imperialiste... Daar is ŉ ander en presies teenoorgestelde siening van die imperiale beleid. Dit is ... die verkryging

---

[1] P. Knight, "British public opinion and the rise of Imperialist Sentiment in relation to expansion in Africa, 1880-1900." PhD diss., University of Warwick, 1968, p. 1.

[2] J.A. Spender, *The life of the Right Hon, Sir Henry Campbell-Bannerman, G.C.B., volume I,* (Houghton, London: 1923), p. 257.

[3] A.G. Gardiner, *The life of Sir William Harcourt volume 2,* (Constable Limited, London: 1923), p. 496, eie onderstreepte beklemtoning.

van nuwe bevolkings, die aanneming van bykomende laste (verantwoordelikhede)...". (Eie vertaling).

Brittanje het homself in ŉ moeilike posisie in die 19e eeu bevind, toe daar ŉ groot behoefte was om sosiale beleide te implementeer om armoede en oorbevolking te help beveg. Die Liberale Party het veral gefokus op maatskaplike kwessies, in plaas van die stigting van ander kolonies wat verdere druk op die Britse bevolking sou plaas. Hierdie saak word later meer volledig bespreek.

Liberale skrywers in Brittanje was van mening dat die outydse koloniale Ryk aanvaarbaarder is as die "nuwe" imperialisme. Hierdie nuwe imperialisme het veral gefokus op die uitbreiding en stigting van nuwe kolonies wat afhanklik was van die gebruik van militêre mag en die mag van geld, wat volgens Knight deur Cecil Rhodes aangewakker is.[4] Campbell-Bannerman het sy bekommernis hieroor uitgespreek en gesê dat "*love and pride of Empire*" (liefde en trots vir die Ryk) nie in "*greed and Empire*" (hebsug en Ryk) moes ontaard nie.[5] Campbell-Bannerman is soms as ŉ anti-imperialis bestempel. Hierdie stelling is nie heeltemal onwaar nie, maar dit dui op die belangrikheid daarvan dat die definisie van imperialisme en sy interpretasie in ag geneem moet word. Anti-imperialisme beteken nie noodwendig algehele opposisie teen die Ryk, soos die woord insinueer nie, maar wel teen aggressiewe koloniale uitbreiding en teen die begeerte om die Britse vlag regoor die wêreld te plant.[6] Knight meld dat die anti-imperialiste gekant was teen Britse uitbreiding in plekke soos Afrika.

Die Liberale Party se verkiesingstema in 1880 het veral gefokus om ŉ vorm van imperialisme te identifiseer en te ondersteun wat nie tekenend was van ŉ militaristiese of aggressiewe vorm van imperialisme nie.[7] Knight verduidelik ook dat ŉ volslae liberale imperialisme met die aanvang van die Anglo-Boereoorlog ontstaan het. Dit was baie anders as die imperialisme wat die Konserwatiewe Party in Brittanje aangehang het om die oorlog te probeer regverdig. Daar het gevolglik ŉ ingrypende verandering in Brittanje plaasgevind in die laaste drie dekades van

---

4 Knight, British public opinion, p. 3.
5 Spender, *The life of Right Hon, Sir Henry Campbell-Bannerman*, p. 303.
6 Knight, British public opinion, p. 4.
7 Knight, British public opinion, p. 7.

die 19de eeu rakende die publiek se denkwyse oor die waarde en belangrikheid van die Britse Ryk.[8]

### 3.3 Stemme vanaf "Anglophone" kerkpleine

Die Kerk van Engeland het ook imperialistiese sentimente ondersteun en tipiese "Anglophone"-[9] toesprake gelewer. In 1887 het ŉ leraar byvoorbeeld die volgende stelling gemaak:

> *I especially believe in men of my own kin. They are a royal people; the masterful, noble peope, 'the lords of human kind', they rule by right divine on every land and sea.*[10]

> "Ek glo veral in my eie mense. Hulle is ŉ koninklike volk; die meesterlike, edele mense, 'die heersers van die mensdom', hulle regeer deur goddelike reg op elke land en see". (Eie vertaling).

Die frase 'die heersers van die mensdom' beklemtoon die wyse waarop Britse chauvinisme in godsdiens ondersteuning vir imperialistiese sentimente gevind het, en om ŉ imperialistiese gevoel by die publiek op te wek, waarna Hobson ook verwys het in Hoofstuk Twee.

### 3.4 ŉ Gonsery in gemeenskapsamekomste en op werkspleine

Een van die grootste imperialiste van die tyd, Cecil Rhodes, het ŉ rol gespeel in veral die ontwikkeling van jingo-imperialisme. Rhodes se ideaal vir Britse uitbreiding in Afrika was om ŉ direkte Britse territoriale lyn van Kaïro af tot die Kaap te vestig. Daar is ŉ fyn lyn tussen Rhodes se jingo-imperialisme, wat ook tekenend was van die nuwe imperialisme wat sedert 1870 vlam gevat het. Dit blyk uit Rhodes se stelling in 1877:

> *I contend that we are the first race in the world and that the more of the world we inherit the better it is for the human race. I contend that every acre added to our territory means the birth of more of the English race, who otherwise would not be*

---

8 Knight, British public opinion, p. 8.
9 "Anglophone" beteken tipies Britssprekend.
10 Knight, British public opinion, p. 23.

*brought into existence. Added to this absorption of the greater part of the world under our rule simply means the end of all wars*.[11]

Ek verklaar dat ons die beste ras in die wêreld is en dat hoe meer van die wêreld ons erf, hoe beter is dit vir die mensdom. Ek betoog dat elke hektaar wat by ons grondgebied gevoeg word, die geboorte van meer van die Engelse ras beteken, wat andersins nie sou bestaan het nie. Die oorname van die groter gedeelte van die wêreld onder ons heerskappy beteken eenvoudig die einde van alle oorloë". (Eie vertaling).

Hoewel ŉ aansienlike deel van Rhodes se imperialisme grootliks op die rassesuperioriteit van Brittanje gebaseer is, het dit ook ŉ invloed op ander Britse rolspelers in Brittanje en in Suid-Afrika gehad.

Rhodes was nie die enigste imperialis wat op rassesuperioriteit gefokus het nie, en ŉ groot deel van imperialistiese sentiment was in Britse rassesuperioriteit gewortel, nie net teenoor gekleurde rasse nie, maar ook teenoor die Latynse rasse in Europa.[12] Die fyner belangrike aspekte van rasseklassifikasie was veral te sien tydens die Anglo-Boereoorlog, waar twee Europese kulture teen mekaar geveg het, en sommige Britse intellektueles klem gelê het op die Britse "superioriteit". J.A. Cramb, ŉ militêre historikus van Queen's College in Londen, het byvoorbeeld ŉ reeks lesings oor imperialisme aangebied, en op 29 Mei 1900 aangevoer dat Afrikaners en Britte van dieselfde afkoms is, maar met ŉ "MAAR":

*In the sense that they are Teutons, the Dutch are of the same stock as the English; but the characteristics of the Batavian are not those of the Jute, the Viking and the Norsemen. The best blood of the Teutonic race for six centuries went to the making of England.*[13]

"In die sin dat hulle Teutone is, is die Hollanders van dieselfde herkoms as die Engelse; maar die kenmerke van die Bataviërs is nie dié van die Jute, die Vikings en die mense van Noorse afkoms nie. Die beste bloed van die Teutoniese ras het vir die afgelope ses eeue tot die ontstaan van Engeland bygedra". (Eie vertaling).

11 C.J. Rhodes, edited by W.T. Stead, *The last will and testament of C.J. Rhodes*, (Reviews Office: Reviews, London, 1902), pp. 58-59.

12 Knight, British public opinion, p. 22.

13 J.A. Cramb, *The origins and destiny of Imperial Britain*, (John Murray, London: 1915), p. 100.

ʼn Groot deel van die debat oor Suid-Afrika was die kwessie dat dit twee blanke rasse was wat binne ʼn koloniale konteks teen mekaar geveg het, en dat Brittanje ʼn blanke ras as minderwaardig beskou het — ʼn feit wat deur baie ondersteuners van die Liberale Party gekritiseer is. Liberale kritici soos J.G. Godard het die belangrikheid van ras binne ʼn imperiale gedagtegang duidelik gestel in sy siening van imperialisme. Hy het imperialisme gedefinieer as "oorheersing van ras" soos in die woorde van lord Rosebery.[14] Godard noem dat:

> *Imperialism, therefore, is the spirit of rule, ascendency, or predominance; the rule of one race or people by another race or people, involving of course, the subjection of the former to the latter.*[15]
>
> "Imperialisme is dus die gees van heerskappy, oorheersing of gesag; die heerskappy van een ras of volk oor ʼn ander ras of volk, wat natuurlik die onderwerping van eersgenoemde aan laasgenoemde behels". (Eie vertaling).

Vele tydgenootlike werke dui daarna dat die betekenis van Britse imperialisme as konsep rondom die 1870's verander het en dit van waarde is om te kyk na die moontlike verhouding tussen die Darwinistiese revolusie en sy invloed op imperialisme. Hobson se indieptebeskrywing van 1903 gee ʼn uiteensetting van die wyse waarop wetenskap (veral Darwinisme soos hy dit noem, maar vir die doeleindes van die studie is dit tekenend van sosiale Darwinisme) gebruik was om Britse imperialisme en internasionale heerskappy te regverdig. Hobson was nie die enigste een wat sy misnoeë hieroor te kenne gegee het nie. Herbert Spencer wat betrokke was by die ontwikkeling van die evolusionêre teorie van "oorlewing van die sterkstes" vanuit ʼn sosiologiese agtergrond, het in ʼn aansienlike ander wêreld as Darwin grootgeword. Spencer het in baie van sy werke teen die einde van die 19de eeu probeer om die morele en etiese uitwerking van evolusionêre teorieë op sosiale, ekonomiese en politiese terreine bloot te lê. Spencer het in ʼn reaksionêre skrywe oor lord Salisbury se uitlatings rakende evolusie veral heftig op sy kritiese sienings rakende evolusie en imperialistiese toepassings van politici gefokus. Spencer het die alombekende evolusionêre teorie van "oorlewing van die sterkstes" na vore gebring. Hy was ontevrede met Darwin se gebruik van die term "natuurlike seleksie", omdat die woord "seleksie" die indruk skep dat evolusie ʼn bewustelike proses is. Volgens hom het dit grootliks gelei tot die waninterpretasie van die teorie. Spencer het Salisbury

14 J.G. Godard, '*Racial supremacy' in Studies of Imperialism*, (Simpkin, Marshall and Co, London: 1905), pp. 4-5.

15 Godard, *Racial supremacy*, p. 5.

gekritiseer oor sy toesprake rakende evolusie, en dat Salisbury, weens sogenaamde afwesigheid van bewyse, nie glo in "natuurlike seleksie" nie, maar tog die waarde kan sien in "kunsmatige seleksie".[16] Hierop het Spencer gereageer met sterk wetenskaplike argumente en kritiek, en sy skrywe hiermee afgesluit: "Vanuit lord Salisbury se posisie kon hy veel doen om hierdie wanindrukke op te los, maar ongelukkig het hy die teendeel gedoen".[17]

Dubow verduidelik hoe daar teen die einde van die 19de eeu ŉ wye reeks koloniale diskoerse en opinies was, soos dié van Brittanje en Frankryk rakende kolonies in Afrika.[18] Hiervolgens was koloniale moondhede bereid om "menslike evolusionêre ontwikkeling" met rassetaksonomies te definieer om die inherente minderwaardigheid van die San (Boesman insluitend); swart mense en veral Hottentotte (oftewel die Khoekhoen) te regverdig. Van hierdie soort wetenskaplike regverdiging was Nederlandssprekende Afrikaners geensins uitgesluit nie —aldus Dubow, wat ook tekenend van sosiale Darwinistiese beswadderings was.[19]

Afrikaners was veral beskou as ŉ ras wat ŉ proses van kulturele en biologiese agteruitgang ondergaan het weens hulle geïsoleerde leefstyl in ŉ passiewe omgewing. Trollope se ervarings het hom oortuig om sy vooropgestelde idees van Afrikaners soos volg te verwoord:

> *... a European who had retrograded from civilization and had become savage, barbarous and unkindly ...* [20]
> "ŉ Europeër wat van die beskawing wegbeweeg het en wreed, barbaars en onvriendelik geword het". (Eie vertaling).

Trollope het verder redeneer dat:

> *The Dutch Boer is what he is, not because he is Dutch or because he is a Boer, but because circumstances have isolated him.*[21]
> "Die Hollandse Boer is wat hy is, nie omdat hy Hollands is of omdat hy ŉ Boer is nie, maar omdat omstandighede hom geïsoleer het". (Eie vertaling).

---

16 H. Spencer, Lord Salisbury on evolution, *Nineteenth Century: A Monthly Review,* No. 224, (1895), p. 746.
17 H. Spencer, Lord Salisbury on evolution, p. 757.
18 S. Dubow, "South Africa and South Africans: Nationality, belonging, citizenship," *The Cambridge History of South Africa, volume 2,* (Cambridge University Press: USA, 2011), p.26.
19 Dubow, "South Africa and South Africans: Nationality, belonging, citizenship", p. 26.
20 Dubow, "How British was the world? The case of South Africa", p. 7.
21 Dubow, "How British was the world? The case of South Africa", p. 7; A. Trollope, *South Africa*, (B. Tauchnitz, 1878), p. 259.

Froude en Trollope met hulle Britse agtergrond se ervarings in Suid-Afrika het aansienlik verander oor die jare vandat hulle hulself in Suid-Afrika gevestig het. Froude was ŉ ondersteuner van die idee van ŉ Groot Brittanje, wat gevorm is deur die visie van nuwe imperialisme,[22] oftewel Jingoïsme. Hierdie nuwe imperialisme het gelei tot teenstrydige openbare menings in Brittanje. Afgesien van Hobson en Spencer se kommentaar, het Burns ook in ŉ toespraak sy mening gegee oor die oordrewe Britse standpunt rakende die reg tot imperialisme, gegiet in Jingoïsme:

> *...we* [our British parliament] *are now guided by the crowd through the driven and cowardly medium of a Jingo Government ... Since then the Jubilee of 1887 stimulated the love of pageant, tinselled patriotism, and vulgar show; the 1897 Jubilee still further strengthened the craving for this tawdry, and since 1897 every event, political and public, has been made subordinate to parade of Britain's might, without majesty, power without dignity, expansion without request or consent of the conquered or absorbed. This mania for expansion has been partly caused by the great mass of the people being exempt from the personal burden of fighting, and not yet subject to the blood tax that conscription imposes upon the European peoples*.[23]

> "...ons [die Britse parlement] word nou deur die skare gelei deur die gedrewe en lafhartige medium van ŉ Jingo-regering ... Sedertdien het die jubileum van 1887 die liefde vir optog, skynpatriotisme en vulgêre vertoon aangemoedig; die 1897-jubileum het die drang na hierdie vervlakking nog verder versterk, en sedert 1897 is elke gebeurtenis, polities en in die openbaar, ondergeskik gemaak aan die vertoon van Brittanje se mag, sonder majesteit, mag sonder waardigheid, uitbreiding sonder versoek of toestemming van die verowerdes of geabsorbeerdes. Hierdie manie vir uitbreiding is deels veroorsaak deur die groot massa mense wat vrygestel is van die persoonlike las van gevegte, en nog nie onderworpe was aan die bloedbelasting wat diensplig op die Europese volke opgelê het nie". (Eie vertaling).

---

22 Dubow, "South Africa and South Africans: Nationality, belonging and citizenship", p. 19.

23 J. Burns, *The New Imperialism: A speech delivered in Battersea Park, on May 13th, 1900*, (Stop the War Committee: London, 1900), pp. 3 - 4.

Hobson beskryf die wyse waarop die Britse samelewing opgesweep is in die vurige ondersteuning vir jingoïsme, hierdie beleid wat deur individue in die samelewing ondersteun is wat aan die gevegte soos in China en Suid-Afrika deelgeneem het, maar wat ongetwyfeld in die naam van uitbreiding en Brittanje se reg tot oorheersing, binne ŉ lens van ŉ evolusionêre bestaanstryd, geglo het.

### 3.5 "Darwinismes" binne die politiek en die Britse gemeenskap

Sosiale Darwinisme word beskou as een van die grootste ideologieë, selfs ook die oorheersende ideologie van Europa in die 19de eeu. Die politieke implikasies hiervan was verreikend, veral met betrekking tot Afrika se geskiedenis. Met die swaai na die nuwe imperialisme in die 1870's was daar ŉ aansienlike toename in politieke bewustheid in Brittanje. Volgens Hobson en ander skrywers was dit die Liberale Party se benaderings dat dit Engeland se imperiale doel moes wees om beleide van selfregering na ander kolonies te bring.[24] Die term "sosiale Darwinisme" of soortgelyke terme het tussen die laat 1870's en vroeë 1880's begin voorkom. Bannister het daarop gewys dat O. Schmidt die eerste persoon was wat die term gebruik het, naamlik in 1879 in ŉ Amerikaanse artikel wat in *Popular Science*, gepubliseer is.[25] Daarna het Europese skrywes oor sosiale Darwinisme begin opvlam.[26] Sedert die opkoms van Darwinisme en sosiale Darwinisme na 1870, het die nuwe imperialisme ook begin kop uitsteek.

Alhoewel Darwin nie beoog het om deur sy wetenskaplike bevindinge in ŉ politieke maalstroom te beland nie, het dit ten enemale sodanig ontaard.[27] Baie van Darwin se argumente was beslis op sosiale toepassing in samelewings gemik, maar dit was juis waarom hy bekommerd was oor die interpretasie van sy werke, veral toe die gewildheid daarvan onder Duitsers, Franse en Hollanders toegeneem het. Darwin was aanvanklik ten nouste betrokke by die vertalings van *Origins of species*, en het heelwat publikasies afgekeur omdat hy gevoel het dat sy werke en hul

---

24 Hobson, *Imperialism*, p. 118.

25 R.C. Bannister. *Social Darwinism: Science and myth in Anglo-American social thought*, (Philadelphia: Temple UP, 1979); O. Schmidt, "Science and Socialism", *Popular Science,* vol. 14 (1879), pp. 557-591.

26 Kontemporêre werke soos dié van G. Tarde, "Darwinisme naturel et Darwinisme Social", *Revue Philosophique*, vol. 17 (1884), pp. 607-637; A. Loria, "Darwinisme Social", *Revue Internationale de Sociologie*, vol. 4 (1896), pp. 440-451; L. Ward, "Social Darwinism", *American Journal of Sociology,* vol. 12 (1907), pp. 709-719; J. Novicow. *La critique du Darwinisme Social* (Paris: 1910).

27 D.G. Ritchie, *Darwinism and politics*, (Swan Sonnenschein & Co, London: 1891), p. 6.

woorde verdraai word.[28] Dit is onvermydelik dat verskillende kultuurgroepe Darwin se werk verskillend sou interpreteer. Hy was nie voorbereid vir die toedrag van sake nie.[29] Sosiale Darwinisme as lewensbeskouing is ŉ ander voorbeeld wat groter aftrek gekry het, en word in die volgende afdeling bespreek.

Hesketh maak ook die verdienstelike punt dat tien jaar voor *Origins of species* gepubliseer is, niemand in evolusie geglo het nie, en tien jaar na die tyd het almal daaraan geglo.[30] Hoewel dit ŉ verregaande uitspraak is dat almal in evolusie geglo het, veral met inagneming van die Rooms Katolieke Kerk en ander godsdiensgroepe se sterk teenkanting, is dit steeds nie oordrewe om te meld dat bykans almal daaroor gepraat het nie. Tydens die Verligtingstydperk was daar ŉ skerp afname in die gewildheid van geloof en ŉ toename in vertroue in die wetenskap en menslike beredenering, en selfs agnostisisme. Die rol wat geloof in die verlede in die samelewing gespeel het betreffende die mens se lewens- en wêreldbeskouing, is so te sê deur vertroue in die wetenskap vervang. Volgens G. Allen het Darwin se publikasies op die regte tyd verskyn, toe die wêreld gereed was vir ŉ evolusionêre lewensbeskouing.[31]

Die bekendmaking van evolusionêre teorieë soos dié van die oorlewing van die sterkstes en natuurlike seleksie, het sosiale en ekonomiese beleidsbeginsels verander. Die veranderinge was algaande duideliker merkbaar, hoe meer die regering betrokke geraak het by hervormingsbeleide. Dit het veral kritiek van evolusionêre teoretici uitgelok. Volgens hulle was daar ŉ oormaat sorg van regeringskant wat ingemeng het met die sogenaamde natuurlike wedyweringsproses. ŉ Evolusionêre teorie soos dié van Darwin, het in vele politieke gesprekke van die 19de eeu gefigureer en ook byval gevind in samesprekings oor die verbetering van maatskaplike beleide.

### 3.6 Die manifesteringvan die sosiale Darwinisme-debat oor koloniale imperialisme in gekoloniseerde omgewings

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 het Hobson sy verskyning op die politieke front gemaak, gegewe die feit dat hy eerstehandse ervarings in Suid-Afrika tydens die oorlog gehad het, en dat hy ŉ kenner van die imperialistiese sentimente van die tyd was. Gedurende sy

28 C. Acuña-Partal, "Notes on Charles Darwin's thoughts on translation and the publishing history of the European versions of [On] The Origin of Species", *Perspective*s, vol. 24, no. 1 (2016), pp. 9-11.

29 Acuña-Partal, "Notes on Charles Darwin's", p. 15.

30 I. Hesketh, ed., *Imagining the Darwinian revolution: Historical narratives of evolution from the nineteenth century to the present*, (University of Pittsburgh Press: Pittsburgh, 2022), p. 32.

31 Hesketh, *Imagining the Darwinian revolution in the 19th century*, p. 35.

tyd in Suid-Afrika het hy sy werk *Imperialism* geskryf. Die werk is gebore as reaksie op kwessies rakende die verhouding van imperialisme en sosiale teorieë soos deur die Liberale Party beskou. Later word daar geraak aan die ekonomiese en sosiale teorieë wat die openbare mening aangegryp het met die ontdekking van die Darwinistiese revolusie in die vroeë 19de eeu. Hobson het aan mid-Victoriaanse laissez-faire-liberalisme geglo, wat teenstrydig was met die Liberale Party se druk op meer sosiaal-teoretiese benaderings. Kwessies soos die verligting van armoede, swak behuising, gesondheidsbeleide, verbeterde werksomstandighede, onderwys, onaanvaarbare minimum lone en werkloosheid is deur die Liberale Party ondersteun. 'n Klemverskuiwing het plaasgevind. Die vraag was nie meer *of* die regering met maatskaplike verbeteringsbeleide moes intree nie, maar *hoe* die regering en in watter mate toegetree moes word?[32] Townsend verduidelik die tydgees van Britse onsekerheid rakende hul sekuriteit op internasionale vlak — Duitsland het 'n bedreiging vir Brittanje ingehou en spoedig sou daar wedywering vir ekonomiese en militêre mag plaasvind. Hierdie stand van sake het saamgeval met die toename van die Britse samelewing se sterk en intense fokus op die Britse Ryk (jingoïsme), wat as reaksie op die onsuksesvolle Jameson-inval van 1895 in Suid-Afrika ontstaan het, waar 'n struwelinge tussen die Britte en die Boere plaasgevind het en Brittanje verloor het.[33] Die vermenging van trots en onsekerheid het sy hoogtepunt tydens die Anglo-Boereoorlog bereik wat Brittanje se voortbestaan as 'n militêre mag en imperiale ryk in gedrang gebring het. Brittanje het aanvanklik verliese gely tydens 'n oorlog teen 'n groep mense wat as agterlike Afrikaners beskou was met feitlik min tot geen militêre opleiding nie.

Liberale imperialiste onder lord Rosebery wat van 1892-1895 die Liberale administrasie verteenwoordig het, was gefokus op maatskaplike kwessies soos welsyn en dies meer, en was van die grootste aanhangers van wat hulle beskou het as "sosiale imperialisme". Om 'n magtige en ontwikkelde wêreldryk te verseker, was Brittanje se toekoms dus afhanklik van 'n voorspoedige ekonomiese groei, met die oog op maatskaplike verbeterings in die Britse samelewing. Dit sou dan lei tot sosiale samehang binne die samelewing wat sou bydra tot 'n

---

32 J. Townsend, *Imperialism*, Foreword, p. 14.

33 "Lord Beaconsfield made Imperialism a synonym for Jingoism", *The Pall Mall Gazette*, Saterdag, 25 Mei 1889, p. 1. https://www.britishnewspaperarchive.co.uk/viewer/BL/0000098/18890525/005/0001?browse=true . Die term 'jingo' verwys na 'n aggressiewe en sterk vorm van patriotisme; vir meer hieroor sien J.A. Hobson, *The psychology of jingoism*, (Grant Richards, London: 1901). Hobson se kort definisie verskyn reeds op die eerste bladsy: "That inverted patriotism whereby the love of one's own country is transformed into the hatred of another nation, and the fierce craving to destroy the individual members of that other nation".

welopgevoede en gesonde samelewing onder die Liberale administrasie en verseker dat Brittanje as ŉ kompeterende wêreldryk sou voortbestaan.

Spencer het hoofsaaklik anti-imperialistiese standpunte ingeneem in sy skrywe getitel *Facts and comments*.[34] ŉ Geruime tyd voor die Anglo-Boereoorlog het Spencer lord Salisbury se toepassing van imperiale beleide verwerp, en met die uitbreek van die oorlog het Spencer veral uitgevaar teen Britse imperiale beleid. Geen ander politieke gebeurtenis het so ŉ emosionele reaksie by Spencer ontlok soos die Anglo-Boereoorlog nie: "Ek skaam my vir my land".[35] In *Facts and Comments* spreek Spencer sy misnoeë uit oor Britse imperialisme se militante uitgangspunt, ŉ siening wat gesteun is deur J.A. Hobson met sy verwysing na die aggressiewe "nuwe imperialisme". Spencer verwys na die toevalligheid in die ooreenstemmende tydsberekening van die Suid-Afrikaanse Oorlog (Anglo-Boereoorlog) met die laat 19de eeuse sigbaarheid van imperialisme. Hy sien daarin ŉ skakel tussen — militante optrede weens beskouinge van imperialisme.[36]

J.A. Cramb gee lesers van die 21ste eeu ŉ beter begrip van die eertydse 19de-eeuse redevoering in Britse regeringskringe wat tot meningsverskille gelei het, en ŉ verdeeldheid daaroor, tot gevolg gehad het. Hy sê:

> "*The war in South Africa, as we saw in the opening lecture, is the first event or series of events upon a great scale, the genesis of which lies in this force named Imperialism... No other war in our history is in its origins and its aims so evidently the realization, so exclusively the result of this imperial ideal*".
>
> "Die oorlog in Suid-Afrika, soos ons in die openingslesing gesien het, is die eerste gebeurtenis of reeks gebeurtenisse in ŉ groot skaal, waarin Imperialisme as ŉ kragtige [ideologie] ontstaan het... Geen ander oorlog in ons [Brittanje] geskiedenis is in sy oorsprong en in sy doel so duidelik die uitsluitlike bewys van die Imperialistiese ideaal en verwesenliking nie".[37] (eie vertaling).

34 H. Spencer, *Facts and comments,* (Vol. 9. D. Appleton & Company: New York, 1902).

35 H. Spencer, *Life and letters of Herbert Spencer* vol. 2, ed. D. Duncan, (New York, 1908), p.190. "I am ashamed of my country." Spencer se sieninge oor die oorlog sal in Hoofstuk Vyf in meer diepte aangeraak word.

36 H. Spencer, *Facts and comments,* (Vol. 9. D. Appleton & Company: New York, 1902), p. 159

37 J.A. Cramb, *The origins and destiny of Imperial Britain*, (John Murray: London, 1915), p. 89.

In sy werk *Imperialism* het Hobson verskeie vorme van imperialisme ondersoek. Hy het "regmatige" en "regdenkende" imperialisme aan die een kant gekategoriseer as positiewe imperialisme, en aan die ander kant as "waansinnige" en "aggressiewe" imperialisme gekategoriseer. Hobson was veral gekant teen die tipes imperialisme wat hy as negatiewe benaderings beskou het, en hy het hierdie nuwe imperialisme wat sedert 1870 vlam gevat het as ŉ negatiewe benadering beskou. Hierdie nuwe imperialisme was gesien as bestaansvorme van kompeterende wêreldryke, verbind tot die oorheersing van finansiële kapitaal bo dié van kommersiële belange. Laastens en die belangrikste aspek, was die beslaglegging op nuwe gebiede wat nie oor samelewings beskik het wat kultureel assimileerbaar was nie en vir wie selfregerende beleide nie bedoel was nie.[38] Selfregering kon slegs gegee word aan kolonies wat die invloede van die koloniale magte verwelkom, en nie in ŉ bedreiging vir die koloniale mag nie sou ontaard nie. Volgens Hobson was hierdie vorm van nuwe imperialisme anders as kolonialisme van die verlede. Hy het dit as regverdig beskou, as ŉ natuurlike oorvloei van nasies na gebiede wat nie dig bevolk was nie, tekenend van die evolusionêre vloei van selfregerende samelewings.[39]

Herbert was verder bekommerd oor die wyse waarop daar teen Britse Pro-Boere opgetree is. Hy brei soos volg daarop uit,

> *The temper generated by these causes has resulted in the outbursts of violence occurring all over England ... where those who entertain opinions disliked by the majority respecting our treatment of the Boers, have been made the victims of mobs ... And now these breaches of the law, continued for two years have been habitually condoned by the authorities, we find leading newspapers applauding the police for having 'judiciously refrained' from interfering with a mob in its ill-treatment of Stop-the-War speakers! Surely a society thus characterized and thus governed is a fit habitat for Hooligans*.[40]

> "Die woede wat deur hierdie gevalle veroorsaak is, het tot die uitbarstings van geweld wat oral in Engeland voorkom gelei ... waar diegene wat menings koester wat deur die meerderheid verafsku word, met betrekking tot ons hantering van die Boere, slagoffers van die massas gemaak is ... Hierdie oortredinge van die

38 Hobson, *Imperialism*, p.124, p. 304.
39 Hobson, *Imperialism*: p. 19.
40 Spencer, *Facts and comments*, pp.180-181.

> wet duur al twee jaar lank en word herhaaldelik deur die owerhede toegelaat. Vooraanstaande koerante wens die polisie geluk dat hul "oordeelkundig weerhou" het van inmenging met 'n skare wat Stop-die-Oorlog-sprekers mishandel! 'n Samelewing wat so gekarakteriseer en so regeer word, is sekerlik 'n geskikte habitat vir Rampokkers". (Eie vertaling).

Talle ander besware teen Brittanje se nuwe vorm van aggressiewe imperialisme in sy kolonies (soos Suid-Afrika) het glo onder Britse gemeenskappe opgeklink. Spencer vat dit behendig saam in sy herinneringe oor imperialisme as regeringsvorm.[41] Hobson se skrywes oor die aangepaste vorm wat imperialisme aangeneem het, veral na die Darwinistiese revolusie se veelkantige invloed op sosiale, ekonomiese en politiese gesprekvoering, soos later bespreek, is grootliks gebaseer op die benadering van Britse imperialisme soos dit in hierdie studie na verwys word. Cohen se opmerking rakende die Britse buitelandse imperiale beleidsvorm, beklemtoon 'n vorm van regverdiging daarvoor dat as 'n staat sy nasionale sekuriteit wil versterk, sal 'n staat soveel moontlik sy internasionale beleid moet aanpas om afhanklikheid teen ander te verminder.[42] Om dit te kan bereik moes 'n staat sy totale magsposisie verbeter deur sy invloed op ander lande te vergroot, naamlik sy oorheersing oor ander lande. Dit veronderstel dat imperialistiese optrede dan as 'n rasionele strategie vir internasionale beleid beskou sou word, en dat dit 'n "wettige en logiese reaksie op onsekerheid met betrekking tot oorlewing sou wees".[43] Hierdie oorlewing van 'n nasie het 'n nuwe dryfveer in sy oplewing gevind, deur die teorie van die oorlewing van die sterkstes en die bestaanstryd wat dien as regverdiging.

### 3.7 Samevatting

In die laat 19de en vroeg 20ste eeu het Brittanje 'n aansienlike samelewingsverandering ondergaan vanweë nuwe ekonomiese, sosiale, politiese en koloniale perspektiewe. Daar was verskeie redes hiervoor, maar een van die grootste redes was weens die aansienlik meer wetenskaplike en industriële wêreld en 'n grootskaalse wegbreek van 'n meer tradisionele lewe, veral rakende godsdiens en politiek. Die kolonialiseringsbeleide en koloniale mag wat die oorheersende tema in die 19de eeu was, is deurweek met verskillende toepassings van

---

41 Exoriar, *Fatal imperialism*, (Watts and Co, London: 1902), p. 39.
42 B.J. Cohen, *The question of imperialism*, (New York: 1974), p. 242.
43 Cohen, *The question of imperialism*, p. 243.

wetenskaplike teorieë, soos dié van oorlewing van die sterkstes en die bestaanstryd. Koloniale rolspelers, Britse politici en imperialiste het sterk diskoerse gehad oor welke mate kolonisering ŉ vorm van natuurlike seleksie is, uitgevoer deur geweld en assimilasie. Diegene wat nie sulke sterk ondersteuning daarvoor getoon het nie, is deur die Britse samelewing as valse imperialiste beskou. Die neiging tot ŉ militaristiese imperialisme het beduidend toegeneem, en nuwe imperialisme was tekenend hiervan. Nuwe imperialisme se inkorporasie van evolusionêre teorieë het hewiger geword soos wat Brittanje al hoe meer kolonies gestig het, veral in Afrika. Brittanje se geskiedenis met Suid-Afrika was teen hierdie tyd reeds gevestig, maar die ontdekking van goud het Suid-Afrika baie aantrekliker gemaak. Suid-Afrika se hulpbronne kon egter slegs benut word as die Afrikaners deel van die Britse samelewing geword het, en nie ŉ verder bedreiging vir Brittanje se heerskappy ingehou het nie. Hier het Brittanje sy bestaanstryd in Suid-Afrika begin, en as oorwinnaars van die oorlog, moes assimilasie en oorlewing van die sterkstes eers plaasvind. Die wyse waarop evolusionêre gedagtegang in Brittanje begin ontwikkel het, bied agtergrond vir die volgende hoofstuk wat oor die intellektuele reis van evolusie na Suid-Afrika handel.

## HOOFSTUK VIER

## SOSIALE DARWINISME: VANAF BRITTANJE TOT SUID-AFRIKA — 'N 19DE-EEUSE INTELLEKTUELE REIS

### 4.1 Inleiding

Die oorsprong van sosiale Darwinisme as lewensbeskouing in 19de-eeuse Suid-Afrika, is ŉ besondere komplekse verkenning. Sekere korrespondensie, publikasies en toesprake van Darwin en andere maak dit nogtans moontlik om verbintenisse met die opkoms van sosiale Darwinisme, soos dit in Brittanje beredeneer is, in ŉ Suid-Afrikaanse konteks op te spoor. Die intellektuele reis van Darwinistiese debatte en gedagtes in Suid-Afrika is ŉ navorsingsgebrek in Suid-Afrikaanse historiografie. Sommige historici raak dit net sydelings aan. Hoofstuk Vier het ten doel om die intellektuele voetspoor hiervan in 19de-eeuse Suid-Afrika te verken, en veral hoe dit binne "Afrikaner"-geledere beleef is (hoewel laasgenoemde aspek merendeels in Hoofstuk Vyf tot sy reg kom). ŉ Hedendaagse opvatting mag dalk wees dat sosiale Darwinisme merendeels rasgefundeerde konflikte ontketen het. Dit was egter meer as net "ras", en fokus op volkere en nasies.[1] Na hierdie en die daaropvolgende hoofstuk behoort hierdie gedagte wat deels deur Beinart gehuldig word, duideliker sigbaar te wees in veral die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

### 4.2 Darwin se evolusionêre denke: Gesprekke hieroor in 19de-eeuse Suid-Afrika

Charles Darwin se filosofie en 19de-eeuse waarneembaarheid in Suid-Afrika is nie so vergesog as wat dit vanuit ŉ 21ste eeuse perspektief mag lyk nie. Darwin het byvoorbeeld in sy leeftyd met meer as 2 000 individue wêreldwyd[2] gekorrespondeer, waarvan sommige Suid-Afrikaners was.[3]

---

1 Vergelyk byvoorbeeld met William Beinart se opmerking: "The science of race, which slip-streamed in Darwin's wake, was given particular impetus by imperial conquest in South Africa" soos in W. Beinart and S. Dubow, *The scientific imagination in South Africa – 1700 to present*, (Cambridge University Press, Cambridge: 2021), p. 28.

2 Weliswaar moet vermeld word dat Darwin min individue uit Indië en China gehad het. Kyk https://www.darwinproject.ac.uk/,

3 Kyk https://www.darwinproject.ac.uk/ vir ŉ volledige lys van korrespondente.

Op 31 Mei tot 19 Junie in 1836 het Darwin kortstondig in Simonstad vertoef op pad terug van sy Suid-Amerikaanse reis.



**Figuur 4.2**
**'n Skets van die bekende skip, die HMS Beagle,** waarmee Darwin aan die Kaap aangekom het. Daar is ongelukkig geen illustrasies of foto's van die HMS aan die Kaap nie; die bogenoemde skets is in Suid-Amerika gedoen.
Bron: https://cdn.britannica.com/72/143972-050-BD3F0D14/sands-HMS-Beagle-vessel-Robert-Fitzroy-Rio-1836.jpg

Darwin het dagboek gehou van sy daaglikse wedervaringe. 'n Inskrywing op die tweede dag in Simonstad is insiggewend vir die doel van hierdie studie oor sosiale Darwinisme:

> *There is scarcely a resident in town, excepting those among the lowest order, who does not speak English; in this facility becoming Anglefied ... nevertheless some few Dutchmen have lately sent their sons to England to learn a proper system of agriculture…. All the fragments of the civilized world, which we have visited in the southern hemisphere, all appear to be flourishing; little embryo Englands are all hatching in parts.*[4]
>
> "Daar is bykans geen inwoner in die dorp, afgesien van die laagste klas, wat nie Engels praat nie [waarskynlik verwysend na Hollandssprekendes en

[4] R.D. Keynes, *Charles Darwin's Beagle Diary*. (Cambridge University Press, Cambridge: 2001), p. 424.

> slawegroepe?]; wat dan verengels het… nietemin het ŉ paar Hollanders die afgelope tyd hulle seuns na Engeland gestuur om deeglike landboukundige opleiding te ontvang… Al die gedeeltes van die beskaafde wêreld wat ons [Britte] in die Suidelike Halfrond besoek het, blyk te floreer: klein embrio's van Engeland wat oral "uitbroei" [ontwikkel]".[5] (Eie vertaling).

Deur ŉ noukeurige bestudering van Darwin se waarnemings, wil dit voorkom of hy ŉ "gesonde" idee het van sy eie klas en Britse afkoms, asook oorheersing elders wat hom waarskynlik geval het. Uit ander opmerkings in sy dagboekinskrywings teenoor sy belewenis van ŉ Khoesangids, blyk dit nogal dat Darwin baie waarde geheg het aan "buitestanders" wat Westerse en Britse waardes omarm, soos beskaafdheid, kleredrag, Engelstaligheid.[6]

Darwin het sy tyd in die Kaapkolonie benut deur verskeie wetenskaplikes te ontmoet, waaronder John Herschel, Andrew Smith, Thomas Maclear, asook die koloniale sekretaris John Bell (op 15 Junie 1836).[7] Dit is verder opvallend dat Darwin in sy latere publikasie oor sy reis, naamlik *A naturalist's voyage round the world* in Mei 1860, feitlik geen melding gemaak het van sy tyd in die Kaap nie. Tog, in sy laaste opmerking, haal hy filosoof John Herschel aan wat hy in die Kaap ontmoet het — iemand vir wie hy groot respek gehad het. Dit sal later in die hoofstuk behandel word as Darwin se private korrespondensie met Herschel bespreek word. Beinart en Dubow maak melding van sir John Herschel in Darwin se meer bekende publikasie, die "*Origins of species"*.[8] Hierin verwys Darwin op die eerste bladsy na John Herschel as "een van ons [Britse konteks] beste filosowe" in natuurlike filosofie (die studie van natuur en die heelal). Dit is egter nie so opsigtelik vir die gewone leser nie, aangesien Herschel se naam nie genoem word nie, maar slegs ŉ aanhaling van hom, waarna Darwin in sy inleiding verwys.

ŉ Ander welbekende wetenskaplike wat Darwin aan die Kaap ontmoet het, Andrew Smith, het belangrike inligting rakende die ontdekking van ŉ onbekende fossiel in Suid-Afrika in 1839 ook aan Darwin gerapporteer. Darwin het die *Geological Society of London* daarvan in kennis gestel.[9] Die fokuspunt hier is die wyse waarop hierdie wetenskaplike verenigings en netwerke tussen Suid-Afrika en elders aandag geniet het. Dit is ook opvallend dat al hoe meer vrae

5 Keynes, *Charles Darwin's Beagle Diary*, p. 424.
6 Kyk byvoorbeeld sy dagboekinskrywing op 4 Junie soos in Keynes, *Charles Darwin's Beagle Diary*, p. 425.
7 Beinart and Dubow, *The scientific imagination of South Africa*, p. 32.
8 Beinart and Dubow, *The scientific imagination of South Africa*, p. 32.
9 Beinart and Dubow, *The scientific imagination of South Africa*, p. 147.

rakende natuurlike oorsprong en die kwessie rondom die heelal, en die mens se plek daarin, in wetenskaplike kringe begin opduik het.

Dan is daar Mary Elizabeth Barber. Sy was deel van die generasie Britse setlaars wat hulle tussen 1806, maar veral van 1820 af en later, in die Kaap gevestig het. In Suid-Afrika het sy ŉ belangstelling in plantkunde getoon en was bevriend met ŉ William Harvey wat in die 1830's in die Kaap as tesourier-generaal werksaam was. Hy het ook sy tyd in Suid-Afrika aan die bestudering van plantkunde gewy. Harvey het in 1838 ŉ boek oor plantkunde gepubliseer, wat sy weg gevind het na Barber, wat vir Harvey van haar notas en plantmonsters aangestuur het.[10] Harvey is in 1844 by *Trinity College* in Dublin aangestel, waar hy van Barber se notas gebruik gemaak het om ŉ boek te skryf genaamd *Flora Capensis* wat in 1859 gepubliseer is. Beinart en Dubow dui ook aan dat Barber in ŉ vooraanstaande akademiese tydskrif van die *Linnean Society* gepubliseer het, ŉ belangrike rolspeler in die latere tydperk toe evolusionêre teorieë en Darwinistiese publikasies in die mode was. Barber was ook die eerste Suid-Afrikaner om in hierdie joernaal te publiseer. Sy was een van diegene wat ook een van Darwin se vraelyste beantwoord het vir een van sy werke, wat later in meer diepte bespreek sal word.

### 4.3 Britse koloniale waarnemings en ander navorsing in Suid-Afrika

Barber het Darwin se teorie van natuurlike seleksie al in die vroeë stadium van die evolusionêre debat begin toepas, veral in haar werke oor voëls se seksuele seleksie.[11] Barber se uitgesproke sieninge van swart kulture was, soos die meeste van die toentertydse blanke gemeenskappe in Suid-Afrika, dat swart mense intellektueel minderwaardig teenoor blankes was. Barber het wel ŉ mate van belangstelling getoon in Afrikakulture en volgens Beinart beplan om ŉ boek oor mense van Afrika te skryf en die natuurgeskiedenis van Suid-Afrika, maar dit het nooit gerealiseer nie. Beinart meld dat haar ongewilde en werklike koloniale opinie na vore kom ŉ artikel in Kimberley en haar ervaring met mense van die Khoi-Khoi-kultuur. Sy maak direkte vergelykings tussen die Khoi-Khoi en diere, wat ŉ bykans presiese benadering van sosiale Darwinisme was soos dit in Europese kringe gebruik is om wetenskaplike kennis te gebruik as ŉ sogenaamde regverdiging vir rassehiërargieë. Sy skryf:

---

10 Beinart and Dubow, *The scientific imagination of South Africa*, p. 151.

11 T. Hammel, 'Thinking with birds: Mary Elizabeth Barber's advocacy for gender equality in ornithology', *Kronos*, vol. 41, no. 1 (2015), pp. 85 - 111.

*... What is this peculiar noise – these low, chattering, clicking sounds that are gradually approaching us? Surely it cannot be that there are troops of baboons or monkeys in the encampment!... a troop of Korannas speaking their own wild language. Oh that Darwin were here to take notes! These creatures (like their hairy prototypes) wander about in gangs... their language is fearfully near to that of the 'beasts that perish;' and those who know the Koranna character well are also aware of the slight barriers that separate the two.* [12]

"... Wat is hierdie eienaardige geraas – hier lae gebabbel, klikklanke wat geleidelik nader aan ons kom? Dit kan sekerlik nie wees dat daar troppe bobbejane of ape in die kamp is nie! ... ʼn trop Korannas wat hulle eie wilde taal praat. O, as Darwin net hier was om aantekeninge te maak! Hierdie skepsels (soos hulle harige voorgangers) dwaal rond in groepe... hulle taal is so verskriklik naby aan dié van die 'gediertes wat sterwe;' en diegene wat die Korannakarakter ken is ook bewus van die geringe grens wat die twee skei". (Eie vertaling).

### 4.4 Gedagtes oor die Darwin gonsery op die denke van Britse intellektueles in die Kaap

In die Kaap het L. Dale ook gereeld artikels in *The Cape Monthly Magazine* oor kwessies soos Darwinisme, evolusie, natuurlike seleksie en die oorlewing van die sterkstes gepubliseer. Dale was nie ʼn ondersteuner van Darwin nie, maar Dale se sieninge het groot ondersteuning in die Kaap ontvang gegewe sy rol in die Kaapse onderwysstelsel. Dale was superintendent-generaal van onderwys in die Kaap van 1859-1892 en het ook ʼn aandeel gehad aan die totstandkoming van die Universiteit van die Kaap de Goede Hoop in 1873, waarna hy as visekanselier en later as kanselier gedien het.[13] Dale het op 9 Mei 1874 as visekanselier ʼn toespraak by die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek gehou, waarin hy terugvoer gegee het oor sy beskouings van die moderne teorieë van die tyd. Hy het die sogenaamde leerstelling van die oorsprong van spesies deur "natuurlike seleksie" verduidelik, en die teorie kortliks opgesom. Hy het gesê dat die teorie op die aanname berus dat die individu (of organisme) in die diere- en planteryk met sy nasate ʼn gemeenskaplike of spesifieke eienskap (deur middel van gene) kommunikeer,

---

12 M.E. Barber, "Night at Du Toit's Pan" in *The Cape Monthly Magazine*, January to June, (J.C. Juta, Cape Town: 1871), p. 332. Sien ook W. Beinart "Men, science, travel and nature in the Eighteenth and Nineteenth-century Cape", *Journal of Southern African Studies*, vol. 24, no. 4, (1998), p. 798.

13 Beinart and Dubow, *The scientific imagination of South Africa*, p. 153.

sowel as individuele variasies wat kan plaasvind in genetiese samestellings. In ŉ oorlewingstryd sal die sterkste van die nasate oorleef, en beter kan ontwikkel. Hierdie individue met positiewe eienskappe sal dan beter kan aanpas en ander invloede kan weerstaan, terwyl dié sonder die eienskappe stelselmatig sal uitsterf.[14] Hy bespreek die teorie verder met ŉ godsdienstige toepassing oor vrees rakende die mens se mortaliteit en siel en "wanneer presies sal die mens ŉ onsterflike wese word".[15] Hier word dit duidelik dat daar beslis sosiale aspekte in gedrang was met die oordra van evolusionêre beskouings in Suid-Afrika. In Dale se toespraak het hy selfs die oorsprong van taal in verband met die teorie van evolusie bespreek, veral van toepassing weereens op die Khoi-Khoi-taal.[16]

Dr. W.B. Berry, ŉ latere vooraanstaande politikus en spreker van die *House of Assembly*, asook betrokke by die publikasie van *The South African Medical Journal*, was ŉ ondersteuner van evolusionêre teorieë. Dubow beweer dat Berry openlik met Dale woorde gewissel het oor evolusie. Berry se ondersteuning van evolusie was so sterk gewortel dat hy in 1867, toe die teorie nog hoogs omstrede was, sy woning in Queenstown tydelik moes verlaat het nadat hy deur die dorpsmense verjaag was, om sy mediese praktyk in die veel kleiner dorpie, Burgersdorp, voort te sit.[17] Die *South African Medical Journal* het in mediese diskoerse self ook geraak aan die leerstelling van evolusie in die 19de eeu,[18] maar het eers met die aanvang van die 20ste eeu ernstig daaroor begin publiseer, soos later verder bespreek sal word.

Daar is ook spottenderwys aanmerkings gemaak oor Darwinisme. Dr. W.G. Atherstone, wat ook gereeld in *The South African Medical Record* geskryf het, het in ŉ verhaal vir *The Cape Monthly Magazine* geskryf oor ŉ Boerseun wat so "bruin is soos die Karoo self". "Wat sal die Darwinne te sê hê oor hierdie ongetwyfelde ontwikkeling van ŉ Boer na ŉ Hottentot [KhoiKhoi], deur die blote sonlig van ŉ dosyn somers? Hy sal inpas in alle etnologiese werke in die toekoms waar Darwinistiese invloed strek".[19] Ten spyte van hewige kritiek van godsdiensgroepe in Suid-Afrika, was daar beduidende tekens dat Darwinistiese idees in die

14 L. Dale, "Anthropologies – A review of modern theories", *The Cape Monthly Magazine*, 1874, p. 353.
15 Dale, "Anthropologies", p. 354.
16 Dale, "Anthropologies", p. 356.
17 Beinart and Dubow, *The scientific imagination of South Africa*, p.155.
18 J.H. Meiring Beck, Pathological evolution – Pathology from an 'Evolution' point of view – A paper read before the South African Philosophical Society" in *The South African Medical Journal*, 28 July 1888, pp. 28-30.
19 W.G. Atherstone, "From Graham's Town to the Gouph – Chapter 3", *The Cape Monthly Magazine*, July to December 1871, p. 50: "What will the Darwinians say . . . of this undoubted development of Boer into Hottentot, by the mere solarization of a dozen summers? He'll figure in all ethnological works in future where Darwinian influence extends".

konteks van die koloniale bewind aan die Kaap en die meegaande probleme rakende rassehiërargieë in die 19de eeu kop uitgesteek het.

Dit kom byvoorbeeld na vore in ŉ skrywe van eerwaarde (Reverend) J. Turnbull in Natal wat geskryf het oor die waarde van Darwinisme binne ŉ Christelike konteks. Turnbull verwys na twee van Darwin se werke, naamlik *The descent of man* en *Origins of species* waar hy begin deur die breë konteks van evolusie binne ŉ gelowige konteks rakende plante en diere te bespreek. Later in sy artikel verwys hy nogtans na die direkte kwessie van evolusie van mense binne die Christelike siening van ŉ almagtige God se invloed op die evolusionêre proses, wat nie noodwendig die bestaan van God ontken nie. Hy skryf dat die teorie van Darwin tog erkenning daaraan verleen dat daar ŉ skepper is, asook dat Darwin die noodsaaklikheid erken van die bestaan van ŉ god en van die bonatuurlike.[20] Turnbull kom tot die slotsom: "Die beslissing van die grote teoris is dat daar geen begin van ŉ georganiseerde lewe sou wees as daar geen God was nie".[21] Daar was dan natuurlik ook die teenpool. Aartsdeken Peter Parry Fogg in George, wat later vikaris-generaal van Sint Helena geword het, het in Oktober 1872 gereken dat Darwin se teorie niks anders as "absurd" is nie, omdat hy homself weerspreek en dat dit "afgryslik" is omdat dit geloof teengaan.[22] Deel van Fogg se argument teen evolusie was dat "die laagste voorbeelde van menslikheid tussen die rasse van Afrika voorkom en langs hulle is die mens se veronderstelde voorvader, die gorilla" en dat swart agteruitgang genoeg bewys is om die idee van progressiewe evolusie te weerlê.[23]

Nog ŉ interpretasie van sosiale aspekte van Darwinisme is ŉ publikasie van W.H. Bleek, wat ŉ gereelde skrywer in die *Cape Monthly Magazine* was. Hy het in 1868 ŉ studie in *The origins of language* gepubliseer wat veral op die KhoiKhoi- en Bantutaal gefokus het. Bleek was van mening dat kennis en begrip van hierdie tale die sleutel is om ongeveer drievyfdes van alle tale op aarde en hul oorsprong te kan ontsluit.[24] Die sleutel volgens Bleek lê in die siening dat die

---

20 Rev J. Turnbull, "Darwinism: its value as a cosmological theory", *The Cape Monthly Magazine*, 1875, p. 216, "The theory of Darwin concedes that there is a creator. . . He admits the necessity of the existence of a God, and the Supernatural. And he admits, too, that this God exercised a power which is miraculous, and that unless he had done so there were no living organisms or beings upon the earth."

21 Turnbull, "Darwinism", p. 224.

22 D.N. Livingstone, "Debating Darwin at the Cape", *Journal of Historical Geography,* vol. 52 (2016), p. 4.

23 Livingstone, "Debating Darwin at the Cape", p. 4, oorspronklik geskryf as "Among the races of Africa were some of the lowest specimens of humanity and almost side by side with them is found man's pretended ancestor the gorilla, and that black degradation was evidence enough to refute the idea of progressive evolution."

24 W.H. Bleek, "Scientific reasons for the study of the Bushman language", in *The Cape Monthly Magazine,* September 1873, p. 150.

Bantu-, Boesman- en Hottentot-taal primitief is, en dat dit ook ŉ blik kan gee op antieke tale, ter ondersteuning van die evolusie van taal. Ernst Haeckel, ŉ prominente evolusionêre wetenskaplike binne die Duitse konteks, het ook gereeld met Darwin gekorrespondeer. Hy het in die voorwoord van Bleek se studie *The origins of language* geskryf:

> *From this time, he* [Bleek] *laboured in Cape Town ... took advantage of the numerous resources at his command in order to bring together a collection of materials as rich as possible for an accurate ethnological and philological knowledge of the peoples and languages of South Africa which have remained in such low conditions of culture... Bleek soon found in Cape Town other and manifold opportunities for becoming more closely acquainted with those lower races of men; who in every respect remind us of our animal ancestors, and who, to the unprejudiced comparative student of nature, seem to manifest a closer connection with the gorilla and chimpanzee of that region that with a Kant or a Göthe*.[25]

> "Van hierdie tyd af het hy [Bleek] in Kaapstad gewerk ... het voordeel getrek uit die talle hulpbronne tot sy beskikking ten einde ŉ versameling materiaal byeen te bring, so volledig moontlik vir ŉ akkurate etnologiese en filologiese kennis van die volke en tale van Suid-Afrika wat op so ŉ lae kulturele ontwikkelingsvlak gebly het... Bleek het spoedig in die Kaap talle geleenthede gevind om meer bekend te word met die laer menserasse; wat ons in alle aspekte herinner aan ons dierlike voorouers, en wat, vir die onbevooroordeelde vergelykende student van die natuur, blyk ŉ nouer verband met die gorilla en sjimpansee van daardie streek te hê, as met ŉ Kant of ŉ Göthe". (Eie vertaling).

Die veelsydigheid van die interpretasies van Darwin se werke is duidelik in Suid-Afrikaanse kontekste in die 19de eeu, vanaf geloof, taal, kulture tot komedie. Hoewel dit meestal in een kontemporêre bron voorkom, naamlik *The Cape Monthly Magazine*, is dit duidelik dat Darwinisme beslis in die 19de eeu in verskillende kringe die rondte gedoen het, veral tussen Kimberley, Natal en die Kaap. Dit is wel nie al waar dit aangetref kan word nie, soos vervolgens aangedui sal word.

---

25 W.H. Bleek, *On the origin of language*, (L.W. Schmidt, New York: 1869), p. v.

## 4.5 Verdere rippelings van sosiale Darwinisme in Suid-Afrika

Darwin het nie net sy teorie van evolusie gelaat by sy magnum opus nie, maar het twee verdere belangrike werke in die 19de eeu gepubliseer, naamlik *The descent of man* en *The expression of the emotions in man and animals*. Die teorie van die mens se oorspronklike en gesamentlike herkoms via evolusionêre ontwikkeling uit diere het verdere aandag geniet in *The expression*. Hierin was die fokuspunt om die wyse te ondersoek waarop mense en diere emosies toon. Darwin het natuurlik besef dat die wyse waarop Europese kulture emosies toon nie genoegsaam gaan wees om sy teorie te ondersoek nie, en het ŉ vraelys uitgestuur na verskeie dele van die wêreld om sover moontlik navorsing te doen oor verskeie kulture en hul emosionele uitdrukkings. Die vraelys het sy weg gevind tot in Suid-Afrika met behulp van J.P.M Weale en Barber. Darwin skryf in sy inleiding dat hy min inligting ontvang het met betrekking tot die inheemse swart groepe van Afrika, maar dat hy tog enkele antwoorde ontvang het. Interessant genoeg wou hy nie inligting van inheemse swart mense ontvang wat weens slawehandel in Amerika beland het nie, want die invloed van Amerikaanse blankes op slawe, sou volgens Darwin nie van waarde wees vir die navorsingsdoeleinde van emosies in mense uit verskillende kulture nie.[26]

Darwin noem dat Barber en Weale vir hom omvattende inligting gestuur het oor swart kultuurgroepe in Suider-Afrika. Darwin gee spesiale erkenning aan Christian Gaika, broer van Nkosi Sandilli van die Xhosakultuur, vir Gaika se brief in Engels rakende sy waarnemings van emosies onder Xhosas.[27] Gaika het gewerk as ŉ konstabel en tolk in die Kaapkolonie van 1867 tot 1887 of selfs later. Hy was geletterd, want sendelinge het hom onderrig en in Engels opgevoed.[28] Christian en Sandile was koning Gaika se seuns, wat die Engelse naam van die Xhosanaam Ngqika is. Die Ngqikastamme van die Xhosas het in die begin van die 19de eeu ŉ soortgelyke stryd teen die Britse koloniale beleid gevoer en het hulle hewiglik tot en met die verwoestende uitwerking van die Mfecane verset. Christian se agtergrond is dus uiters waardevol wanneer dit kom by die Ngqika-afstammelinge en Xhosakultuur in die 19de eeu. Christian het tog nie soveel gesag geniet nie, al was hy een van Ngqika se seuns, omdat Christian Ngqika se laasgebore seun was. Christian se antwoorde op Darwin se vraelys bring

26 C. Darwin, *The expression of the emotions in man and animals*, (John Murray, London: 1872), pp. 21-22.

27 Darwin, *The expression of the emotions in man and animals*, p. 22. Die spelling van Sandilli het later na Sandile verander.

28 R. Shanafelt, "How Charles Darwin got emotional expression out of South Africa (and the people who helped him)," *Comparative Studies in Society and History* vol. 45 (2003), p. 815.

ʼn waardevolle punt na vore wat nie werklik in ag geneem word in sy verhaal nie. Dit is die feit dat hy belangstelling getoon het in wetenskaplike bydraes oor Xhosas, wat meer was as die bydraes wat van ander kultuurgroepe in Suid-Afrika verkry is. Weale skryf in sy brief aan Darwin, waarby Christian se geskrewe antwoorde gevoeg is: "Ek is jammer om te noem dat dit baie moeilik is om diegene, wat die Kafirs die beste ken, te oorreed om antwoorde te skryf. Intelligensie is op so ʼn lae vlak hier, dat dit die uitsondering is om wetenskaplike navrae te doen wat nie met minagting bejeën word nie".[29] Weale het kopieë vir boere in die omgewing uitgedeel, maar hulle het geen moeite gedoen om daarop te reageer nie. Christian se handgeskrewe antwoorde aan Darwin is werklik merkwaardig, siende dat dit een van die enkele eerlike skrywes is wat Darwin oor kulture in Afrika ontvang het.

Gaika se terugvoer op Darwin se vrae in die Darwin vraelys is nie so beskrywend soos dié van Barber en Weale nie (Kyk Figuur 4.5), waar Europese vooroordeel tog aangetref word. ʼn Voorbeeld is Weale se antwoord op Vraag 1:

> Vraag 1: *Is astonishment expressed by the eyes & mouth being opened wide, and by the eyebrows being raised*? (Vertaal:"Word verbasing uitgedruk deur die oë en mond groot oop te maak, en die wenkbroue te lig? (Eie vertaling)).

Waarop Weale antwoord:

> *In Kafirs (Amakosa) eyebrows raised, & a slight whistle at the price of an article. Sometimes by the interjection "Q-how," an expression rapidly made use of by Europeans much in contact with them.*[30]
>
> (Vertaal): "By die (Amakosa) word wenkbroue gelig, en ʼn sagte fluitgeluid gemaak vir die prys van ʼn item. Soms word die tussenwerpsel '*Q-how*' ook geuiter, iets wat Europeërs ook gebruik wat in gereelde aanraking met hulle is".

Barber se antwoord is iets soortgelyks:

---

29 CULC, DL, C Darwin Correspondence Project, Letter 8716, January 1873. "I am sorry to say it is very difficult to get those, who best know the Kafirs, to write replies. Intelligence is at such a low stage here, that it is the exception to find scientific enquiries treated otherwise than with contempt. I wrote out some copies and gave them to some farmers in the neighbourhood, but they have never taken any trouble with the subject".

30 Cambridge University Library Collections (CULC), Digital Library (cudl.lib.cam.ac.uk), Darwin Correspondence Project, Letter no. 8716 (DAR 181: 44), J.P.M. Weale/ C. Darwin, January 1873 accessed on 12 September 2024, https://www.darwinproject.ac.uk/letter/?docId=letters/DCP-LETT-8716.xml.

*By the Kafir and Fingoe tribes astonishment is expressed by a serious look and by placing the right hand upon the mouth at the same time uttering the word Mawo! Which means wonderful*.[31]

(Vertaal): "By die Kafir- en Fingostamme word verbasing uitgedruk deur ŉ ernstige gesigsuitdrukking en die plasing van die regterhand op die mond en die woord Mawo! Wat wonderlik beteken".

Gaika se antwoord op Vraag 1 was eenvoudig (en myns insiens ŉ basiese korrekte antwoord): *"Yes they do open their mouths and rise their eyebrows"*.[32] "Ja hulle maak hulle monde oop en lig hul wenkbroue". M.J. Bowker het deur middel van Weale ook enkele antwoorde gestuur. Hy het nie gelys watter vrae hy beantwoord nie, maar het ŉ minimum van vyf vrae uit die 17 beantwoord. Hierdie blyk die antwoord op Vraag 10 te wees: *"A Kafir on being asked whether he thought East London was as fine a place as King Williamstown made a distinct "Achg!" like incipient vomiting, far more distinctly than any European could"*.[33] "Wanneer ŉ Kafir [sic] gevra word of hy dink Oos-London is net so ŉ goeie plek soos King Williamstown, word ŉ kenmerkende "Achg!" gehoor soos die beginstadium van braking, ŉ baie duideliker reaksie as wat by Europeërs aangetref is". Bowker se antwoord is nie in *Expression* gepubliseer nie, maar sy subtiele beskrywings is veelseggend. In sy brief aan Weale het Bowker gereageer op Weale se optimisme oor die beskawing van die swart mense, Gaika se vermoë om te kan skryf, en oor die feit dat sendelinge se onderwyspogings nie genoegsaam is nie. Volgens hom was dit duidelik dat hoe langer ŉ swart mens op ŉ sendingstasie is, hoe ŉ slegter dienskneg is hy.[34] Die tweede vraag, "Bring skaamte ŉ blos na vore waar die kleur van die vel dit sigbaar maak? Hoe vêr ondertoe na die liggaam strek die blos?"[35] se antwoorde is net so opvallend. Gaika

31 Cambridge University Library Collections (CULC), Digital Library (cudl.lib.cam.ac.uk), Darwin Correspondence Project, Letter no. 5745 (DAR 160: 40), M. E. Barber/ C Darwin, February 1867 accessed on 13 September 2024, https://www.darwinproject.ac.uk/letter/?docId=letters/DCP-LETT-5745.xml Sien ook *The Correspondence of Charles Darwin*, vol. 15.

32 Cambridge University Library Collections (CULC), Digital Library (cudl.lib.cam.ac.uk), Darwin Correspondence Project, Letter no. 5581 (DAR 181: 41), J.P.M. Weale/ C. Darwin, January 1873 accessed on 12 September 2024, https://www.darwinproject.ac.uk/letter/?docId=letters/DCP-LETT-8716.xml.

33 Cambridge University Library Collections (CULC), Digital Library (cudl.lib.cam.ac.uk), Darwin Correspondence Project, Letter no. 5722 (DAR 181: 42), J.P.M. Weale providing J.H. Bowker's response/ C. Darwin, December 1867, accessed on 12 September 2024, https://www.darwinproject.ac.uk/letter/?docId=letters/DCP-LETT-5722.xml Sien ook *The Correspondence of Charles Darwin*, vol. 15.

34 CULC, DL, C Darwin Correspondence Project, Letter no. 5722 (DAR 181: 42), December 1867.

35 Sien vraag 2 op die vraelys aangeheg "Does Shame excite a blush when the colour of the skin allows it to be visible? Especially how far down the body does the blush extend?"

antwoord: "Nee, daar is geen verkleuring van die gesig sigbaar nie".[36] Weale antwoord dat hy dit nog nooit waargeneem het nie, maar wanneer siek, besope, of in groot vrees, kry "Kafirs" se gesig en nek ŉ groen-bruin skakering, en blykbaar ook as hulle voorgee om siek te wees.[37] ŉ Ander interessante opmerking is dat Gaika al 17 vrae beantwoord het, terwyl Weale, Barber en Bowker net enkele vrae aangeraak het.[38]

Om terug te kom na die belangrikheid van Darwin se vraelys wat onder meer na Suid-Afrika gestuur is, moet daar gekyk word na die bedoeling van Darwin se skrywe. Shanafelt skryf dat Darwin beoog het om by wyse van evolusie ŉ publikasie van Charles Bell, *The anatomy of expression*, teen te staan, waarin Bell beklemtoon het dat die spesiale ontwikkeling van die mens te sien is in die biologiese samestellings van spiere in die mens se gesig, wat toelaat dat mense kan lag, frons, huil, en so meer.[39] Darwin se navorsing en sy agtergrond van die mens se evolusionêre ontwikkeling het natuurlik bygedra tot die suksesvolle weerlegging van Bell se argument. Darwin het in *The expression* probeer aantoon hoe en waarom ons emosies op ŉ spesifieke wyse toon, omdat bewyse van evolusie duidelik was in die patroon van gemeenskaplike emosionele uitdrukkings in verskillende spesies, rasse en kulture, wat die moontlikheid van dieselfde oorsprongspunt kon ondersteun. Daardeur het Darwin se hipotese dat die mens ŉ gemeenskaplike voorvader het, verdere ondersteuning gekry. Na Darwin se publikasie van *Expression* het hy gewerk aan die *Descent of man* rakende evolusie en die mens wat veel meer aandag gekry het Hier en daar het Darwin tog teenstrydige uitlatings gemaak wat veral in later ideologiese konsepte verdraai is. Shanafelt maak ŉ belangrike uitlating, naamlik dat Darwin se tydgenote maklik in Darwin se werk óf ondersteuning kan vind vir humanitêre benaderings, óf vir rassehiërargieë, dit word deur voorkeure bepaal.[40] Dit is hier waar die kwessie van voorkeur ingewikkeld raak.

---

36 CULC, DL, C Darwin Correspondence Project, Letter no. 5581 (DAR 181: 41), July 1867.

37 Cambridge University Library Collections (CULC), Digital Library (cudl.lib.cam.ac.uk), Darwin Correspondence Project, Letter no. 8716 (DAR 181: 44), J.P.M. Weale/ C. Darwin, January 1873 accessed on 12 September 2024, https://www.darwinproject.ac.uk/letter/?docId=letters/DCP-LETT-8716.xml. "I have never observed this, but when sick, dead-drunk, or in great terror Kafirs turn a greenish brown tint, which extends over the face & neck, & they are able to do this also when *feigning* sickness".

38 CULC, DL, C Darwin Correspondence Project, Letter no. 5581 (DAR 181: 41), July 1867 is Gaika se antwoorde te vinde, CULC, DL, C Darwin Correspondence Project, Letter no. 5722 (DAR 181: 42), December 1867 is Bowker se antwoorde te vinde, CULC, DL, C Darwin Correspondence Project, Letter no. 5745 (DAR 160: 40), February 1867 vir Barber se antwoorde.

39 Shanafelt, "How Charles Darwin got Emotional Expression", p. 818.

40 Shanafelt, "How Charles Darwin got emotional expression", p. 832.

Darwin se publikasie *Origins* het nie soveel aandag gekry in intellektuele kringe in die Kaapkolonie soos *Descent of man* nie.[41] Die vraag kan gevra word of *Descent of man* meer aandag gekry het weens die weg wat reeds deur die ontwikkeling van nuwe imperialisme gebaan is, en dat dit bygedra het tot tydgenootlike lesers in die Kaap se voorkeur vir rassehiërargieë. Hoewel Darwin sy woorde versigtig gekies het wanneer dit kom by evolusie en die uitwerking en toepassing daarvan op hedendaagse mense, het hy tog die volgende in *The descent of man* beweer: "At some future period, not very distant as measured by centuries, civilised races of man will almost certainly exterminate and replace throughout the world the savage races".[42] "Iewers in die toekoms, nie so lank soos in eeue gemeet nie, sal beskaafde rasse ongetwyfeld oral ter wêreld die barbaarse rasse uitroei en vervang". Hoewel ŉ mens kan argumenteer dat Darwin sy stelling gemaak het vanuit ŉ wetenskaplike perspektief, is dit weereens nodig om die tydgees in ag te neem. Diegene met ŉ imperialistiese wêreldbeskouing kan maklik regverdiging vir kolonialisme in sulke stellings vind — weereens is die invloed van nuwe imperialisme na die 1870's, toe *Descent* gepubliseer is, duidelik sigbaar.

41 Dubow and Beinart, *The scientific imagination of South Africa*, p. 97.
42 C. Darwin, *The descent of man, and selection in relation to sex*. (London, John Murray: 1871), p. 201.



Answers written by Christian Gaika, Gaika
Institute at Bedford, brother of the chief Sandille
Natal 26

Answer to first question
yes they do open their mouths and raise their eyebrows.

Second question
Known there is no discolour of the face visible.

Third question
yes when the indignation is much in them. but they do not square their shoulders.

Fourth question
yes and some times puts his hand to his chin. and pul his beard

Fifth question
Known

Sixth question Known the degree is seen.

Seventh question
Known he lifts his upper lip a little and shows his upper teeth and turns his head on the side of the one he is adressing

eigth question
yes they do when fighting

ninth question
Contempt is expressed by smiling and laughing

Tenth question
yes. but not always.

Eleventh question yes the shaking of the body is much experienced and the eyes widely opend.

Twelfth question yes that is their common practice.

Thirteenth question yes they are then really and look ashamed to keep their heads up.

Fourteenth question
yes and some times shown dishonour to the one

Fifteenth question
Guilt can be recognised by the eye half opend. and the chin to the breast. and some times by the movements in the body. Jealous by the [illegible] shown to the party

Sixteenth question
yes

Seventeenth question
yes

J. P. Mansel Weale
of Natal

## Figuur 4.5.1 - Christian Gaika se geskrewe antwoorde op Darwin se vraelys

Bron: Cambridge University Library Collections (CULC), Digital Library (cudl.lib.cam.ac.uk), Darwin Correspondence Project, Letter no. 5581 (DAR 181: 41), JPM Weale/ C Darwin, July 1867 accessed on 13 September 2024, https://www.darwinproject.ac.uk/letter/?docId=letters/DCP-LETT-5581.xml. Sien ook *The Correspondence of Charles Darwin*, vol. 15**.**



QUERIES ABOUT EXPRESSION.

(1.) Is astonishment expressed by the eyes and mouth being opened wide, and by the eyebrows being raised?

(2.) Does shame excite a blush when the colour of the skin allows it to be visible? and especially how low down the body does the blush extend?

(3.) When a man is indignant or defiant does he frown, hold his body and head erect, square his shoulders and clench his fists?

(4.) When considering deeply on any subject, or trying to understand any puzzle, does he frown, or wrinkle the skin beneath the lower eyelids.

(5.) When in low spirits, are the corners of the mouth depressed, and the inner corner of the eyebrows raised by that muscle which the French call the "Grief muscle?" The eyebrow in this state becomes slightly oblique, with a little swelling at the inner end; and the forehead is transversely wrinkled in the middle part, but not across the whole breadth, as when the eyebrows are raised in surprise.

(6.) When in good spirits do the eyes sparkle, with the skin a little wrinkled round and under them, and with the mouth a little drawn back at the corners?

(7.) When a man sneers or snarls at another, is the corner of the upper lip over the canine or eye tooth raised on the side facing the man whom he addresses?

(8.) Can a dogged or obstinate expression be recognized, which is chiefly shewn by the mouth being firmly closed, a lowering brow and a slight frown?

(9.) Is contempt expressed by a slight protrusion of the lips and by turning up the nose, with a slight expiration?

(10.) Is disgust shewn by the lower lip being turned down, the upper lip slightly raised, with a sudden expiration, something like incipient vomiting, or like something spat out of the mouth?

(11.) Is extreme fear expressed in the same general manner as with Europeans?

(12.) Is laughter ever carried to such an extreme as to bring tears into the eyes?

(13.) When a man wishes to shew that he cannot prevent something being done, or cannot himself do something, does he shrug his shoulders, turn inwards his elbows, extend outwards his hands and open the palms; with the eyebrows raised?

(14.) Do the children when sulky, pout or greatly protrude the lips?

(15.) Can guilty, or sly, or jealous expressions be recognized? though I know not how these can be defined.

(16.) As a sign to keep silent, is a gentle hiss uttered?

(17.) Is the head nodded vertically in affirmation, and shaken laterally in negation?

Observations on natives who have had little communication with Europeans would be of course most valuable, though those made on any natives would be of much interest to me.

General remarks on expression are of comparatively little value; and memory is so deceptive that I earnestly beg it may not be trusted.

*A definite description of the countenance* under any emotion or frame of mind, with a statement of the circumstances under which it occurred, would possess much value. An answer within six or eight months, or even a year, to any *single* one of the foregoing questions would be gratefully accepted. In sending answers, the questions need not be copied, but reference may be made to the numbers of each query.

CHARLES DARWIN,

DOWN, BROMLEY, KENT,
1867.

BIBL CANT ACAD

**Figuur 4.5.2 - Kopie van Darwin se vraelys aan J.P.M. Weale**

Bron: Cambridge University Library Collections (CULC), Digital Library (cudl.lib.cam.ac.uk), Darwin Correspondence Project, Letter no. 5581 (DAR 181: 41), JPM Weale/ C Darwin, July 1867 accessed on 13 September 2024, https://www.darwinproject.ac.uk/letter/?docId=letters/DCP-LETT-5581.xml. Sien ook *The Correspondence of Charles Darwin, vol. 15*.

### 4.6 Tekens van 'n sosiale Darwinisme erfenis teen die vroeg 20ste eeu

Hoe nader die einde van die 19de eeu gekom het, en hoe groter die moontlikheid van oorlog tussen Brittanje en die ZAR begin lyk het, hoe meer het die kwessie van etiek en moraliteit na vore gekom. Hier het Ramsden Balmforth se invloed begin verskerp. Balmforth het in 1897 in die Kaapkolonie aangekom as predikant vir die Vrye Protestante Kerk, waar hy bykans vier dekades in die bediening gestaan het.[43] Balmforth was gefokus op Darwinisme, imperialisme, asook etiek, en hoe om daardie drie konsepte te verbind eerder as om daarvan weg te breek. Sy geïnteresseerdheid in Darwinistiese teorieë was binne die konteks van die bewaring van vrede tussen kulture. Balmforth het meer gefokus op die verhouding tussen Brit en Boer binne hierdie konteks, gegewe die tydperk van die oorlog. Hy het in Julie 1902 'n direkte verband tussen Darwinisme en imperialistiese gedagtegang in Suid-Afrika aangedui in 'n artikel in die *Westminster Review*. Hy het aangevoer dat sekere uitdrukkings gereeld in die omgang gehoor word sodra enige krisis voorkom — hetsy moreel, polities of sosiaal.[44] Die gewilde uitdrukkings was "die oorlewing van die sterkstes" en "natuurlike seleksie". Sodra die proses van natuurlike seleksie die oorlewing van die sterkste na vore bring, sal die teendeel die verwerping van die swakste wees. Elke voordelige variasie van die sterkstes sal help om hulle kapasiteit te vermeerder wat dan mettertyd die ontwikkeling van die sterkste tipe deur die herhaling van die proses sal bepaal.[45] Deur Darwin aan te haal probeer Balmforth juis aantoon dat die huidige sterk militaristiese benadering van Britse imperialisme nie 'n gevolg kan wees van natuurlike seleksie of oorlewing van die sterkste nie, veral as 'n mens "sterkste" en "seleksie" vanuit 'n perspektief van morele sterkte of morele seleksie beskou. Balmforth haal ook die bekende evolusionêre teoris, Walter Bagehot, aan met betrekking tot die invloed van militêre mag op natuurlike seleksie. "Militêre moraal kan die byl rig om die boom af te kap, maar dit het geen kennis van die stille krag waarmee die woud groei nie".[46]

Wat direkte verbintenis betref, vra Balmforth homself af of dit enigsins moontlik is om met oortuiging te kan sê dat die Britse beleid van so aard is dat dit die oorlewing van die sterkste karakter sal kan voortbring — óf in Suid-Afrika, óf in China. Die feit dat sosiale Darwinisme direk vergelyk kan word met Brittanje se politieke en militêre beleide deur iemand wat homself

[43] F. Hale, "Contours of pacifism: Ramsden Balmforth's advocacy for peace in the Union of South Africa and beyond," *Acta Theologica*, vol. 33, no.1 (2003), p. 96.
[44] R. Balmforth, "Darwinism and empire" in *The Westminster Review,* Vol. CLVIII no. 1, July 1902, p. 1.
[45] Balmforth, "Darwinism and empire", p. 2.
[46] Balmforth, "Darwinism and empire", p. 3, "In the words of W. Bagehot: 'Military morals can direct the axe to cut down the tree, but it knows nothing of the quiet force by which the tree grows".

tydens die oorlog in die Kaap bevind het, bewys Darwinisme se wêreldwye invloed. Dit is opmerklik hoe Balmforth die interpretasie van Darwinisme gebruik het om Brittanje se rol in die oorlog te kritiseer. Balmforth spreek die aggressiewe benaderings van Britse imperialisme aan deur dit met die idee van die oorlewing van die sterkstes te vergelyk. Met betrekking tot die Anglo-Boereoorlog sou Brittanje se verpligting duidelik gewees het indien die Transvaalse regering die oorspronklike aggressor was, "maar enige eerlike man weet dat hulle nie die oorspronklike aggressors was nie".[47] Juis omdat Brittanje die aggressors was, moet Brittanje sy aggressie regverdig, "anders staan ons ten sterkste veroordeel voor die wêreld vir ons poging om ŉ swak karakter te laat oorleef".[48] Terselfdertyd het Balmforth vir sy gemeente in die Kaap gepreek dat hulle die vooruitgang van ŉ era beleef waar die reg vir elke menslike siel om sy eie geloof te formuleer en die res aan God oor te laat daagliks toeneem.[49] Sy gemeente moes hulle nie bekommer oor aantygings van ongeloof nie, want baie van sy helde het soortgelyke ondervindings gehad, naamlik belangrike rolspelers in die ontwikkeling van evolusie, soos John Stuart Mill, Herbert Spencer, Charles Darwin, Thomas Henry Huxley en andere. Hulle sal nie deur God veroordeel word nie — daarom moet sy gemeente dit ook nie doen nie.[50]

Balmforth het later ŉ vername rolspeler geword in die politieke en sosiale stryd om vrede in Suid-Afrika, veral tydens die stigting van die Unie van Suid-Afrika en met die uitbreek van die twee wêreldoorloë. [51] Frederick Hale het Balmforth se lewensfases bestudeer en ŉ studie gedoen van die wyse waarop Balmforth die kultuurstryd tussen die Afrikaners en die Britte deur ŉ Darwinistiese lens probeer verstaan het om daarvolgens vrede te bewerkstellig. Hale skryf hoe Balmforth Darwinistiese beskouings aanvaar en gewysig het om die kulturele kwessies in Suid-Afrika op te los. Hale noem dat hy probeer om sy skrywe oor Balmforth te baseer op Dubow se verwysing na Balmforth se kortstondige aanraking met sosiale Darwinisme in Suid-Afrika, tot en met die 1870's, maar ook dat dit ŉ langdurige invloed gehad het op Suid-Afrika en kulturele kwessies. Dit is juis op hierdie grondslag waarop die onderhawige studie probeer fokus en voortbou.

---

47 Balmforth, "Darwinism and empire", p. 4, "But every honest man knows that they were not the original aggressors".

48 Balmforth, "Darwinism and empire", p. 4, "... or we stand condemned before the world as attempting to promote the survival of a low filibustering type of character".

49 F. Hale, "A Cape Town minister contra orthodoxy: Ramsden Balmforth's evolution as a religious liberal", *Studia Historiae Ecclesiasticae,* vol. 35, no. 1 (2009), p. 9.

50 F. Hale, "A Cape Town minister contra orthodoxy", pp. 9-10.

51 Sien die werke van F. Hale, "Contours of pacifism: Ramsden Balmforth's advocacy of peace in the Union of South Africa and beyond", *Acta Theologica,* vol. 33, no. 1 (2013), pp. 96-113.

Jare voor Balmforth se reise na Kaapstad het hy reeds begin om evolusie, Darwinisme en sosiale etiek te ondersoek.[52] Met sy aankoms in die Kaap was daar reeds struwelinge tussen die Boererepublieke en die Britse Ryk. Dubow merk op dat die kwessie van ras ŉ opvallende faset van die Suid-Afrikaanse politiek in die laaste jare van die 19de eeu was. Selfs diegene wat sosiale Darwinisme gekritiseer het, kon skaars die taal van sosiale Darwinisme en die breë verwagtinge van ŉ "rassekonflik" so verpersoonlik elders beleef het soos dit tussen Milner en Kruger die geval was.[53] Balmforth het in Maart 1900, na die uitbreek van die oorlog in Oktober 1899, saam met ander Afrikaners en Engelssprekendes in die kantore van *The South African News* ontmoet om die *South African Conciliation Committee* te stig, waarvan J.C. Molteno die voorsitter was[54] Hoewel Balmforth se vredespogings tydens die oorlog nie gerealiseer het nie, het hy in sy 1902-artikel die oorlog direk in verband gebring met evolusionêre teorieë. Hy skryf dat Brittanje se oorlogsbeleid in Suid-Afrika nie die toets van strydbaarheid wat natuurlike seleksie nodig het, sal kan slaag nie, menende die toets van karakter, en dat Brittanje onmiddellik sonder oorlog en die gebruik van geweld, moes triomfeer eerder as met oorlog. Die metodes wat Brittanje gekies het, is nadelig vir die Britte in Suid-Afrika, nadelig vir die Hollanders in Suid-Afrika en ook vir die Britse Ryk self, en Brittanje se oorlogsbeleid is met ander woorde ŉ gekose terugslag vir die morele ontwikkeling van die ras.[55] "Maar nou, indien ons in Suid-Afrika metodes toegepas het wat nie die Darwinistiese toets van strydbaarheid sal kan deurstaan nie, wat sal ons dan sê oor ons beleid in die Ooste?"[56] Die Darwinistiese toets waarna Balmforth verwys is binne die omgewing van die bestaansstryd van beide nasies en kulture.

Dit was twee dekades na die afsterwe van Charles Darwin toe nog ŉ Darwin toevallig voet aan wal van in Suid-Afrika sou sit, hoewel hierdie keer in ŉ teoretiese sin. Dit het begin by geleentheid van die stigting van die *South African Association for the Advancement of Sciences* op 12 September 1901. Dit was die ideaal van die stigters om die *British Association of Science and Advancement* na Suid-Afrika te nooi.[57] Weens die oorlog was hierdie ontmoeting uitgestel

---

52 F. Hale, "Interpreting South African cultural clashes through Darwinian eyes: Ramsden Balmforth in Cape Town 1902-1911", *South African Journal of Cultural History,* vol. 25, no. 1 (2011), p. 31.

53 S. Dubow, *Commonwealth of knowledge: science, sensibility and white South Africa 1820-2000,* (Oxford University Press: USA, 2006), p. 156.

54 Hale, "Interpreting South African cultural clashes", p. 34.

55 Balmforth, "Darwinism and empire", p. 6.

56 Balmforth, "Darwinism and empire", p. 8, "But now, if we have been led into methods in South Africa which will not stand the Darwinian test of fitness, what shall we say about our policy in the East?".

57 A.G. Morris, "The British Association meeting of 1905 and the rise of Physical Anthropology in South Africa", *South African Journal of Science,* vol. 98 (2002), p. 336.

en kon eers in 1905 plaasvind. Professor George Darwin, Charles Darwin se seun, het ook hierdie geleentheid bygewoon.[58] George Darwin was die vyfde seun van Charles en Emma Darwin. Hoewel hy in sy vader se voetstappe gevolg het, het hy nie in biologiese wetenskappe verder studeer nie, maar in geologie. Reeds in 1883 is George Darwin as ŉ Plumiaanse *Professor of Astronomy and Experimental Philosophy* aan die Universiteit van Cambridge aangestel. In George Darwin se openingsrede gedurende die British Association se besoek aan Suid-Afrika, het hy hoofsaaklik die teorie van kosmiese evolusie bespreek. Interessante verwysings na die mens is wel gemaak. Hy noem byvoorbeeld dat die keuse vir die bespreking van evolusionêre bespiegelings byna op hom afgedwing is in sy navorsingsgebied, gegewe dat hy die naam Darwin dra.[59] Sy gevoel was dat evolusie nie op behoorlike wetenskaplike grondslag berus nie. Dit kan afgelei word uit die volgende opmerking:

> *The man who propounds a theory of evolution is attempting to reconstruct the history of the past by means of the circumstantial evidence afforded by the present. The historian of man, on the other hand, has the advantage over the evolutionist in that he has the written records of the past on which to rely*.[60]

> "Die man wat ŉ evolusieteorie voorstel, poog om die geskiedenis van die verlede te rekonstrueer deur middel van die omstandigheidsgetuienis wat die hede bied. Die historikus van die mens, aan die ander kant, het die voordeel bo die evolusionis deurdat hy die geskrewe rekords van die verlede het waarop hy kan staatmaak". (Eie vertaling).

Darwin (jr.) verduidelik ook die teorie van natuurlike seleksie in sy eie woorde. Volgens hom is dit ŉ vorm van volharding van ŉ verskeidenheid lewensvorms wat aanpas by hulle omstandighede, en wat swak aangepaste lewensvorms dus uitwerk. "Alhoewel verskillende frases gebruik word as ons praat van die fisiese wêreld, bly die idee tog dieselfde".[61] Hy gaan verder deur sy opvatting te verduidelik vanuit ŉ politieke perspektief, siende dat almal iets van politiek verstaan, maar nie noodwendig van fisika nie. Die komplekse interaksies tussen mense

---

58 Morris, "The British Association Meeting of 1905", p. 337.

59 G.H. Darwin, "Cosmical Evolution: Presidential Address, Reports of the British Association (South Africa)" in *The Scientific Papers of Sir George Darwin: Periodic Orbits and Miscellaneous Papers Volume 4*, (Cambridge, Cambridge University Press: 1911), p. 522.

60 Darwin, "Cosmical evolution", p. 523.

61 Darwin, "Cosmical evolution", p. 524.

in ŉ gemeenskap word gewoonlik beskryf in terme van die staat, die statebond, of die regering, en dat elkeen sy eie spesifieke karaktereienskappe het, soos demokrasie, outokrasie en aristokrasie. Politieke geskiedenis is ŉ weergawe van die geleidelike veranderings van politiese stelsels en om aan te pas soos die politieke klimaat verander.[62] Elke nuwe regeringsvorm bereik gewoonlik eers algaande stabiliteit, word dan geleidelik sterker en bereik standhoudendheid, voordat daar dan ŉ stadige wending kom van politieke agteruitgang, wat dan tot ŉ nuwe revolusie lei:

> *Such crises in political history may give rise to a condition in which the State is incapable of perpetuation by transformation. This occurs when a savage tribe nearly exterminates another tribe and leads the few survivors into slavery; the previous form of government then becomes extinct. The physicist, like the biologist and the historian watches the effect of slowly varying external conditions; he sees the quality of persistence or stability gradually decaying until it vanishes, when there ensues what is called, in politics, a revolution.*[63]
>
> "Sulke krisisse in die politieke geskiedenis kan aanleiding gee tot ŉ toestand waarin die staat nie in staat is om transformasie voort te sit nie. Dit gebeur wanneer ŉ wrede stam ŉ ander stam byna uitroei en die paar oorlewendes in slawerny plaas; die vorige regeringsvorm sal dan uitsterf. Die fisikus, net soos die bioloog en die historikus, kyk na die effek van stadig wisselende eksterne toestande; hy sien hoe die kwaliteit van volharding of stabiliteit geleidelik verval totdat dit verdwyn, wanneer daar dan volg wat in die politiek ŉ rewolusie genoem word". (Eie vertaling).

Hierdie toespraak van George Darwin is interessant, aangesien daar vergelykings getref word tussen terme soos regerings en revolusies. Bogenoemde aanhaling, naamlik dat sogenaamde barbaarse stamme ander stamme verslaan, was omstrede. Die oorlog was nog vars in die geheue van Suid-Afrikaners en dit was soortgelyk aan ander gebeure in die 19de eeu — maar tog was Brittanje se aanslag op Suid-Afrika en ander kulture nie as barbaars of wreed beskou nie. Nietemin bly dit opvallend dat evolusionêre terme en verduidelikings vanuit ŉ Darwinistiese perspektief gebruik was om politieke konteks te skep. Dit was ook nie die laaste keer dat

62 Darwin, "Cosmical evolution", p. 525.
63 Darwin, "Cosmical evolution", p. 525.

buitelandse wetenskaplikes versoek was om toesprake rakende evolusie en Darwinisme in Suid-Afrika te lewer nie. Nie lank na die British Association se reis na Suid-Afrika nie, het Arthur Thomson in 1909 ŉ reeks lesings in Suid-Afrika aangebied getiteld *Darwinism and human life*. Thomson is in 1861 gebore, en het later in 1880 aan die Universiteit van Edinburgh gestudeer, waarna hy aan die Skool vir Soölogie verder studeer het onder die bekende Duitse evolusionêre teoretikus, Ernst Haeckel.[64] In 1908 het die Lesingskomitee van die South African Association for the Advancement of Science Thomson genooi om ŉ reeks lesings te gee, en versoek dat siende dit Darwin se eeufees is, die lesings oor Darwinisme moet handel.[65] Die fokuspunte van hierdie lesings was om die betekenis van Darwinisme te verduidelik, op watter wetenskaplike kwessies Darwin gefokus het en probeer oplos het, watter probleme hy tog opgelos het en laastens ŉ bestudering van hoe Darwinisme verander het sedert Darwin se skrywes. Die laaste sin in die voorwoord is veelseggend: "ŉ Poging - beslis beperk deur die beperkings van die kursus - is ook aangewend om voor te stel hoe Darwinisme die alledaagse lewe raak, in plaas en tuin, in stad en ryk".[66] Dit was ook nie die enigste geval waar Darwinisme en evolusionêre teorieë in ŉ empiristiese konteks gebruik was nie. In die 20ste eeu het evolusionêre teorieë, veral op toepassing van die mens, ŉ ander wending geneem met die ontwikkeling van die "kiemselteorie",[67] wat bygedra het tot eugenetiese diskoerse wat ondersteuning begin geniet het. Eugenetika en sosiale Darwinisme ontspring uit dieselfde stroom van evolusionêre ontwikkelings, en het in ŉ mate dieselfde uitwerking, maar net vanuit verskillende perspektiewe op beginsels soos "oorlewing van die sterkstes". Vir die doeleindes van hierdie studie bly die fokuspunt sover moontlik op sosiale Darwinisme, en nie eugenetika nie. Klausen gee wel ŉ beskrywing van die komponente van Britse koloniale beleide se fokus op die mediese bedryf.

Sy verduidelik dat die Britse koloniale samelewing gefokus het op die mediese aspekte van sosiale verhoudinge, en dat Engelssprekende lede van die mediese bedryf hulself gesien het as noodsaaklike rolspelers in nasiebou in Suid-Afrika beskou het, deur die verbetering en beskerming van die gesondheid van die blanke bevolking.[68] Sy wys daarop dat baie van die dokters hul verantwoordelikheid gerasionaliseer het deur hul rol te sien vanuit ŉ ekonomiese

---

64 J. Ritchie, "Sir J. Arthur Thomson", *Nature*, vol. 131 (1933), p. 296.

65 J.A. Thomson, *Darwinism and human life: The South African lectures for 1909*, (Andrew Melrose, London: 1909), p. vii.

66 Eie beklemtoning, Thomson, *Darwinism and human life*, p. vii.

67 In Engels bekend as die "Germ-cell theory".

68 S. Klausen, "For the sake of the race": Eugenic discourses of feeblemindedness and motherhood in the South African Medical Record, 1903-1926", *Journal of Southern African Studies*, vol. 23, no. 1 (1997), p. 28.

perspektief, gegewe die bewering dat ŉ sterk nasie nodig is om ŉ sterk ekonomie te kan onderhou deur produktief te wees, en dat die sienings van "health equals wealth" letterlik opgeneem is. Hoewel Thomson voor die Suid-Afrikaanse Vereniging vir bevordering van Wetenskap sy lesings aangebied het, is dit noodsaaklik om in ag te neem dat wetenskaplike, mediese en politieke sienings oorvleuel het, gegrond op evolusionêre perspektiewe rakende "oorlewing van die sterkstes" in Suid-Afrika. Thomson verdedig beide die konsepte "Darwinisme" sowel as "oorlewing van die sterkstes" en hoe hulle aan mekaar verbonde is. Oor die verbintenis van "oorlewing van die sterkstes" met Darwinisme het hy gesê:

> "*The position which we are seeking to define and defend is this. The concept 'struggle for existence' is wider than is suggested by the words taken literally. It is a function of many independent variables. It expresses the reaction of living creatures to their limitations and difficulties"*.[69]

> "Die posisie wat ons probeer definieer en verdedig is dit. Die begrip "bestaanstryd" is wyer as wat gesuggereer word deur die woorde letterlik op te neem. Dit is 'n funksie van baie onafhanklike veranderlikes. Dit is die uitdrukking van die reaksie van lewende wesens op hul beperkings en uitdagings". (Eie vertaling).

Hy verdedig die teorie verder deur te verduidelik dat wanneer enige lewende wese in opstand kom teen onderdrukkende omstandighede, hulle groei, vermenigvuldig en verander weens hul primitiewe strewe om te oorleef. Volgens hom is elke lewende wese dominant, en al kan dit nie enige ander hindernisse oorkom nie, sal dit steeds voortplant. Lewende wesens sal dus met ander lewende wesens kompeteer, voortbeur en hulle afweer en poog om al hulle hindernisse te oorkom binne die konsep "oorlewing van die sterkstes".[70]

Thomson raak ook direk die kwessie aan van Darwinisme en sy toepassing op die mens aan, binne die sosiale konteks van die 20ste eeu:

> *If Darwinism applies to man, 'we must have evidence (1) that man varies, (2) that these variations, favourable and unfavourable, are inherited and (3) that they are selected.' (1) The extent of variation in both man and woman has been measured*

---

69 Thomson, *Darwinism and human life*, p. 86.
70 Thomson, *Darwinism and human life*, p. 87.

*by the Biometric School in nearly two hundred cases. (2) There appears no doubt that good and bad physique, the liability to and the immunity from disease, the moral characters and the mental temperament, are inherited in man and with much the same intensity. (3) Careful work has shown that the death rate in man is partly selective – a function of his constitution. But while there is still some natural selection left at work, it has diminished out of all proportion to the need for it. Consciously or unconsciously, we have suspended the racial purgation maintained in less developed communities by natural selection*.[71]

"As Darwinisme op die mens van toepassing is, 'moet ons bewyse hê (1) dat mense verskil, (2) dat hierdie variasies, gunstig en ongunstig, oorgeërf word en (3) dat hulle geselekteer is.' Die omvang van die verskille tussen man en vrou is in sowat 200 gevalle deur die Biometriese Skool gemeet. (2) Dit is ongetwyfeld so dat goeie en swak liggaamsbou, die vatbaarheid vir en die immuniteit teen siektes, die morele karakter en geestelike temperament in die mens oorerflik is en met baie dieselfde intensiteit. (3) Noukeurige navorsing het getoon dat die sterftesyfer by die mens gedeeltelik selektief is – 'n funksie van sy gesondheid. Maar hoewel daar nog 'n mate van natuurlike seleksie bestaan, het dit buite verhouding verminder. Bewustelik of onbewustelik het ons die rassesuiwering wat in minder ontwikkelde gemeenskappe deur natuurlike seleksie gehandhaaf word, opgeskort". (Eie vertaling).

Thomson wys op die gekompliseerdheid van die konsep van natuurlike seleksie in menslike konteks, spesifiek in 'n meer moderne samelewings, van hospitale, die oorlewingsyfers van babas, en dat baie van die sogenaamde "swakhede" wat die moderne mense tans probeer uitskakel, oppervlakkig is omrede die natuur altyd sy wette sal toepas, ongeag menslike invloed. Hy noem dat:

"*Many of the microbes which thin our ranks are very indiscriminate: they remove the wrong people*".[72] "Baie van die mikrobes wat ons geledere uitdun, is baie onoordeelkundig: hulle verwyder die verkeerde mense". (Eie vertaling).

71 Thomson, *Darwinism and human life*, p. 216.
72 Thomson, *Darwinism and human life*, p. 217.

In hierdie stadium kan nou kortliks aangetoon word waar eugenetika binne die Suid-Afrikaanse konteks ter sprake kom. Na afloop van die Anglo-Boereoorlog was daar wydverspreide armoede in Suid-Afrika, waarna verwys is as die armblankeprobleem. Daar is gefokus op die oplossing vir die armblankevraagstuk om die blanke ras in Suid-Afrika op te hef. W.E. de Korte het in 1912 in die *South African Medical Record* geskryf:

> *We must teach our children that it is a crime to taint a healthy stock with a degenerate one. We must foster a social prejudice against the reproduction of undesirables by the creation of some form of marriage test... we must, in short, follow Voltaire's advice and crush deformity (the shameful) by preventing its reproduction. It strikes at the very basis of our theory of education, our morals, and our everyday conduct ... If changes wrought in a man in education, physical, mental and moral, do not directly and specifically affect the inherited nature of his offspring, we must revise our ideas of upbringing*.[73]

> "Ons moet ons kinders leer dat dit ŉ misdaad is om ŉ trop gesonde vee met ŉ gedegenereerde een te besmet. Ons moet sosiale vooroordeel teen die voortplanting van ongewenstes bevorder deur die instelling van een of ander vorm van huwelikstoets ... kortliks, ons moet Voltaire se raad volg en misvorming (die skandelike) uitwis deur voortplanting te voorkom. Dit raak die grondslag van ons opvoedingsteorie, ons sedes en ons alledaagse gedrag ... As opvoedkundige, fisiese, verstandelike en morele veranderinge wat in ŉ man bewerk is, nie direk en spesifiek die oorgeërfde aard van sy nageslag beïnvloed nie, moet ons ons idees van opvoeding hersien". (Eie vertaling).

Die twee mediese joernale, *South African Medical Journal* en *South African Medical Record*, is beide deur dr. William Darley-Hartley gestig. In 1884 is die *SAMJ* in Oos-Londen gestig, onder die redaksie van dr. Darley-Hartley.[74] Die *SAMR* is in 1903 in Kaapstad gestig, weereens deur dr. Darley-Hartley. Die SAMR is tot en met 1926 gepubliseer, tot die *SAMR* en die *Transvaal Medical Journal* saamgesmelt het om die nuwe *Journal of the South African Medical Association* daar te stel.[75] Twee jaar na die stigting van die nuwe joernaal het dr. Darley-Hartley

73 W.E. De Korte, 'A chip of the old block,' *South African Medical Record*, vol. 10, no. 14 (1912), p. 304.
74 Editorial, "Medical Journals in Southern Africa", *South African Medical Journal* (1956), p. 337.
75 Editorial, "Medical Journals in Southern Africa", pp. 337-338.

in 1928 afgetree is bedank vir 50 jaar se bydraes tot die onderskeie mediese joernale.[76] Darley-Hartley was ŉ uitgesproke ondersteuner van evolusionêre teorieë en die toepassing daarvan op die mens, veral weens sosiale kwessies in Suid-Afrika, die armblankeprobleem en Brittanje se heerskappy in Suid-Afrika. Hy het oor ŉ indiepte kennis beskik oor die wetenskap van evolusionêre teorieë, wat ons vandag as sosiale Darwinisme ken, en het teorieë van oorerflikheid en rasseverbetering onderskryf. Hy het talle sosiale kwessies met biologie as uitgangspunt geïnterpreteer, en gemeld dat "biologiese en sosiale evolusie ... duur voort ... deur middel van dieselfde metodes".[77] Vanaf 1909 tot met die einde van die Eerste Wêreldoorlog het baie van sy skrywes in die SAMR gehandel oor temas soos rassebehoud, aborsie en geboortebeperking, die noodsaaklikheid dat vrouens van ŉ hoër klas hulle "natuurlike" verantwoordelikheid moet nakom om die blanke bevolking te laat toeneem.[78]

Teenstrydige interpretasies van Darwinisme was weereens te sien in D. Traill se artikel in die *SAMR*, waar hy spesifiek fokus op evolusie en die ontwikkeling van ŉ sterk siekteweerstandige ras. Traill het nie die teorie van Darwinisme ondersteun nie, omdat dit te pessimisties is. Volgens hom vind evolusionêre veranderinge plaas deur ŉ oorlewingstryd, wat gevolglik slegs die "sterkstes" in ag neem in evolusie.[79] Vir Traill moet evolusie deur middel van ŉ meritokratiese stelsel plaasvind, dit wil sê, om te kan verbeter moet die mens deelneem aan evolusie deur goeie morele en fisiese gedrag. Dubow bestudeer die wrywinge tussen die blanke rasse in sy werk *Scientific racism in modern South Africa,* en bevind dat dit in die vroeg 20ste eeu belangrik was vir die blanke rasse om te verenig. Hierdie vereniging het veral bygedra om wetgewende prosesse te verhoed om die sogenaamde swaksinnige en laer klasse van die samelewing deur welsynsoptrede te help. Die meeste armblankes was Afrikaners. Brittanje het gemeen dat vereniging slegs gedoen word deur verengelsingsbeleide, en die Afrikaners het teen enige vorm van verengelsing verset.[80]

Die South African Association for the Advancement of Science se verbintenis met Darwinisme en evolusie het weer in die 1920's onder die loep gekom toe Jan Smuts die voorsitter van die organisasie geword het. Smuts is nie net bekend vir sy politieke rol in Suid-Afrika nie, maar het

76 "Dr. Darley-Hartley", *The Journal of the Medical Association of South Africa,* vol. 2 no. 1 (Jan 1928), p. 1.
77 Klausen, "For the sake of the race", p. 34.
78 Klausen, "For the sake of the race", p. 35.
79 D. Traill, "Evolution of a disease resisting race", *South African Medical Record,* vol. 11 no. 1 (1913), p. 7.
80 S. Dubow, *Scientific racism in modern South Africa* (Cambridge University Press, Cambridge: 1995), p. 154.

ook in die wetenskaplike wêreld 'n indruk gemaak, veral na aanleiding van sy teorie van "holisme" wat vandag nog gebruik word in sielkundige studies en diskoerse. Smuts was ook bekend vir sy "uitsonderlike hoë intelligensie" en het groot akademiese mylpale bereik. In sy tydperk by *Christ College* in Cambridge het hy die George Long-prys verower, en is in latere jare deur lord Todd, uitgesonder saam met John Milton en Charles Darwin as een van die drie voortreflikste studente in die 500 jaar van *Christ College* se geskiedenis.[81] Albert Einstein, een van die bekendste wetenskaplikes in die vroeg 20ste eeu, het geglo dat Smuts een van die min mense is wat werklik sy relatiwiteitsteorie ten volle verstaan het en het hom daarvoor geprys.[82]

Die term "holisme" is vir die eerste keer gebruik in 1926 in sy werk *Holism and evolution*.[83] Smuts het gewerk aan sy teorie van holisme deur evolusie te bestudeer vir 'n vorige werk van hom, naamlik *Walt Whitman – A study in the evolution of personality* in 1895. Smuts skryf in hoofstuk een:

> *Evolution is perhaps the most striking – certainly it is the most telling – instance that could be given of the dynamic force which an idea is capable of exercising over the thoughts and opinions of men. Up till the middle of this century scarcely more than a whim of the philosophers, it has since then succeeded in all but transforming our entire conception of the universe and man's relation to it*.[84]

> "Evolusie is miskien die treffendste – sekerlik die sprekendste – voorbeeld wat gegee kan word van die dinamiese krag wat 'n idee in staat is om oor die denke en opinies van mense uit te oefen. Tot in die middel van hierdie eeu was dit skaars meer as 'n gier van die filosowe, maar het sedertdien daarin geslaag om ons algehele opvatting van die heelal en die mens se verhouding daarmee te verander". (Eie vertaling).

Smuts gaan voort deur te meld dat die ware werk van evolusie steeds voortgesit moet word, en dat die ware stryd steeds gestry en gewen moet word op biologiese, etiese, samelewings- en godsdiensgebied, wat hy beskou as onsuksesvol tot en met 1895.[85] Smuts was veral

---

81 J. Smuts, *Holism and evolution*, (Macmillan and Co, London: 1927). Kyk ook K. du Pisani, "Vader van holisme: Was Jan Smuts 'n intellektueel?", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, vol. 58, No. 1 (Maart 2018), p. 4.

82 Du Pisani, "Was Jan Smuts 'n intellektueel?", p. 4.

83 Du Pisani, "Was Jan Smuts 'n intellektueel?", p. 6.

84 W.K. Hancock, J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers, Vol. 1 June 1886-May 1902*, (Cambridge, Cambridge University Press: 1966), p. 56.

85 Hancock, Van der Poel, *Selections from the Smuts Papers*, p. 57.

geïnteresseerd in sielkundige benaderings tot persoonlikhede en menslike gedagtegang, wat later saamgevat word in sy teorie van holisme, waar Smuts die belangrikheid van elke mens se konteks, gedagtegang en so meer beklemtoon. Hy vra homself die vraag af in watter mate die konsep van evolusie in sielkunde tot en met 1895 toegepas is, en beantwoord self die vraag:

> *Surely, till some humble corner is accorded to the mind in her own house, evolution has not yet found its application in psychology*.[86]
>
> "Sekerlik, totdat 'n nederige hoekie in die verstand van sy eie huis toegeken is, het evolusie nog nie sy toepassing op sielkunde gevind nie". (Eie vertaling).

Dit is juis hierdie leemte wat Smuts met *Holism and Evolution* probeer vul het. Weens Darwin se verbintenis met evolusionêre teorieë, is 'n volle hoofstuk gewy aan "Darwinism and Holism", waar Smuts fokus op 'n Darwinistiese uitkyk op holisme, en hoe om die weg verder te baan vir toekomstige sielkundige navorsing. Teen die tyd van die publikasie van *Holism and evolution*, het Darwinistiese idees baie verskillende rigtings ingeslaan, soos reeds aangetoon, met spesifieke verandering van die konsepte "natuurlike seleksie" en "variasie". Variasie het 'n nou band met die kiemselteorie gehad, wat voortgespruit het uit die ontwikkeling van genetiese perspektiewe van evolusie. Smuts verduidelik hoe Darwin natuurlike seleksie as die belangrikste faktor beskou het, en meld dat Darwin maar vaag was oor variasie. Smuts erken ook hoe die "groot Darwinistiese bevinding" ietwat vervaag het deur latere ontwikkelings van die teorie, waar daar meer klem gelê word op variasie, as op natuurlike seleksie.[87] Smuts is van mening dat "holistiese seleksie" 'n beter benaming is om die rol van "variasie" en "natuurlike seleksie" in organiese evolusie te verduidelik.[88] Hy haal ook die laaste paragraaf van *Origins* aan en erken dat daar min literatuur in die wêreld is wat hom so diep aangeraak het as die laaste woorde van Darwin se groot boek.[89]

Hoewel Smuts 'n groter rol in politiek as in die wetenskaplike wêreld gespeel het, was hy ongetwyfeld gefassineerd deur die konsep van evolusie, Darwin se teorieë, asook die wetenskaplike teoretici wat ná Darwin die fakkel verder gedra het. Smuts se belangstelling in evolusie het tog ook prominent in sy politieke loopbaan gefigureer, gegewe dat lord Selborne en Smuts in 1908 gekorrespondeer het rakende die toekoms vir bruin en swart mense. In sy

---

86 Hancock, Van der Poel, *Selections from the Smuts Papers*, p. 59.
87 Smuts, *Holism and evolution*, p.190.
88 Smuts, *Holism and evolution*, p.192.
89 Smuts, *Holism and evolution*, p.195.

skrywe aan Smuts het Selborne die kwessie van evolusie onder swart kulture aangeraak, deur Amerika as raamwerk te gebruik. Hoewel Smuts se antwoord hierop vaag is, is Selborne se beskouings duidelik. Hy skryf dat niemand wat ervaring van die twee rasse het, kan ontken dat die blanke man meerderwaardig is teenoor die swart kulture nie, en dat al wat geskiedenis is, dit bewys.[90] Sy verwysing na Amerika behels dat die swart kulture wat "onder die invloed van beskawing" is vir minstens drie keer langer blootgestel was as kulture in Suid-Afrika. Klaarblyklik was daar geen "wettige hindernisse" tot "hul evolusie" nie. Verder ook die redenasie dat daar van tyd tot tyd ŉ swart man na vore kom wat "eeue" voor sy tyd is, en dat in verhouding met wetgewing, daar geen menslike wet is wat die evolusie van die mens kan verhinder nie.[91] Hierdie sieninge is inherent teenstrydig met mediese navolgers van evolusie in Suid-Afrika wat dit as noodsaaklik beskou het om ŉ suiwer blanke ras te skep en te behou, deur bepaalde wetgewing te maak rakende voorbehoedmiddels, aborsies en sogenaamde beskaafde ontwikkeling.

### 4.7 Samevatting

Darwinisme het ŉ beduidende invloed op wetenskaplike, mediese en polities-sosiale diskoerse in Suid-Afrika in die 19de tot 20ste eeu gehad. Die ideologie van evolusie en sosiale Darwinisme het op verskeie maniere hul weg gevind na Suid-Afrika, deur onder meer Darwin se kort verblyf in die Kaap, van sy korrespondensie, en latere wetenskaplike organisasies. Barber, Weale en Gaika se skrywes aan Darwin was van die eerste aanduidings in ŉ belangstelling tot evolusionêre teorieë van toepassing op die mens, buiten ŉ  bloot natuurlike perspektief. Daar was ook publikasies in die SAMJ en SAMR en die Cape Monthly Magazine wat verskeie interpretasies en opinies rakende evolusie, imperialistiese beleide en sosiale hervorming gepubliseer het. Die publikasies het op evolusionêre diskoerse wat ondersteuning geniet het in Suid-Afrika, tot so mate dat Charles Darwin se seun self toesprake kom lewer het oor sy vader se teorie se nalatenskap in Suid-Afrika. Thomson se lesing oor hoe om Darwinisme en kolonialisme gesamentlik te verbind tot die verbetering van kolonies, soos Suid-Afrika, dui verder op die ontvangs van evolusie en sosiale Darwinisme in Suid-Afrika. Opvattinge van politieke en teologiese figure soos Balmforth, Smuts en Selborne dui ook op die wyse waarop

---

[90] W.K Hancock, J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers, vol. 2 June 1902-May 1910*, (Cambridge, Cambridge University Press: 1966), p. 379.

[91] Hancock, Van der Poel, *Selections from the Smuts Papers*, pp. 379-380.

politiek en evolusionêre teorieë hande gevat het rakende sekere beleide in Suid-Afrika. Dit is vanuit hierdie perspektief dat die ontluiking van die Afrikaner se nasionalistiese sentimente in die volgende hoofstuk bestudeer sal word met sosiale Darwinisme as katalisator.

# HOOFSTUK VYF

# ONTLUIKENDE NASIONALISTIESE SENTIMENTE ONDER AFRIKANERS NA DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1902-1914)

## 5.1 Inleiding

Die navorsingsdoelwit van hierdie hoofstuk is om aan te toon hoe nasionalistiese sentimente ontwikkel het in openbare diskoerse gedurende die jare 1902 tot 1914. Hieronder tel toesprake en briewe van byvoorbeeld generaal De Wet se antwoord op Chamberlain betreffende Britse sienings oor die naoorlogse diskoers; Britse ontevredenheid oor Boeregeneraals se pleidooie aan die buitewêreld vir finansiële ondersteuning na die oorlog; die gedagtegang onder Afrikaners betreffende nasionale bewussyn om hulle trots op hulle taal, geskiedenis en kultuur te maak deur onderwys en kulturele organisasies. Dit is ook noodsaaklik om na te gaan hoe die tydgenootlike publiek Britse imperialisme geïnterpreteer het. Deur die ideologie van Britse imperialisme uiteen te sit, sal dit kan dien as agtergrond vir die kulturele verhoudings tussen die twee kultuurgroepe in die vroeë stadium van rekonstruksie na die oorlog en as verkennende beredenering ondersoek te word.

ŉ Afrikaner- nasionale bewussyn is deur die tweede taalstryd aangewakker, maar ook grootliks as gevolg van die Britse imperiale beleid in Suid-Afrika wat die Afrikaner laat saamstaan het vir hul kultuur en geskiedenis, wat deur die Britse diskoers (soos in die vorige twee hoofstukke uitgewys) as "agterlik" beskou is. Teen hierdie beskouing van "agterlikheid" is emosioneel en letterlik op die tuisfront teenstand gebied. Pro-Boerdiskoerse in Europa (Nederland, België, Frankryk, Duitsland) en Rusland het hierdie teenstand verder versterk. Hierdie stryd het meestal in debatte oor Britse imperialisme gehandel (kyk Hoofstuk Twee). Verskeie artikels in Afrikaanse koerante soos *Ons Land, De Volksstem* en *De Vriend* het klem gelê op die ontwikkeling van die Afrikaner se nasionale bewussyn en kulturele trots, en nasionalistiese sentimente is in hul publikasies bevorder. Hewige twis tussen pro-Britse en pro-Boere aanhangers na die oorlog was ook ŉ aspek van die tyd wat ŉ verdere wig tussen Afrikaners en die Britte ingedryf het.

Brittanje se siening van die oorlog, asook Britse imperiale beleide, is geregverdig binne die raamwerk van hulle begrip van Britse imperialisme (agtergrond aangebied in Hoofstuk Twee). Die Engelse onderwysbeleid en arbeidsbeleide, sowel as die Sjinese immigrante op die myne

by die Rand (terwyl armoede wydverspreid onder Afrikaners was) en beoogde Britse immigrasiebeleide, het veral in Afrikanernasionalistiese diskoerse in die pers opgevlam. Dit het verdere druk geplaas op die onafhanklikheid van die Transvaal- en Oranjerivierkolonie, en die latere stigting van die Unie van Suid-Afrika, met die idee van "Suid-Afrika eerste" vooropgestel tydens die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog in 1914.

## 5.2 Die laat 19de en vroeg 20ste eeu in die Afrikanerherinneringskonteks

Die neiging van die hervorming van die Afrikaner in die "beskaafde" Britse samelewing was ŉ groot debatspunt. Die Britse pers was ingestel op die gedagte dat die Afrikaner na die stede toe moet trek na die oorlog. Milner het dit ook aangeraai, want die Afrikaner sou glo daarby baat om deel te weeste wees van ŉ beskaafde samelewing in die stad onder Engelse beheer.[1]

Die wyse waarop daar die oorlog voorbrand gemaak is vir die hervorming van die oorwonne Afrikaner se "agterlike taal en kultuur", het gelei tot ŉ mate van skaamte onder sommige Afrikaners. Daar was verdeeldheid onder die Afrikanerbevolking. Party het hulle nie verset nie en die Engelse taal en lewenswyse begin aanhang uit vrees vir bespotting oor hul Afrikanerherkoms. ŉ Anonieme brief is in 1905 in ŉ Nederlandse koerant gepubliseer oor die groeiende motivering om Afrikaans in ŉ akademiese en literêre taal te ontwikkel om daardeur die Britse imperialiste te verhoed om die Afrikanerjeug te angliseer. Hy skryf dat ŉ tante van hom aanstoot geneem het toe hy vir haar ŉ brief in Afrikaans geskryf het, en gesê het dat sy "voor een gek en spot gebruik word . . . al is ik niet zo hoog geleert, ik weet daarom hoe ik voor mijn evenmens moet schrijve".[2] Die skrywer vra: "Is daar nog mense wat strij dat dit skaamte is wat ons hinder?".[3]

Die Afrikaners se ingesteldheid teenoor die Britte na die oorlog is hedendaags bykans onbegryplik. Hoewel daar in die 20ste eeu omvattende navorsing oor Afrikanernasionalistiese historiografie gedoen is, is daar een faktor wat nie juis in ag geneem word nie. Die onmiddellike tydperk na die oorlog was ŉ warboel van emosies aan beide kante van die stryd. Brittanje en sy

1 *The Star*, 30 April 1904, p. 6, asook *The Transvaal Leader*, 12 June 1902, p. 5.
2 *Limburger Koerier*, 18 November 1905, p. 9. "Limburger koerier". Heerlen, 18-11-1902 Geraadpleegd op Delpher op 22-11-2024, https://resolver.kb.nl/resolve?urn=MMKB23:001158114:mpeg21:p00009
3 *Limburger Koerier*, 18 November 1905, p. 9.

volgelinge is natuurlik opgesweep deur die sukses van oorwinning,[4] en die meeste Afrikaners was verslae en in ŉ fase van emosionele en fisiese heropbou. Ongeag die invloed van die twee partye se propaganda, kan daar met sekerheid aanvaar word dat historici nie die emosies van daardie tyd ten volle sal kan begryp nie. Daarom dat dit belangrik is om deur middel van tydgenootlike bronne insig in die tydgees te kry. Britse imperialiste was slagoffers van ŉ ideologie van meerderwaardigheid, en leed was die Afrikaners se heersende denkwyse.

Daar is reeds verwys na die omstandighede waarna Afrikaners na die oorlog teruggekeer het, maar dit moet vollediger bestudeer word om te kan begryp hoe sterk die gevoelens van bitterheid en verset jeens die Britte was teen die agtergrond van sosiale Darwinisme. Soos Afrikaners teruggekeer het huis toe, was families, die kern van Afrikanerkultuur, gebroke deur die onsekerheid oor wie nog leef en wie in die stryd, hetsy op die slagveld of in die konsentrasiekampe, omgekom het. Kinders het hul vaders nie meer herken nie en vaders het gewroeg oor wat hul vrouens en kinders in die kampe beleef het.[5] Jan Smuts het dit soos volg in ŉ brief aan Abraham Fischer verduidelik:

> "Daar is egter ook jare van groot gevaar – deels omdat ons mense so diep, so peilloos diep geval het in armoede en ellende, deels omdat die ander kant deur die onderwysstelsel alles sal doen om die opgroeiende geslag te Angliseer. Dit is ons plig om hierteen te waak en daarom is ek so ernstig dat ons self vir die opvoeding van ons kinders moet sorg".[6]

Die opvoeding van Afrikanerkinders kom later ter sprake, maar die algehele vervreemding en neerslagtigheid wat Smuts hier beskryf, is tekenend van die gemoedstoestand wat geheers het. Van den Heever voer aan dat daar na die oorlog in etlike Afrikanerhuishoudings: "vertel en vertel en vertel (is) van die ellende ... en die kinders wat oor en oor hierdie verhale moes aanhoor, se siele is vervul met ŉ diep afkeer teen die veroweraar, wie se militêre bestuur nou met verslaenheid uit halfgeslote oë, waarin ŉ donker vuur gebrand het, aanskou is".[7] Opperman-

---

4 Al die sjampanje van die Johannesburgse aandelebeurs was binne ŉ uur gedaan volgens *Transvaal Leader*, 2 June 1902, p. 4.

5 H. Opperman-Lewis, *Apartheid: Britain's bastard child,* (Published by Author using Piquet Publishers' services, 2018), p. 303 vertel die verhaal van Pets Marais se eerste ontmoeting met haar vader na hul terugkeer: "I did not know him. My mother brought him coffee. He drank the coffee. When finished he walked to the kettle to pour more. I then quickly went to my Mom, whispering – 'What uncle is this pouring himself coffee?'; M.E. Streicher na die oorlog: "I remember the day my dad came to fetch my mother. My mom passed out when she saw my dad and I hid away because I was scared of this strange uncle".

6 H, Giliomee. *Die Afrikaners : ŉ Biografie* (Tafelberg: Kaapstad, 2004), p. 220.

7 Van Den Heever, *Generaal J.B.M. Hertzog*, pp. 181-182.

Lewis se stelling dat die armoede nie vir die Afrikaner so onbekend was, soos die Britse aanslag op hul kultuur en taal nie, gegewe die feit dat die meeste Afrikaners plattelandse agtergronde het. Sy voer aan dat die Britte se wanvermoë om hulle in te dink dat die doelwitte van die Afrikaner moontlik iets anders kan wees as fundamenteel apokalipties is, wek vandag steeds agterdog.[8]

Die Afrikaner se reaksies op die Britse oorheersing na die oorlog was volgens L. Scholtz deur twee faktore beïnvloed. Die eerste faktor was die materiële nood wat deur die oorlog en sy nagevolge veroorsaak is, en dit het ook bygedra het tot ʼn skielike toename in die verstedelikingsproses. Die tweede faktor was die sielkundige gevoel van "vernedering, vervreemding en ontreddering" in die voormalige Boererepublieke wat gelei het tot die Afrikaner se onderdanigheid aan Britse imperialisme.[9] Dit het nie net normale kapitalistiese klasseskeidings veroorsaak nie, maar ook ʼn duidelike skeiding tussen ryk Engelse en arm Afrikaners.[10] Daar was aan die begin van die twintigste eeu bykans geen plek vir Afrikaners in die ontwikkelde industriële ekonomie in Suid-Afrika nie, tensy hulle bereid was om te verengels om deur die Britse samelewing aanvaar te word.

O'Meara skryf dat die struktuur van destydse Suid-Afrikaanse kapitalisme min geleenthede gehad het vir diegene wie se huistaal Afrikaans was. Die ekonomie was oorheers deur imperiale belange, sy taal was Engels en dat daar sterk teen Afrikaners gediskrimineer is. Indien Afrikaners aangestel was, het bevordering slegs plaasgevind wanneer daar bevoegdheid was in ʼn ander taal, naamlik Engels. Hy beklemtoon dat dit die taal van die veroweraar moes wees en dat die bevoegdheid ongetwyfeld gepaard moes gaan met ʼn absolute aanvaarding van die dominante kernwaardes, naamlik Britse imperialistiese ekonomiese strukture.[11] Afrikanerleiers het begin intree deur uitgesproke verset en selfrespek by die Afrikaner aan te wakker. Deur selfrespek te bevorder, was die ontwikkeling van Afrikaans een van die grootste dryfvere vir die versethoudings. Die wyse waarop Afrikanergroepe en hul kultuur deur die Britte bejeën is, het veral bygedra tot die verdeelde politiek onder die twee groepe, omdat die Afrikaners bewus was van die minagting van hul kultuur. In 1911, byna 10 jaar na die oorlog, het Burton, advokaat

8 Opperman-Lewis, *Apartheid*, p. 287.

9 L. Scholtz and I. Scholtz, "Die Britse imperialisme, die Anglo-Boereoorlog en die ontstaan van Apartheid." *Southern Journal for Contemporary History* 27, no. 2 (2002), pp. 150-151.

10 Scholtz, and Scholtz. "Die Britse imperialisme, die Anglo-Boereoorlog", p. 152.

11 D. O'Meara, *Volkskapitalisme: Class, Capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948*, (Ravan: Johannesburg, 1983), p. 55.

en lid van die eerste Uniekabinet, erken dat baie probleme in Suid-Afrika die gevolg was van die minagting en verguising van Hollands.[12]

Die ironie hiervan is dat Cecil in 1902 ŉ soortgelyke opmerking in *The Star* gemaak het. Sy het beswaar aangeteken teen die gemengde huwelike tussen Boervroue en Britse soldate — een van die rekonsiliasiepogings na die oorlog. Sy voer aan dat dit nie sal slaag nie: "In die reël beskik die Boerevroue van Suid-Afrika oor min van die eienskappe wat noodsaaklik is om ŉ Britse man se huis gelukkig en gerieflik te maak. Netheid is ŉ deug wat dikwels vreemd is aan die Boerekarakter, en dit word gereeld vervang deur ŉ onkunde van die reëls van higiëne wat lei tot slordigheid wat skadelik vir die gesondheid en onsmaaklik vir Britse ingesteldheid is".[13] Haar omstrede verwysing is natuurlik na die bevindinge van die verslag van die *Ladies Committee of Inspection of Concentration Camps* wat sogenaamd bevind het dat die hoë dodetal in die konsentrasiekampe die gevolg was van die hardkoppigheid van Boerevroue en hul agterlosigheid rakende higiëne in die tente en kampe. In die Britse koerant *The London Times* was daar ironies genoeg teenstrydige aanmerkings oor die Afrikaner se agterlosigheid. Daar word verwys na die Afrikaner se renons in hospitale en dat hulle nie daaraan gewoond is om in groot getalle saam te bly nie en dit ŉ rede is vir die uitbreek van siektes. In ŉ ander berig egter word gemeld dat Emily Hobhouse nie bekend is met die Afrikaners se gewoontes nie, want dit is die norm onder die Afrikaners om in ŉ oorbevolkte en onhigiëniese gebied te woon.[14]

Hierdie soort aanmerkings het besondere aandag geniet in Britse oorlogsdiskoerse, en Hasian gee ŉ omvattende verduideliking van waarom hierdie moontlik is. Gegewe die sterk diskoers van nuwe imperialisme en Britse superioriteit, was dit vir die Britse publiek ondenkbaar dat die Britse regering sou toelaat dat vrouens en kinders in kampe leef sonder genoegsame water en kos.[15] Vandag is daar genoegsame bewyse dat die Britse Ryk nie toegerus of voorbereid was vir die groot aantal kampbewoners nie, en dat selfs Milner dit erken het. Milner het in sy private korrespondensie gemeld dat hy moes voorsien het dat die Britse soldate Afrikaners links en regs

---

12 Scholtz, and Scholtz. "Die Britse imperialisme, die Anglo-Boereoorlog en die ontstaan van apartheid", p. 155.
G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner Deel VI, 1910-1924*, (Perskor-Uitgewery: Johannesburg, 1979), p. 157.

13 Opperman-Lewis, *Apartheid*, p. 289. "As a rule, the Boer women of South Africa are devoid of many of the qualities which are essential to make a British man's home happy and comfortable. Cleanliness is a virtue too often foreign to the Boer character, and it is not infrequently replaced by an ignorance of the laws of hygiene which produces habits of slovenliness both injurious to health and distasteful to British ideas."

14 M. Hasian, "The 'hysterical' Emily Hobhouse and Boer War concentration camp controversy", *Western Journal of Communication* (includes Communication Reports) 67, no. 2 (2003), p. 154.

15 Hasian, "The 'hysterical' Emily Hobhouse", p. 146.

in kampe sal wil plaas.[16] Die verdeeldheid tussen pro-Boere en pro-Britte rakende die hoë dodetal was veral ŉ groot gesprekspunt na die oorlog. Die wyse waarop die Britte die Boervroue se agterlikheid en hardkoppigheid bestempel as redes vir die dood van hul kinders en ander familielede, was uiteraard nog ŉ rede waarom die Afrikaner Brittanje verwerp het. Cecil eindig tog haar skrywe met:

> *... and it is to be feared that in the minds of Boer women, and even more among the men, there exist a rooted dislike and contempt for everything British*.[17]

> "... en daar moet gevrees word dat daar in die gedagtes van Boerevroue, en nog meer onder die mans, *ŉ gewortelde afkeer en minagting bestaan vir alles wat Brits is*". (Eie vertaling).

Die *Land en Volk* het in 1902 geskryf hoe ŉ groot gedeelte van die Afrikanervolk sukkel om die hensoppers (die wat oorgegee het aan Brittanje tydens die stryd) na die oorlog te vergewe vir die groot verraad wat hulle gepleeg het teenoor hulle volksgenote, die Afrikaners. Die bittereinders het hulself beskou as "gesuiwerde" Afrikaners wat tot die einde van die stryd aangehou veg het vir land en volk, en het die "joiners" (die wat deel van die Britse strydvoering geraak het tydens die oorlog) verfoei. Vir die "ware Afrikaner" was dit onvergeeflik en onaanvaarbaar dat van hulle eie mense die wapen teen die bittereinders opgeneem het ter ondersteuning van die vyand. Die hensoppers is in baie gevalle as wagte of opsigters in die konsentrasiekampe aangestel, en is na die oorlog deur baie Afrikaners met veragting behandel.[18] In latere Afrikanernasionalistiese diskoerse is daar veral verwys na Afrikaners wat die oorlogsfront verlaat het vir die veiligheid van hul families en plase, maar wat deur hul vroue teruggejaag is : "... gaan terug en veg. Ek kan ŉ ander man kry, maar nie ŉ ander Vrystaat nie".[19] Die betekenis hiervan het krities geword in naoorlogsdiskoerse.

Dit blyk byvoorbeeld uit ŉ skrywe aan Leyds na die oorlog rakende die hensopperkwessie onder die bevolking: "En, wee de 'handsuppers' ... wat hulle in die geselskap van die weggevoerde vrou waag. Zij werden uitgemaakt voor lafaards en verraders van hun land, aan wien het te

---

16 Hasian, "The 'hysterical' Emily Hobhouse", p. 155.

17 Opperman-Lewis, *Apartheid*, p. 289 (eie onderstreping).

18 P.M.B. Schutte, Die verhouding tussen Boer en Brit in Transvaal – 1902-1910, MA- verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1979, p. 38.

19 S. Marks, "War and Union, 1899-1910" in *The Cambridge History of South Africa vol. 2, 1885-1994*. (Cambridge: Cambridge University Press, 2011), p. 160, in Engels: "... go and fight. I can get another husband, but not another Free State".

wyten was, dat zaken zo ver gekomen waren, dat vrouwen door den vijand werden weggevoerd. Hulle moet hulle hoofde in skaamte laat sak wanneer die waarheid deur die dapper vroue na hulle geslinger is".[20]

Schutte brei verder uit oor die ernstige verdeeldheid tussen 1902 en 1903, die jare van hervestiging, veral soos aangedui in magistraatsverslae. Bittereinders het veral diegene geteiken wat "verraaiers" was. Die volgende kom voor in die Lydensburgse magistraatsverslag van 3 Julie 1903:

> *A horse of one Broekma, a surrendered Burgher, had its ears cut off and its tail hogged about two months ago and his father-in-law, Botha of Rooikrans had two of his horses similarly treated.*[21]
>
> "'n Perd van ene Broekma, 'n Burger wat oorgegee het, se ore en stert is ongeveer twee maande gelede afgesny en sy skoonpa het twee van Botha van Rooikrans sy perde soortgelyk laat behandel". (Eie vertaling).

Aan die begin van 1903 is oorlogsertifikate aan die Afrikaners verkoop, en *De Volksstem* het dit duidelik gestel dat slegs dié wat tot die einde toe geveg het, die sertifikate kan ontvang. Dit het verdere verdeeldheid aangehits.[22] Buiten vir die seer teen hierdie gedeelte van die Afrikanergemeenskap, bied dit ook insig in die gesindheid teenoor Afrikaners wat Brittanje goedgesind was. Ander het wel genoem dat hierdie soort houding as hoogmoedigheid bestempel is. Van hierdie pleidooie vir versoening het aanvanklik min gekom, en die stryd was verder aangevuur deur Afrikanergemeentes wat geweier het om kinders van hensoppers te doop. Kinders wat as lidmate aangeneem wou word, moes aan die kerk bewys kon lewer dat hulle of hulle ouers nie voor die einde van die oorlog wapen neergelê het nie.[23] Baie kerke het vereis dat indien die "verraaiers" bereid sal wees om tydens kerkdienste in almal se teenwoordigheid hul sondes te bely, hulle weer in die kerk toegelaat sal word: "Wij haten de menschen uit de diepte onzer harten omdat zij oneer door de gansche wereld gebracht hebben op een eerlijken naam. Het is niet mogelijk te vergeven nog minder te vergeten".[24]

---

20 Schutte, Die verhouding tussen Boer en Brit, p. 38.
21 Schutte, Die verhouding tussen Boer en Brit, p. 39.
22 *De Volksstem*, 6 Junie 1903, p. 5.
23 Schutte, Die verhouding tussen Boer en Brit, p. 42.
24 *The Friend*, 5.11.1902 soos aangehaal in A.H Marais, "Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-kolonie, 1902-1912". PhD diss., Stellenbosch: Stellenbosch University, 1977, p. 1.

Hierop het die Britse administrasie heftig gereageer, siende dat hulle van mening was dat geen sonde gepleeg is nie:

> *Forgiveness implies the commission of sin, and as no sin has been committed ... no absolution is needed.*[25] *They have suffered for identifying themselves ... with the British course, ... it is our duty to stand by them in their distress*.[26]

> Vergifnis impliseer die pleeg van sonde, en aangesien geen sonde gepleeg is nie ... geen absolusie is nodig nie". "Hulle het gely omdat hulle hulself vereenselwig ... met die Britse koers ... dit is ons plig om hulle in hulle nood by te staan". (Eie vertaling).

Die Britse pers en administrasie se ondersteuning van die hensoppers het verdere verdeeldheid veroorsaak. Ds. Bosman het die Britse pers beskuldig dat hulle die rede was waarom vergifnis en versoening onder die verdeelde Afrikaner onmoontlik geword het.[27]

### 5.3 Britse ekonomiese motiewe teenoor Afrikanervryheidsmotiewe

Dit is ʼn historiese feit dat die verdrag van die Vrede van Vereeniging in 1902 geteken is en die oorlog beëindig is, maar dit het geen politieke of groepskonflik in Suid-Afrika opgelos nie. Dit word eintlik beskou as ʼn wapenstilstand en nie ʼn oorwinning nie.[28] Nietemin was dit die einde van die militêre stryd en die einde van republikeinse onafhanklikheid van Transvaal en die Oranje-Vrystaat. Dit was beslis nie die einde van die kultuurstryd tussen die twee groepe nie. Jan Smuts het na die Tweede Wêreldoorlog die vergelyking getref tussen Europa se verwoesting en die verwoesting van die twee Boererepublieke:

> *No part of Europe was so devastated, root and branch, as the Transvaal and Orange Free State in the South African War. From the battefield, our people*

25 *The Pretoria News*, 13 October 1903, p. 5.

26 *The Star*, 1 October 1903, p. 6.

27 *The Pretoria News*, 15 October 1903, p. 5.

28 Marks, "War and Union, 1899-1910", p.164, G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel V 1899-1910*, (Perskor-Uitgewery: Johannesburg, 1979), haal ʼn soortgelyke stelling van Milner aan waar hy op 27 April 1903 aan ʼn kennis skryf: "The South African struggle continues. It has changed its character; it is no longer war with bullets, but it is war still", p. 252; C. Headlam, *The Milner Papers vol. II*, (Cassel and Company Ltd, London: 1933), p. 449.

*returned to a country in ruins – devastated and burned until only nature remained*.[29]

> "Geen deel van Europa was so verwoes, wortel en tak, soos Transvaal en die Oranje-Vrystaat in die Suid-Afrikaanse Oorlog nie. Van die slagveld het ons mense teruggekeer na 'n land in puin – verwoes en verbrand totdat net die natuur oorgebly het". (Eie vertaling).

Die Afrikaners wat na die vredesluiting na hul tuistes teruggekeer het, moes in die meeste gevalle hul lewens van nuuts af begin na afloop van die verwoesting wat deur die verskroeideaardebeleid aan plase en woninge aangerig is. M. Fischer skryf in haar dagboek op 1 Augustus 1902: "'n Trein met kakies wat teruggaan. Hulle voeg ons alle moontlike honende woorde en gesegdes toe. Mag hulle hul loon kry".[30] Dit dui op die rou polariteit wat nog teenwoordig was maande na die oorlog aan beide kante van die spektrum. A. Barry skryf in haar dagboek oor hul aankoms in Abrikooskop in Ficksburg en die geplunderde plaashuis: " ... Die voordeur, asook die drie groot vensters aan die voorkant van die huis is nou net groot donker gate. Die vloere van die verskillende vertrekke is besaai met stukkende meubels, strooi en vere van matrasse en kussings wat oopgesny is, flenters van beddegoed en gordyne, geskeurde boeke, stukke glas van vensterruite en skottelgoed, waskomme, bekers, ens ...".[31]

Sodanige beskrywings is belangrik ten einde 'n begrip te vorm van die twee verskillende ervaringswêrelde van die Britte en die Afrikaners direk na die einde van die oorlog.[32] Terwyl die Britte hul 'morele plig' geregverdig het, het Afrikaners nie net die verlies van onafhanklikheid ervaar nie, maar ook die pyn van die sterftes in die konsentrasiekampe, die aftakeling van gemeenskappe en families, sowel as die verwoesting van hul woninge en besittings. Dit het natuurlik 'n groot bydrae gelewer tot die verset aan die kant van die Afrikaners, veral saam met die uitvoering van sterk imperialistiese beleide deur die Engelse.

Sir Henry Campbell-Bannerman, die leier van die Britse Liberale Party, het sy misnoeë oor die oorlog uitgespreek na aanleiding van die geweldige hoë sterftesyfer in die konsentrasiekampe

29 Jan Smuts after returning from the devastation of the Second World War, *The Star*, 18 June 1948.

30 M. Fischer, *Tant Miem Fischer se Kampdagboek, Mei 1901 – Augustus 1902*, (Tafelberg: Kaapstad, 1964) p. 138.

31 A.B. Reitz, *Ons Japie: Dagboek gehou gedurende die Driejarige Oorlog*, (Afrikaanse Pers-Boekhandel: Johannesburg, 1960), p. 100.

32 Sien E. Krugell, and E. S. Van Eeden. "Briewe as vernaamste kommunikasiemiddel tussen konsentrasiekampbewoners, krygsgevangenes en hulle geliefdes tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog." *South African Journal of Cultural History* 31, no. 2 (2017), pp. 64-85.

en die drakoniese verskroeideaardebeleid. Hy het Brittanje se aksies as “metodes van barbarisme” bestempel. Daardie “metodes van barbarisme” sou op ŉ komplekse wyse ŉ invloed op die ontwikkeling van Afrikaneridentiteit uitoefen toe nasionaliste, destyds en in latere jare, Afrikaneridentiteit sou konstrueer in ooreenstemming met die lyding van hulle mense tydens die oorlog. Hoe meer Boerekommando’s die strydvoering verlaat het hoe meer het vroue die rol vervul om Britse aggressie te bestry. Die gevalle waar Afrikaners die stryd verlaat het om eerder hul families en plase te beskerm, het vroue dan militante standpunte ingeneem deur ŉ republikeinse en nasionalistiese retoriek te ondersteun.

Verskillende ekonomiese benaderings is gevolg met betrekking tot befondsing na die oorlog. Gegewe die armoede van die Afrikaner het Boeregeneraals Botha, De Wet en De la Rey op 25 September 1902 in verskeie Hollandse koerante ŉ aanhangsel gepubliseer waar die generaals vir die ‘beskaafde’ wêreld vra vir befondsing om die opheffing van die Afrikaner (Boere) aan te help.[33] Sien die volgende uittreksel:


N°. 226. 145e Jaargang. 1902.

MIDDELBURGSCHE COURANT.

Donderdag 25 September.

Deze courant verschijnt dagelijks, met uitzondering van Zon- en Feestdagen. Prijs, per kwartaal, zoowel voor Middelburg als voor alle plaatsen in Nederland franco p.p., ƒ 2. Afzonderlijke nummers kosten 5 cent.

THERMOMETER EN VERWACHTING.
24 Sept. 8 u. vm. 62 gr., 12 u. 63 gr., av. 4 u. 63 gr. F. — Verwacht: zwakke Z. W. wind, licht bewolkte lucht, neerslag, later opklarend.

Advertentiën: 20 cent per regel. Geboorte-, dood- en alle andere familieberichten en Dankbetuigingen van 1—7 regels ƒ 1.50; elke regel meer 20 cent. Reclames 40 cent per regel. Groote letters naar de plaats, die zij innemen.

Tot de plaatsing van advertentiën en reclames, niet afkomstig uit Zeeland, betreffende Handel, Nijverheid en Geldwezen, is uitsluitend gerechtigd het **Algemeen Advertentie-Bureau A. DE LA MAR Azn., N.Z. Voorburgwal 266, Amsterdam.**

Beroep der Boeren-Generaals op de beschaafde wereld.

Het zal de wereld nog versch in het geheugen zijn hoe de Boeren, na een bangen strijd voor hunne onafhankelijkheid van meer dan twee en een half jaar, eindelijk genoodzaakt zijn geworden de termen van overgave, hun door de Regeering van Zijne Britsche Majesteit, Koning Eduard VII voorgelegd, door middel van hunne afgevaardigden te Vereeniging aan te nemen.

Gelijktijdig werd ons door die afgevaardigden opgedragen ons naar Engeland te begeven ten einde in de eerste plaats een beroep op onze nieuwe Regeering te doen om de ontzachelijke

Wij verzoeken vriendelijk de hartelijke samenwerking van de bestaande Comité's in de verschillende landen van Europa en Amerika, en staan nu op het punt die landen beurtelings een bezoek te brengen ten einde de zaak behoorlijk te organiseeren.

LOUIS BOTHA.
C. R. DE WET.
J. H. DE LA REIJ.

* * *

Wij ontvingen heden nog voor dit doel, onder het bijschrift »Een gezellig avondje", ƒ 2 11; samen met de vorige opgaaf ƒ 37.34½.

Wij zullen te gelegenertijd dit bedrag overhandigen aan het comité voor de ontvangst der generaals te Middelburg.

dat al wat daarover vermeld is, rust op pure fantasie, ten deele uit politiek opzet.

En eindelijk dat het bewind van oordeel is dat er noch gegevens noch omstandigheden aanwezig zijn, die het voor de Nederlandsche regeering raadzaam of geoorloofd zouden maken van de tot dusver gevolgde gedragslijn af te wijken."

* * *

Met zichtbaar genoegen werd deze verzameling ontkenningen door den premier voorgelezen, en ook de Kamer scheen zich zeer over die overstelpende massa van »ik heb dit niet gedaan", »ik heb dat niet gedaan", »ik heb evenmin dit voorgeslagen, of dát overwogen", te verheugen.

Als het nu nòg niet uit was, zeide dr Kuyper, dan wist hij niet hoe aan die geruchten de kop ingedrukt moest worden.

Nu zal iedereen gaarne gelooven dat er

AMBACHTS- EN TECHNISCH ONDERWIJS.

Op de begrooting van Binnenlandsche zaken voor 1903 is de subsidie voor de ambachtsschool te Goes verhoogd met ƒ 2440.

* * *

Blijkens de Memorie van toelichting op die begrooting zal een nader ontwerp worden ingediend om met het begin van den cursus 1903/1904 aan de Polytechnische school te Delft het karakter van technische Hoogeschool te verleenen en het onderwijs aan die instelling te brengen onder Hooger onderwijs.

Met het doel om, na behoorlijke voorbereiding, tot de oprichting van een Technikum te geraken, die aan de middelklasse van personen, die tusschen de werklieden en de wetenschappelijk gevormden instaan, gelegenheid biedt tot volledige opleiding, geheel op de hoogte van onzen tijd, is ƒ 20.000 uitgetrokken; bij

spuit aan te schaffen, waarvoor ƒ 4200 op de begrooting voor dat jaar is uitgetrokken.

Men leze verder hetgeen hierna omtrent die begrooting wordt gemeld.

Daaruit blijkt o. a. ook dat burg. en weth geen termen vinden om den raad voor te stellen te voldoen aan het verzoek van de agenten van politie om verhooging van salaris.

— De 2e luitenant G. H. O. W. van der Nagel, van het 2e bataljon, 3e regiment inf. te Middelburg, wordt van 1 October—15 Januari e. k. gedetacheerd bij de normaal schietschool te 's-Gravenhage tot het volgen van een gymnastiek-, scherm- en zwemcursus.

In het eenvoudig doch smaakvol versierde lokaal *Rehoboth* van mej. Van Vollenhoven te Serooskerke vierde jl. Maandagavond de vereeniging *Dorcas* haar 20ste jaarfeest. Het talrijk opgekomen publiek werd vergast op gezang, voordrachten en muziek. Het fanfarecorps gaf tevens enkele nummers ten beste,

**Figuur 5.3 – Uittreksel uit die hoofartikel in Middelburgsche Courant van die Boeregeneraals se brief**.
Bron: Hierdie brief het op 25 September 1902 in talle Nederlandse koerante verskyn. Beroep der Boeren-Generaals op de beschaafde wêreld. “Middelburgsche courant”. Middelburg, 25-09-1902, p. 1. Geraadpleegd op Delpher op 22-11-2024, https://resolver.kb.nl/resolve?urn=ddd:010680864:mpeg21:p001.

---

[33] Beroep der Boeren-Generaals op de beschaafde wereld, *De Maasbode*, 25 September 1902, p.1 - Beroep der Boeren-Generaals op de beschaafde wereld. “De Maasbode”. Rotterdam, 25-09-1902. Geraadpleegd op Delpher op 22-11-2024, https://resolver.kb.nl/resolve?urn=MMKB04:000183607:mpeg21:p001 ; Beroep der Boeren-Generaals op de beschaafde wereld, *Middelburgsche Courant*, 1902, p. 1. - Beroep der Boeren-Generaals op de beschaafde wereld. “Middelburgsche courant”. Middelburg, 25-09-1902, p. 1. Geraadpleegd op Delpher op 22-11-2024, https://resolver.kb.nl/resolve?urn=ddd:010680864:mpeg21:p001

Koerantuittreksel:

> *Daar wij er tot dus verre niet in geslaagd zijn de Engelsche Regeering te bewegen ons volk verder behulpzaam te zijn, en de nood onbeschrijfelijk hoog is, blijt er voor ons niet sover dan ons te wenden naar de volkeren van Europa en Amerika ... De geldelijke en ander ondersteuningen aan onze vrouwen en kinderen in de concentratiekampen, en aan de krijgsgevangenen in alle deelen der aarde, droegen oneindig veel bij om het lot van die arme ongelukkigen te verlichten ... Het Boeren-volkje kan nimmer de hulp vergeten, die hetzelve bewezen werd in de donkere uren van zijne beproeving.*[34]
>
> "Aangesien ons tot dusver nie in staat was om die Engelse Regering te oorreed om ons volk verder behulpsaam te wees nie, en die nood onbeskryflik groot is, het ons geen ander keuse nie as om ons tot die volke van Europa en Amerika te wend ... Die finansiële en ander bystand aan ons vroue en kinders in die konsentrasiekampe en die krygsgevangenes in alle wêrelddele, het oneindig veel bygedra om die lot van daardie arme ongelukkiges te verlig ... Die Boerevolkie kan nooit vergeet van die hulp wat aan hulle in die donker ure van hul beproewing betoon is nie". (Eie vertaling).

Verder beklemtoon die publikasie die verwoesting wat in die twee voormalige Boererepublieke gesaai is. Hierop het Chamberlain met groot teleurstelling gereageer in sy brief aan Botha: "*The Appeal, I regret to say, appears to me to convey an incorrect and exaggerated impression of the circumstances*".[35] Chamberlain het ook sy misnoeë uitgespreek oor die feit dat die eerste stelling van die publikasie aanvoer dat die Britse regering nie verdere hulp aan die Afrikaner gee nie, en dat die van £3 000,000, "*a grant which itself without any precedent in the history of the world*", nie vermeld word nie.[36] Hy meld dat die konsentrasiekampe sedert hulle oprigting reeds meer as £3 000,000 uit die Britse Ryk se sak gejaag het en stel dit verder dat:

---

34 *Middelburgsche Courant*, 25 September 1902, p. 1.

35 Nasionale Argiefbewaarplek van Suid-Afrika (NASA) (Pretoria), Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), AMPT PUBS, Verwysing CD1329, "*Correspondence Relating to the Appeal of the Boer Generals to the Civilized World*", 1902, p. 2.

36 NASA, TAB, AMPT PUBS, "*Correspondence Relating to the Appeal of the Boer Generals to the Civilized World*", 1902, p. 2, Hollandse media het uitgevaar teen Chamberlain se brief aan Botha, Buitelandsch Overzicht, *Batavaaisch Nieuwsblad*, 23 Desember 1902, p. 5. "Bataviaasch nieuwsblad". Batavia, 23-12-1902, Geraadpleegd op Delpher op 22-11-2024, https://resolver.kb.nl/resolve?urn=ddd:011033485:mpeg21:p005 .

“*there is no room for reasonable doubt that they have been the means of preserving the lives of thousands of women and children and of providing the latter with a better education than they ever had the opportunity of enjoying before*”.[37]

Dit is ongetwyfeld so dat hulle [die Britse regering] die spilpunt was vir die bewaring van die lewens van duisende vroue en kinders. Laasgenoemde is van 'n beter opvoeding voorsien as wat hulle ooit in verlede geniet het. (Eie vrye veraling).

Wat die meeste ontsteltenis onder die Boeregeneraals veroorsaak het betreffende Chamberlain se brief aan Botha, was die kwessie van die verskroeideaardebeleid, wat alles behalwe ŉ “bewaringsgebaar” was, maar veel eerder as imperiale militante magsug beskou is. ŉ Verdere ontsteltenis was die Britse bestuur van die “Boerefonds” in Brittanje gedurende die oorlogsjare. In Oktober 1902, het Botha korrespondensie ontvang van die ene Herbert Spencer wat sy verbasing en frustrasie uitspreek op die wyse waarop die Boerefonds bestuur is in Engeland en sy siening as volg na die gebeure van die onderhoud met Chamberlain gestel:

*If, immediately after your interview with Mr. Chamberlain, there had been an advertisement, naming a committee of some three or five, with an indication of the bank to which subscriptions might be paid, there would be at once have been a response from a great many who now have become almost indifferent [Pro-Boers] in a mere lapse of time. Two months have passed, and the feelings of sympathy have been allowed to die away before anything practical was done ... The whole thing, in my opinion, has been dreadfully bungled*.[38]

“As daar kort na jou onderhoud met Mnr. Chamberlain ŉ advertensie geplaas was, wat ŉ komitee van drie of vyf aangedui het met ŉ verwysing

---

37 NASA, TAB, AMPT PUBS, “*Correspondence Relating to the Appeal of the Boer Generals to the Civilized World*”, 1902, p.2.

38 D. Duncan, *The Life and Letters of Herbert Spencer*, (Methuen and Co: London, 1908), p.464. Spencer het direk na die einde van die oorlog gehoop dat daar deur samewerking Boerhulpfondse gestig word, en het op 10 Augustus 1902 aan President Steyn geskryf en ŉ geskenk gegee, hoewel dit onbekend is wat presies die geskenk was, wou Spencer dit persoonlik hou en is deur ŉ onbekende organisasie gevra om hul simpatie en admirering oor te dra, “They believe, as I do, that nowhere among historic characters is there to be found one whose persistence in upholding a cause”.

> na die bank na waarheen inbetalings gemaak kon word, sou daar onmiddellik ʼn antwoord kon gegee word van die beskikbare bedrag vanaf [Pro-Boere ondersteuners vir die Boere]. Twee maande het reeds verloop en die simpatie is reeds gedemp voordat enige iets prakties uitgerig is... Die hele gedoente, na my mening, is ontstellend verwarrend". (Eie vertaling).

In die artikel "Beroep", word die materiële verwoesting wat die oorlog veroorsaak het, beklemtoon en word verwys na die 30 000 plaashuise wat afgebrand is deur Brittanje se toedoen.[39] Hierop het Chamberlain gereageer deur aan te voer dat baie dorpe soos Potchefstroom, Bloemfontein, Johannesburg, Klerksdorp, Lichtenburg en dies meer, grootliks onaangeraak is. Daar is ongetwyfeld ʼn aansienlike aantal plase en geboue op die platteland beskadig en verniel, maar dit was gedoen deur "een of ander van die strydlustiges en naturelle".[40] In sy antwoord het Botha die saak op 13 November probeer regstel – naamlik dat hy nie saamstem met die stelling dat die grootste skade op die platteland aangerig is nie, en baie van die plekke wat Chamberlain genoem het, ook deurgeloop het. Botha noem dat as Chamberlain suggereer dat die "die strydlustiges" een van die Afrikaners was wat die skade aangerig het, Chamberlain onder ʼn wanindruk gebring is. Botha het ʼn uitdruklike bevel daarteen gegee, en hy weet van slegs vier persone wat nie sy bevel uitgevoer het nie. Elkeen van daardie misdadigers is opgespoor en gestraf.[41]

Om die heropbou van Suid-Afrika deur te voer het Milner sy eie volgelinge aangestel wat bekend sou word as die 'Kindergarten'; ʼn klomp jong mans van Oxford Universiteit se Balliol Kollege. Dis belangrik om ag te slaan op die feit dat Oxford se opvoeding berus het op streng Britse imperialistiese idees.[42] Die Kindergarten sou verantwoordelik wees vir die rekonstruksie van die voormalige republieke, en het ʼn munisipale en plaaslike regeringstelsel ontwikkel. Hulle moes ook die vooroorlogse struwelinge in die mynbedryf van Transvaal uit die weg ruim en orde in die plaaslike gebiede handhaaf. Die Britte was bekommerd dat ʼn onafhanklik

---

39 Beroep der Boeren-Generaals op de beschaafde wereld, *Middelburgsche Courant*, p.1, "dat er minstens dertig duizend huizen op de boerenplaatsen en bovendien tal van dorpen door de Britten gedurende den oorlog verbrand of vernield zijn. Onze woningen met de meubelen zijn verbrand of vernield, onze boomgaaren neergeveld, alle landbouwgereedschappen stuk geslagen, molens vernietigd, elk levend dier is weggevoerd of gedood – niets bleef ons, helaas! over. Het land is eene woestenij. Ook heeft de oorlog vele slachtoffers geëscht en het land weergalmt van het geween der hulpelooze weduwen en weezen."

40 NASA, TAB, AMPT PUBS, "*Correspondence relating to the appeal of the Boer Generals to the Civilized World*", 1902, p. 5, "one or other of the belligerents or by natives".

41 NASA, TAB, AMPT PUBS, "*Correspondence relating to the appeal of the Boer Generals to the Civilized World*", 1902, p. 8.

42 Kyk W.J. Reader, *At duty's call*.

gesentreerde Britse samelewing (hoofsaaklik die Britse mynmagnate) op die Rand nie beskou sou word as ŉ groep wat sou identifiseer met die belangstellings van die Britse Ryk nie, gegewe hul belangstelling in hul individuele idees, eerder as patriotiese idees. In die naoorlogsjare was daar ook groot ideologiese, politieke en kulturele ontwikkelings. Marks beskryf dit as ŉ blanke Suid-Afrikaanse patriotisme wat plaaslike belange bevorder, veral dié van Selborne en lede van sy groep wat steeds in Suid-Afrika was.[43]

### 5.4 Oorlogshantering en -belewenis

Afrikaners het nie net vernedering ervaar vanweë die verlies van hulle onafhanklikheid nie, maar ook vanweë die neerhalende wyse waarop daar na hulle karakter, taal en kultuur verwys is. Dit het uit ŉ sosiale Darwinistiese agtergrond voortgespruit, waar gedeeltes van die Britse samelewing geglo het dat hulle kultuur, ras en taal superieur is, terwyl die Afrikaner van die tyd nie in dieselfde klas- en raskategorie beskou is nie. ŉ Sosiale Darwinistiese beskouing van die Afrikaner blyk uit ŉ stelling in Hobson se *The psychology of jingoism* wat ŉ koerantberig van die *Indian Planters Gazette* in 1901 aanhaal:

> *Not only should the Boer be slain, but slain with the same ruthlessness that they slay a plague-infected rat. Exeter Hall may shriek, but blood there will be and plenty of it, and the more the better. The Boer resistance will further this plan, and enable us to find the excuse that Imperial Britain is fiercely anxious for – the excuse to blot the Boers out as a nation, to turn their land into a vast shambles, and remove their name from the muster-roll of South Africa*.[44]

> "Nie net moet die Boer (Afrikaner) doodgemaak word nie, maar doodgemaak word met dieselfde genadeloosheid waarmee ŉ pesbesmette rot doodgemaak word. Exeter Hall kan skree, maar bloed sal daar wees en baie daarvan, en hoe meer hoe beter. Die Boereweerstand sal hierdie plan bevorder, en ons in staat stel om die verskoning te vind waarna imperiale Brittanje reikhalsend uitsien – die verskoning om die Boere as ŉ nasie uit te wis, om hul land in ŉ groot puinhoop te verander en hul naam van die naam van die monsterrol Suid-Afrika te verwyder". (Eie vertaling).

43 Marks, "War and Union, 1899-1910", p. 174.
44 J.A. Hobson, *The psychology of jingoism*, (Grant Richards, London: 1901), p. 39.

Scholtz dui aan dat Britse oorheersing in Suid-Afrika nie net polities van aard was nie, maar dit was beslis ook gerig op taal en kultuur. Hy steun die argument dat dit ooreenstem met die beginsel van 'oorlewing van die sterkste' soos dit volgens hom deur Darwin en Spencer verkondig is.[45] Enige ander volk, nog te meer 'n volk waarteen Brittanje oorlog gevoer het, was nie onderhewig aan dieselfde standaarde en respek as Britse individue nie en moes voorts eers imperialistiese of anglofiliese ideale handhaaf, voordat hulle as 'waardig' beskou kan word. Cecil John Rhodes, 'n groot rolspeler in Britse imperialisme, het in 'n toespraak nader aan die einde van die oorlog genoem dat die oorlog nie teen die Hollanders in Suid-Afrika gevoer word nie, maar teen "Krugerisme"[46] en dat die doelwit tweeledig is, naamlik "*the maintenance of Her Majesty's flag in the country*" en "*equal rights to the <u>civilised</u> man south of the Zambesi*".[47] Rhodes se idee van beskawing het slegs pro-Britse beskouings ingesluit: "*I use the word civilized to cover the coloured people and others who were considered worthy of the rights of voters. I don't think the Dutch themselves had equal rights and they have not got them yet*".[48] Die strewe na 'n imperiale bewind in Suid-Afrika is gekoppel aan die moontlike assimilasie van die Afrikanervolk (terwyl die res van Suid-Afrika so terloops baie blatant binne 'n aparte administrasiestelsel moes bly).[49] Milner was 'n sterk voorstander vir die verengelsing van die Afrikaner soos in 'n latere afdeling beklemtoon word. Dat Milner ook gedurende die Anglo-Boereoorlog deeglik bewus was van Darwinisme en sosiale Darwinistiese denke van die tyd, blyk uit sy geskrewe opmerkings gemaak op 21 Januarie 1901:

> *I am all for the most forbearing and generous treatment of the Boers when they are once completely beaten - if only because that is the sole means of absorbing and ultimately getting rid of them as a separate, exclusive caste ... Of course, we have absolutely smashed up the armies of the enemy and his political organization. A more highly organized and advanced political entity would be annihilated by the loss of its capital, treasury, archives, and the whole machinery of Government. But*

---

45 G.D. Scholtz, *Ontwikkeling van die politieke denke, Deel V*, (Perskor-Uitgewery: Johannesburg, 1979), p. 251.

46 Volgens Rhodes was "Krugerisme" swak bestuur en korrupsie behels, asook die geïsoleerde wyse waarop president Paul Kruger Transvaal regeer het.

47 Vindex, *Cecil Rhodes, His political life and speeches 1881-1900*. (George Bell and Sons: London, 1900), p. 665. Asook G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel V*, p. 138. (Eie beklemtoning.)

48 Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke, Deel V*, p. 138.

49 J. C. Mayers, *Indirect Rule in South Africa: tradition, modernity and the costuming of political powers*, (University of Rochester Press: Rochester, 2008), pp. 1-15 fokus in diepte op die administrasie stelsel van Indirekte Heerskappy in Suid-Afrika.

*with their primitive social and political conditions, the Boers can go on merrily for a long time without any of these (which only seem to embarrass them), just as low types of animal organisms will long survive injuries which would kill organisms of a higher type outright. They die, too, in the long run, but it takes time*.[50]

"Ek is ten gunste van verdraagsame en grootmoedige behandeling van die Boere sodra hulle heeltemal verslaan is - al is dit net omdat dit die enigste manier is om hulle as ŉ aparte, eksklusiewe groep te absorbeer en uiteindelik van hulle ontslae te raak ... Natuurlik het ons die vyand se mag en politieke organisasie absoluut verpletter. ŉ Meer georganiseerde en gevorderde politieke entiteit sou vernietig gewees het deur die verlies van sy kapitaal, tesourie, argiewe en die hele masjinerie van die regering. Maar met hul primitiewe sosiale en politieke toestande kan die Boere lank gemaklik/vrolik voortgaan sonder enige van hierdie [strukture] (wat hulle blykbaar net in die verleentheid stel), net soos lae tipes dierlike organismes lank beserings sal oorleef wat organismes van ŉ hoër tipe sal uitwis. Hulle sterf ook op die lange duur, maar dit neem tyd". (Eie vertaling).

P.H. Zietsman byvoorbeeld het navorsing gedoen oor die wyse waarop Engelssprekendes in die eerste jare na 1902 na Afrikaans as taal verwys het, as ŉ "[b]*arbarous tongue, mongrel language, hotch potch taal, awkward unidiomatic speech, ox-wagon vernacular, cacophonous jumble, undignified gabble, a dialect degenerate and decaying, mongrel patois*".[51] ŉ Verdere voorbeeld van hoe daar teen die "agterlike" Afrikaner gediskrimineer is, is die klagte van mnr. Howes. Hy het aan A.P. Field, die sekretaris van die Uitlanderkomitee, geskryf rakende ŉ Afrikanergesin wat in ŉ Britse woning in Pretoria geplaas is. Volgens die militêre goewerneur is oorlede Boeregeneraal Oosthuizen se gesin in mnr. Howes se huis geplaas. In die brief voer Howes aan dat lt. Woodcock opgemerk het dat dit ŉ skande is om mense wat nie aan meubels gewoond is nie, in ŉ gemeubileerde huis te plaas en alhoewel die meubels in goeie toestand is,

---

50 C. Headlam, *The Milner Papers, Vol 2*. (Cassel and Company Ltd: London, 1931.), pp. 205-206. Milner se verwysing na "caste" word wel binne die konteks van ŉ inkomstevlak beskou, met die implikasie dat Britse elite die plek inneem van die klein Boere elite.

51 P.H. Zietsman, *Die Taal is gans die volk: woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal, Vol. 14,* (Universiteit van Suid-Afrika, 1992), p. 75.

is die huis vuil en die Oosthuizen-gesin nie ŉ gekose (gerespekteerde) lot is nie. [52] Howes se diskriminasie word verder beklemtoon deur sy kommentaar:

> *This action of the military is quite unnecessary cruelty. They must be well aware that no English lady can again use furniture or occupy her house that has been inhabited by these filthy creatures*.[53]

> "Hierdie optrede van die weermag is nogal onnodige wreedheid. Hulle moet deeglik bewus wees dat geen Engelse dame weer meubels kan gebruik of haar huis kan bewoon wat deur hierdie vuil wesens bewoon is nie". (Eie vertaling).

Daarna is Howes in kennis gestel dat die Oosthuizen-gesin na die Irene konsentrasiekamp in Pretoria gestuur is.

In die tydperk toe die sterftesyfers in die konsentrasiekampe hoog was, het pro-Britse propaganda hoogty gevier. Die hoë dodetal in die kampe is deur pro-Britse pers beskryf as die gevolg van die Boerevrou se agterlikheid en hardkoppigheid, en dat die behandeling van die vroue en kinders in die kampe hoegenaamd nie onmenslik is nie. Die Britse koerant, *The Graphic*, het die volgende berig en illustrasie van twee Boerevroue en ŉ klein dogtertjie op 10 Mei 1902 gepubliseer:



**Figuur 5.4 – Illustrasie van Boerevroue in konsentrasiekampe.**

Bron*: The Graphic - An Illustrated Weekly Newspaper*, vol. 65, January to June 1902, (London Office Strand, 1902), p. 34.

---

52 Nasionale Argiefbewaarplek van Suid-Afrika (NASA) (Pretoria), Transvaalse Argiefbewaarlik (TAB), MGP, Verwysing 2304/01, "*Re – House occupied by Mrs Oosthuizen*", 1901, p. 80.

53 "*Re – House occupied*," TAB 2304/01, 1901, p. 81.

Waarna die berig gevolg het:

> *Fairy forms in a concentration camp: two of the 'starved' – So much has been said of the treatment of the Boer women and children in the concentration camps, that the above photograph, sent to us by a colonial officer, may serve to correct some of the bad impressions given by the descriptions of the refugees in the Pro-Boer Press. Our correspondent says that the two portly women shown were some of the fattest in the Refugee Camp at Vryburg. They certainly do not appear to have been badly fed nor to be at all unhappy*.[54]
>
> "Feetjies in ŉ konsentrasiekamp: twee van die 'uitgehongerdes'. Soveel is al gesê van die behandeling van die Boerevroue en -kinders in die konsentrasiekampe, dat die foto, wat deur ŉ koloniale offisier aan ons gestuur is, kan dien om van die negatiewe indrukke wat die beskrywings van die vlugtelinge in die Pro-Boerepers gegee het, reg te stel. Ons korrespondent sê die twee vet vroue van die vetstes in die vlugtelingkamp by Vryburg was. Dit lyk beslis nie asof hulle aan wanvoeding onderhewig is of enigsins ongelukkig is nie". (Eie vertaling).

Hierdie uittreksel is ŉ goeie aanduiding van die wye polarisering in die mediadiskoerse en die wyse waarop Brittanje die pers gebruik het om kritiek teen sy oorlogsbeleide te verwerp deur blatante verdraaiings van die realiteite in die konsentrasiekampe aan die Britse publiek op te dis. Britse imperialiste en Britse rolspelers was openlik uitgesproke oor die Boerekultuur. Kitchener het Boerevroue beskryf as ŉ slegte en gevaarlike lot.[55] Salisbury het na Boere verwys as "in-bred, dishonest, brutal, illiterate, stubborn slave drivers".[56] Daar was ook vlugtelik in die Britse pers verwys na die feit dat die Afrikaner nie die werke van Darwin of "hulle vriend, Herbert Spencer" gelees het nie, en daarom nog nie ŉ manier gevind het om die moreel van die immoreel te ontwikkel nie.[57] Hulle het ook klem gelê op die invloed van isolasie wat Afrikaners ervaar het tydens hul trek na die binneland (die Groot Trek) en dat dit ŉ beduidende impak

---

54 *The Graphic - An Illustrated Weekly Newspaper*, vol. 65, January to June 1902, (London Office Strand, 1902), p. 34.

55 Marks, "War and Union, 1899-1910", p. 160.

56 Schoeman, *Rekonstruksie*, p. 78.

57 *The Clarion*, Saterdag 9 Junie 1900, p. 2. https://www.britishnewspaperarchive.co.uk/viewer/bl/0002732/19000609/019/0002

gehad het op hulle sogenaamde "agterlike" kultuur en taal. In ŉ tydperk waar samelewings se evolusionêre vooruitgang baie aandag geniet het, was hierdie gedagte van isolasie en gebrek aan vooruitgang groot aansporing vir diegene met die ideaal om die Boere te assimileer om verder te laat ontwikkel. Afrikaans-Hollands, ook ŉ "ossewa-volkstaal" genoem, het groot teenstand gekry, gegewe die sterk imperialistiese geloof dat Engels die enigste taal is wat bevorder en gerespekteer moet word. Dus het dit ŉ uitwerking gehad op die onderwysbeleide, naamlik dat Afrikaans uit skole moet verdwyn en dat Engels die enigste onderwystaal moet wees om Suid-Afrika in ŉ Britse kolonie te omskep. Hierdie ingesteldheid kom onder meer na vore in dr. Watkins se toespraak wat hy in Kimberley gelewer het by die hoeksteenlegging van *Beaconsfield Public School* in 1902:

> *In reading the history of education in this country, or recalling one's own experience on the subject, one could not but be struck by the fact that the Colonial children were heavily handicapped by the existence of the dual language in this country. (Hear, hear).*[58]
>
> "By die lees van hierdie land se onderwysgeskiedenis, of herinnerings van persoonlike ervarings van die onderwerp, kon ŉ mens nie anders as om getref te word deur die feit dat die koloniale kinders ernstig gestremd was deur die bestaan van tweetaligheid in hierdie land nie. (Hoor, hoor)". (Eie vertaling).

Sy beskouing van die tweetalige beleid van Hollands en Engels in skole, was dat Engelse kinders ŉ voordeel gehad het bo hul 'koloniale mededingers". Hy voer aan dat hy die saak nie uit ŉ politieke oogpunt beskou nie, maar slegs uit ŉ opvoedkundige oogpunt. Volgens hom sou koloniale kinders slegs die nodige vordering kan toon indien hulle Hollands uitskakel. Kinders sal ŉ agterstand hê as hulle beide Engels en Hollands in die skole gebruik. Die onderwysstandaard sal aansienlik verbeter onder die Britse beleid wat sal bepaal dat Suid-Afrika ŉ eentalige land is. Watkins erken dat Afrikaners dalk mag voel dat hy besig is om hulle nasionaliteit te onderdruk deur van hul taal ontslae te raak, [59] maar:

> *He would like to look into the houses of those who would argue that it was essential that the Dutch language should be maintained, and see how many Dutch books they had possessed. Probably he had himself more books in Dutch*

58 *The Diamond Fields Advertiser*, 17 April 1902, p. 7.
59 *The Diamond Fields Advertiser*, p. 7.

*on his own shelves than would be found in almost any Dutch speaking household in Kimberley or Beaconsfield ... Did it not indicate clearly and plainly that the time devoted to teaching the Dutch language was being wasted ... Let them recognise the facts, and accept the position ... their boys and girls who studied together in the schools would have to grow up side by side and help to form in the future one great nation, which must be an English-speaking nation; and the sooner they recognised that, the sooner they would have made one great step towards the unity.*

"Hy sal graag in die huise van diegene wil gaan kyk wat redeneer dat dit noodsaaklik is dat die Nederlandse taal gehandhaaf moet word, en kyk hoeveel Nederlandse boeke hulle het. Waarskynlik het hy self meer Nederlandse boeke op sy eie rakke gehad as wat in byna enige Hollandssprekende huishouding in Kimberley of Beaconsfield gevind sou kon word ... Is dit nie ŉ duidelike teken dat die tyd wat aan die onderrig van die Nederlandse taal gewy is, vermors word nie? Laat hulle die feite erken en die posisie aanvaar ... hulle seuns en dogters wat saam in die skole studeer het, sou langs mekaar moes grootword en meehelp om in die toekoms een groot nasie te vorm, wat ŉ Engelssprekende nasie moet wees; en hoe gouer hulle dit besef, hoe gouer sou hulle een groot stap na eenheid geneem het". (Eie vertaling).

Deur sy uitlatings het Watkins net verdere agterdog by die Afrikaner gewek, naamlik dat die jeug nou gebruik gaan word om Britse imperialistiese sentimente verder te vestig. Opinies van hierdie aard was nie altyd net uit pure weersin nie, en het tog meriete gehad. Op die vooraand van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het Rhodes tog op 3 September 1898 in een van sy toesprake genoem dat dit "ondenkbaar" is vir ŉ beskaafde samelewing dat die meerderheid inwoners van die land nie hul kinders in hul moedertaal kan opvoed nie, maar onder Kruger se bewind is dit die lot van die Engelse samelewing in Transvaal.[60] Lawley het in die jonger geslag geglo wanneer dit kom by die hervorming en wegbeweeg van ou boerderymetodes, en het ŉ landbouskool gestig om jong Afrikaners te bearbei. Hy voer aan dat dit juis hier is waar die

60 Vindex, *Cecil Rhodes, His political life and speeches 1881-1900*. (George Bell and Sons: London, 1900), p. 593.

hervorming begin – met die boer se seun.[61] Hierdie sentimente rakende tweetaligheid het latere jare steeds ŉ impak gehad in Britse diskoers. In 1913 toe Afrikaans en Engels in Stellenbosch op gelyke voet geplaas is, het daar op 10 Oktober ŉ berig in *The Star* verskyn: "*People who think in two languages must inevitably be handicapped when it comes to the expression of the highest kind of literature*".[62] Dit is later juis op die grond van taal dat die stryd teen anglisering plaasgevind het, toe Afrikaners sterk klem begin lê het op hul kultuur, identiteit, geskiedenis en taal deur hierdie faktore akademies sterk te laat ontwikkel.

## 5.5 Grondkwessies en selfstandigheid

Marks verduidelik hoe hierdie vorm van patriotisme ŉ mengsel van koloniale nasionalisme en ŉ gevoel van imperialistiese diens was, net soos in ander Britse kolonies. Spencer het ook in twee van sy opstelle uitgevaar teen politici se gebruik van evolusionêre teorieë genaamd *The sins of the legislators* en *The coming slavery*. Volgens hom is die politieke interpretasies van evolusie besig is om die "onsuksesvolle" lede van die samelewing te vernietig, en dat dit ŉ tipe sosialistiese poging is om die leed van die wêreld te verminder.[63]

Ritchie noem wel dat die gevolg van die politiese politiesetoepassing van evolusionêre teorieë ŉ konstante en daaglikse strewe na oorwinning is. Ras se stryd is teen ras, nasie teen nasie, taal teen taal, geloof teen geloof en sosiale groepe in terme van ekonomiese status teen mekaar. Ritchie is ook van mening dat ŉ volk wat in ŉ oorlog verslaan is, steeds sy taal, kultuur, of geloof op sy oorwinnaars kan afdwing. Dit is onregverdig om die sogenaamde verslane volk of ras as minderwaardig of minder geskik te beskou, want deur die blote standaard van swakker oorlogvoering nie genoeg is om hulle te ontneem van ŉ meer volhoubare sukses in die toekoms nie.[64] Dit is hier waar die fokus op die Afrikaner se taal, geloof en kultuur as versetpunte in ag geneem moet word, asook die feit dat dit van die belangrikste areas van rekonstruksie onder die Britse administrasie was.

Dit stem ooreen met Spencer en Hobson se beskrywings van aggressiewe imperialisme, en die 'sosiale patologie' onderliggend aan hierdie sterk nasionalisme, ook jingoïsme. Die volle

---

61 *The Star*, 24 March 1904, p. 6.
62 Opperman Lewis, *Apartheid*, p. 329.
63 Sien H. Spencer, *The man vs the state*, (Watts and Co, London: 1940), D.G. Ritchie, *Darwinism and politics*, (Swan Sonnenschein & Co, London: 1891), p. vi.
64 Ritchie, *Darwinism and politics*, p. 17.

uitwerking hiervan sou in 1914 sigbaar word toe Boeregeneraals Smuts en Botha Suid-Afrika se steun aan Brittanje gegee het, ten spyte van Afrikanerprotes teen die ondersteuning van Brittanje in die Eerste Wêreldoorlog. Teen 1903 was daar nog baie om te verrig op die gebied van rekonsiliasie en rekonstruksie, en die mynbedryf in die eertydse Transvaal kolonie was ŉ fokuspunt vir die herstel van die ekonomie. In 1903 het Milner ŉ arbeidsbeleid rakende Sjinese mynwerkers in Transvaal geïmplementeer. Die beleid sou die verdeelde Afrikaneropposisiegroepe verenig en ook Milner se alliansie met die Engelssprekende pro-imperialiste verbreek.[65] Dit het bygedra tot die vorming van die *Het Volk*-party onder die Afrikaners in Transvaal. Marks raak wel ŉ gewigtige punt aan deur Milner se sosiale Darwinistiese beskouinge betreffende Afrikanerarbeid te beskryf. Die besluit om Sjinese werkers na die Rand te bring het geïmpliseer dat blanke mans nie as ongeskoolde arbeiders in die mynbedryf aangestel sou word nie, ten spyte van die hoë werkloosheidsyfer en weens Milner se begeerte om Afrikaners op demografiese vlak uit te skakel. Milner wou Suid-Afrika miskien as ŉ witmansland gehad het, maar nie Milner of die mynmagnate wou ŉ groot aantal ongeskoolde blanke werkers, wat meestal Afrikanergroepe sou behels, aan die Rand sien werk nie.

Die konsepte van Milner se administratiewe beleide soos die Britse nedersettingsbeleide, die Sjinese mynwerkersbeleid, en die onderwys- en taalbeleide het ŉ groot rol gespeel in die ontwikkeling van die Afrikaner se nasionalistiese sentimente. Dit is in baie gevalle beskou as die lont wat die politiese mobilisering tussen ŉ verdeelde naoorlogse Afrikanervolk laat ontvlam het, wat verder in hoofstuk 4 bespreek is. Marks voer aan dat dit die antagonisme van die 'polities bewuste Afrikaner-elite' teen Britse heerskappy aangevuur het.[66] Dit is nodig om die agtergrond van die ontwikkeling van die Afrikaner se nasionalistiese sentimente na die oorlog te ondersoek, juis omdat die oorwonne groepe onder druk was om óf te assimileer óf hulle te verset. Gevolglik was die geveg nie militêr van aard nie, maar beslis op sosio-politiese, kulturele en ekonomiese front. Die armoede in die voormalige republieke was ŉ groot bydrae tot die verset teen Britse imperialisme.

Daar was groot onsekerheid oor die kwessie of Suid-Afrika ŉ federasie of ŉ unie moet word. Milner het gereken dat ŉ federasie sou verseker dat Brittanje nie sy mag verloor nie. Milner se politiese strewe om die republikeinse ondersteuning onder Afrikaners te verminder was van

65 *British workmen or Chinese slaves – The labour problem in the Transvaal*, (The New Reform Club: London, 1904), p.12.
66 Marks, "War and Union, 1899-1910", p. 185.

groot belang. Daardeur het Milner gepoog om Britse heerskappy te beveilig deur ŉ gevoel van lojaliteit aan die Britse bewind onder Afrikaners te probeer aankweek, veral onder die jeug. Sterk angliserende onderwysbeleide, sowel as die invoer van Britse immigrante om ŉ Britse meerderheid in Suid-Afrika na vore te bring, was ook die taktiek. Die doelwit was om drie Britse inwoners vir elke Afrikaner in Suid-Afrika te vestig om ŉ meerderheid te verseker, veral omdat Afrikaners tradisioneel groot families gehad het. Teen die einde van 1903 het ongeveer 31 000 nuwe Britse immigrante na Suid-Afrika gekom. Hiervan is om en by 2 500 op plase gevestig, want dit was vir Milner belangrik dat die platteland vinnig moet verengels. Die platteland was natuurlik waar die meeste Afrikaners gevestig was. Milner se ideaal het egter misluk. Hy wou nie selfbestuur aan die nuwe kolonies gee (soos in die vredesverdrag ooreengekom) totdat sy angliseringspogings en ideaal van ŉ Britse meerderheidsbevolking geslaag het nie. [67]

Milner wou selfs in 1902 die Kaapse konstitusie ophef en die drie kolonies waar Afrikaners in die meerderheid is volgens ŉ kroonkoloniestelsel bestuur. Die Kaap het sy voorstel afgekeur. Milner se ideale om die Afrikaner uit te werk, is beïnvloed deur rasse- en eugenetiese vooroordele. Met Milner se Britse immigrasiebeleide betreffende Suid-Afrika, wou hy net die keur van koloniste uit ŉ geselekteerde deel van die Britse samelewing na Suid-Afrika bring. Dit sou imperiale superioriteit verseker. Met die groeiende mynbedryf was daar min oortuiging nodig om Britse immigrante na die stede te lok. Milner het hom daarop toegelê om die plaaslike gebiede vir Britse immigrante aanloklik te maak, omdat hy wou verseker dat die "volkome Hollandse ouderwetse bevolking" deur 'progressiewe' imperialiste vervang word.[68] Die poging was ŉ groot mislukking. Nie meer as 1 200 Britse setlaars sou hulself in Suid-Afrika vestig nie, waarvan die meeste in die Oranjerivierkolonie gaan woon het. Milner se strategie om Britse heerskappy in Suid-Afrika het nie geslaag nie. Teen 1904 was Milner verplig om te erken dat daar weinige bewyse is dat ŉ Britse gemeenskap aan die Rand slegs ŉ teenwoordigheid van ŉ gemeenskap wat anti-Boer was is.[69] Deur middel van die mynbedryf is gepoog om ŉ inklusiewe imperialistiese identiteit in die gebied te skep, veral deur die voorstelling dat die mynbedryf ŉ dinamiese, effektiewe en progressiewe 'Britse' onderneming is.[70] Suid-Afrikaanse Britsheid,

67 F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeek tot Verwoerd – 1652-1966*, (Voortrekkerpers, Johannesburg: 1971), p. 211.
68 Marks, "War and Union, 1899-1910", p. 177.
69 Thompson, "The Languages of Loyalism in Southern Africa, c. 1870–1939", p. 625.
70 Thompson, "The Languages of Loyalism in Southern Africa, c. 1870–1939", p. 625.

soos gedefinieer deur die mynbedryf, was ŉ poging om werknemers aan te moedig om saam te werk om hul patriotisme te versterk.

Gegewe die sentrale rol wat vroue gespeel het deur hul invloed op die jeug, het kulturele nasionaliste dit as ŉ geleentheid gesien om die jeug van Suid-Afrika aan imperialistiese idees bloot te stel. Milner het dieselfde gedagtegang gehuldig. Marks beskryf dit soos volg: "Without the bridgehead into the family, he turned to schooling in the hope of capturing it from what he saw as the bigotry of Krugerism". Vanaf 1900, terwyl die oorlog nog in volle gang was, het die hoë kommissaris reeds begin om ŉ nuwe taal- en onderwysbeleid in te voer in die oorwonne gebiede. Milner wou Suid-Afrika in alle opsigte só deel van die Britse ryk maak dat daar geen plek vir Afrikanernasionalisme sou wees nie. Sy politieke strewe, indien dit sou slaag, sou dus noodwendig lei tot die ondergang en verdwyning van die Afrikanervolk as ŉ aparte volk met ŉ eie kultuur. Dit het vir Milner in die eerste en laaste instansie gegaan om die daarstel van Britse opperheerskappy in Suid-Afrika. Hy het sy hoop vir die behoud van die Britse posisie in Suid-Afrika gevestig op die verwagte toestroming van Britse immigrante na die land.[71]

Vroeg in 1901 het hy reeds ŉ opvoedkundige met die naam Sargant aangestel om die onderwysstelsel in die voormalige republieke te herstruktureer en die kinders in konsentrasiekampe te verengels deur Britse onderwysers in te voer. Sargant was uitgesproke in sy doelwit om Afrikanerkinders deur "die edelheid van die Engelse imperiale idee" ('ons taal en ideale') te beïnvloed.[72] Sargant het ook na Britse superioriteit verwys as die gees van geloof in die oppergesag van Engeland en die Britse ras. Sargant het onderwysers ook ingelig dat dit hul plig en doel was om kinders doelgerig te indoktrineer. Hy fokus veral op die dringendheid om ŉ politieke doelwit in al hul skole na te streef, naamlik om politiese partye onnodig te maak, en al wat noodsaaklik is, is lojaliteit aan Brittanje.[73] Verder het hy met imperialistiese entoesiasme beklemtoon dat die klein groepie onderwysers wat uit die Kruger-administrasie aangestel is, fyn dopgehou moet word. Al word hulle onder toesig geplaas is hy steeds nie oortuig daarvan dat hul onderwysmetode met 'n ingesteldheid van imperialistiese entoesiasme aangepak sal word nie.[74]

71 Van der Bank, Orangia Unie as Volksvereniging en Politieke Party, p. 358.
72 Giliomee, *Die Afrikaners*, p. 266; Opperman-Lewis, *Apartheid*, p. 333.
73 C. van der Merwe, '*Donkerstroom' Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* (Tafelberg: Kaapstad, 2015), p. 354.
74 Schutte, Die verhouding tussen Boer en Brit, p. 87.

Marks se beskrywing van die angliseringsbeleid is 'n oorvereenvoudiging, naamlik: "Alhoewel ouers die reg behou het om vir hul kinders geloofsbelydenis in Hollands te leer, was dit nie langer as vyftien minute per dag nie. Verder, alhoewel onderwys gratis was, was dit nie verpligtend nie en die kinders se gereelde skoolbywoning was minimaal".[75] Opperman-Lewis verduidelik die ernstige nagevolge van die angliseringsbeleid in skole. Wanneer Afrikaanse kinders in skooltyd Afrikaans gepraat het, is hul by sommige skole gestraf deur 'n bord om hul nekke te hang met die woorde "Ek is 'n donkie". Daagliks is rekord gehou van taalkundige foute wat kinders maak wat twee keer per week nagegaan is, en as dit dikwels voorgekom het, is die kind van wangedrag beskuldig.[76] Boonop noem Marks nie die feit dat die imperiale regering die reg gehad het om privaatskole te sluit as hulle nie aan hierdie voorwaardes voldoen het nie. Boonop is daar die implikasie van wetgewing wat aangepas is om Engels te vervang in alle Afrikaanse skole, en indien 'n kind nie teen standerd 3 na behore in Engels onderlê was nie, mag die kind slegs tot standerd 5 skoolgegaan het.[77] Dit het dus daartoe bygedra dat talle Afrikaanse kinders aanvanklik skolasties stadiger aangepas het as Engelse kinders en die skool verlaat het. Dit het uiteraard ook 'n invloed gehad het op Afrikaners wat in laer ekonomiese posisies gedwing was gegewe hul ongeskooldheid.

Marks neem dit nie in ag dat huishoudings se regte tot moedertaalopvoeding verontagsaam is nie en dat die beleid die Afrikaans-Hollandse groepe ernstig benadeel het, want dit het direk aanleiding gegee tot swak skoolbywoning onder werklose en ongeskoolde werkers. Die onderliggende boodskap was dat die kind bereid moes wees om imperialistiese opvoeding te ontvang indien hy of sy verder wou studeer en dat buitelandse immigrante eerder ingebring sal word as om die werkloosheidsprobleem plaaslik te probeer oplos. Dit het bygedra tot die ontwikkeling van nasionalistiese sentimente onder die Afrikaner – om hulle te verset eerder as om geassimileer te word. Sien figuur 5.5 hoe die opvoeding van Afrikanerkinders reeds in 1900 in politieke spotprente verskyn het:

[75] Marks, "War and Union, 1899-1910", p. 210.
[76] Opperman-Lewis, *Apartheid*, p. 334.
[77] Opperman-Lewis, *Apartheid*, pp. 334-335.




**Figuur 5.5 – Lord Roberts se voorgestelde onderwysbeleide wat reeds in die 1900's stelselmatig uitgevoer was.**
Bron: Spotprent in J. M. Staniforth, *Cartoons of the Boer War*. (Western Mail: Cardiff, 1900), p. 105.

## 5.6 Onderwys as identiteit en mag, asook gebeurtenisse daarom

> "Engels! Engels! Alles Engels! Engels wat jy sien en hoor: In ons skole, in ons kerke word ons moedertaal vermoor.
> Ag, hoe word ons volk verbaster; daartoe werk ons leraars saam: Hollands nog in sekere skole is bedrog, 'n blote naam!
> Wie hom nie laat anglisere, word geskole en gesmaad; Tot in Vrystaat en Transvaal al, oweral dieselfde kwaad.
> "Dis *vooruitgang*!" roep die skreeuers, "Dis *beskawing* wat nou kom! Dié wat dit nie gelowe dié is ouderwets en dom".[78]

Die verengelsingsbeleid in Hollandse en Afrikaanse skole was daarop gerig om die Afrikanerjeug te indoktrineer om weg te beweeg van hul "agterlike" kultuur en taal, en in 'n Britse samelewing opgeneem te word. Dit het grootskaalse verset onder die

78 C.P. Hoogenhout, "Vooruitgang", in D.J. Opperman, *Groot Verseboek*, (Nasionale Pers, Kaapstad, 1967) p. 8, T.D Moodie, *The rise of Afrikanerdom civil religion – Power, Apartheid, and the Afrikaner civil religion*. (University of California Press, California: 1975), p. 40.

Afrikanergemeenskappe aangevuur. Daar was veral op taal gefokus om die gemeenskappe aan hul kultuur en geskiedenis te herinner.[79] Paul Kruger het in ŉ persoonlike brief aan generaal Louis Botha in 1904 geskryf: "Vergeet nooit de ernstige waarschuwing, die ligt in het woord 'verdeel en heersch', en maak dat dit woord op het Afrikaansche Volk nooit van toepassing zal kunnen zijn. Dan zullen onze nasionaliteit en onze taal blijven en bloeien".[80] Muller beskryf die verhouding tussen die Afrikaner se taal en nasionalisme soos volg: "Die eerste stap tot die verkryging van hierdie nasionale selfrespek lê in die waardering en ontwikkeling van ons eie taal. Die taal ... is die intiemste uiting van ons nasionale wese. Ons gewoontes en tradisies mag soms uit ons geheue raak, maar ons taal leer ons van ons moeder se lippe ... Vandaar die ontwaking op taalgebied na die oorlog, en veral die bloei van die Afrikaanse Taalbeweging".[81] Hierdeur het die Tweede Afrikaanse Taalbeweging afgeskop. Deur die oplewing van taalverenigings in 1907 en die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1909 en latere kultuurorganisasies, soos die Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, is die historiese bewussyn en die ontwikkeling van kulturele nasionalistiese sentimente versterk. Met die stigting van die Nasionale Party in 1914, was die fokus ongetwyfeld van so ŉ aard dat die ontwikkeling van ŉ nasionale eiewaarde en ŉ vaste volkskarakter van die Afrikaner ŉ politieke stryd betree het.[82]

Wat onderwys betref het Afrikaners vroeg al besef dat hul jeug ŉ teiken vir kulturele assimilasie was, en daar was sterk verset daarteen. Die verset is veral duidelik in president M.T. Steyn se toespraak in 1907 by die stigting van Oranje-Meisieskool, wat Britse imperialistiese opvoeding aangebied het na die amalgamasie van die Christelik Nasionale Skole met die staatskole. Steyn het gemeld dat die Afrikaanse volk nie tevrede was met die onderwysstelsel nie, en dat dit die doel van Oranje-Meisieskool is om die dogters van die Afrikaanse volk te "besiel met liefde vir die volk' en dat hulle 'opgelei sal word as onderwyseresse onder ons volk'.[83] Hy het gepleit dat Oranje-Meisieskool ŉ skool sal wees waar die kinders geleer sal word om hul moedertaal te

[79] H. Giliomee, *Die Afrikaners*, (Tafelberg-Uitgewers: Kaapstad, 2020), 114; H. Opperman-Lewis, *Apartheid: Britain's bastard child*, (Piquet Publishers: Cape Town, 2018), p.187.

[80] J.S. Bergh, *Paul Kruger*: *Speeches and correspondence, 1850-1904*, (Boekenfontein: Pretoria, 2018), p.1051. Sien https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/paul-kruger-se-laaste-boodskap-aan-sy-volk/ vir Hollandse weergawe.

[81] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner Deel V, 1899-1910*, (Perskor-Uitgewery: Johannesburg, 1979), p. 36.

[82] M.P.A. Malan, *Die Nasionale Party van Suid-Afrika: Sy stryd en prestasies, 1914-1964*, (Nasionale Handelsdrukkery Beperk: Elsiesrivier, 1964), p. 12.

[83] J.J. Oberholster en M.C.E. van Schoor, *President Steyn aan die woord*, (Sacum Beperk: Bloemfontein, 1953), p. 111.

praat en lief te hê, en waar kinders nie 'stelselmatig afvallig' van hul volk en huis gemaak word nie, maar "waar hulle eerbied en liefde vir hulle volk, hulle tradisies en gewoontes ingeboesem sal word".[84]

Die begrip 'inboesem' was vir Afrikaners en Engelssprekendes die doelwit van onderwys, hoewel die eersgenoemde gefokus het op nasionalistiese sentimente en die laasgenoemde op imperialistiese sentimente. In 1907 het Hertzog hom ook uitgespreek oor sy vasbeslotenheid om selfrespek by die Afrikaner te kweek, veral by wyse van sy moedertaal: "ŉ Taal kan nie van ŉ volk weggeneem word sonder dat die karakter van die volk ook weggeneem word nie. Neem die taal weg, en die volk en karakter gaan ten gronde en hopeloos verlore. Baie volke was onderwerp en verdruk maar het staande gebly en weer op die voorgrond getree en hul karakter bewaar, omdat hulle taal in die lewe gehou is... Iemand wat tekort kom in respek vir die taal waarin ek opgegroei het, kom ook te kort in sy respek vir my; ŉ mens met selfrespek kan nie sy taal weggooi nie... Die taal is gans die volk".[85] Die kwessie van taal gepaard met selfrespek was tot 1914 ŉ sterk tema in nasionalistiese sentimente: "Mag di jonge Afrikaanders, wat hul eië taal liefhet en eer, hulle so toelê op di beoefening van Afrikaans, só hulle talente wij aan di vorming van ŉ eië literatuur, só toon, dat dit hulle weselik ernst is"[86] (aldus D.F. Malan).

In sy lesing in Potchefstroom in 1908 gee F. Postma ook ŉ duidelike indruk van die besware van talryke Afrikaners, maar ook dat heelwat Afrikanerouers hul nie aan die onderwyskwessie steur nie. Afgesien van die taalstryd was daar ook besware oor die inhoud van die leerplanne, betreffende die Boeregeskiedenis. Postma meld dat die Elementary Examen in 1906 die vak "Vaderlandsche gechiedenis" uit die leerplan verwyder het, en dat daar miskien hoop sal wees by kinders in laer standerds om beter onderrig in Afrikanergeskiedenis te ontvang: "Doch hier lijk die zaak maar net zo treurig. Volgens informatie wat ons ingewonne 't, word op vele schole glad nie onderwijs gegê in die vak, omdat daar nie tijd is nie. *Daar is nie tijd op die schole om die Afrikaanse kinders in hul eigen geschiedenis te onderricht!!!* Kan aan ons volk groter onrecht gedaan word? Hoe is 't mogelik dat ons dit maar met stilzwijgen kan aanzien? Die woord van Pres. Steyn klink ons baija in die ore- *papbroekigheid"*.[87] Postma bespreek ŉ voorgeskrewe handboek wat destyds in die meeste skole gebruik was, naamlik *A new school*

[84] Oberholster en Van Schoor, *President Steyn aan die woord*, p. 111.

[85] J.D. Naudé, "Generaal JBM Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party, 1913-1914," PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit (Suid Afrika), 1970, p. 22.

[86] D.F. Malan, *Dit is ons ernst*, (Van de Sandt de Villiers Drukpers Maatschappij, Kaapstad, 1908), p. 8.

[87] F. Postma, *Zuid-Afrikaanse geschiedenis op onze schole*, (Het-Westen Drukkerij, Potchefstroom: 1908), p. 7.

*history of South Africa*, deur Rev. J. Whiteside, en teken beswaar aan teen die feit dat dit ŉ Engelse boek is, en dat Afrikaanse kinders hul eie geskiedenis moet leer in ŉ vreemde taal, wat vanselfsprekend daartoe sal lei dat die kinders van hul geskiedenis vervreem word.[88] Postma beklemtoon dat die onregverdige dade van die Engelse in detail genoem moet word, en dat die van die Boere ook nie verbloem moet word nie. Daardeur sal minder rassehaat gekweek word en veel meer liefde vir geskiedenis, natuurlik bedoel in die konteks van vaderlandse geskiedenis.[89]

In 1912 was die kwessie nog ŉ brandpunt, en by die Christelik Nasionale Onderwyskonferensie in Potchefstroom is professor J. Kamp gekies om ŉ publikasie *De school hoort aan de ouders* te skryf om hul besware oor onderwys saam te vat.[90] Kamp skryf dat die imperiale regering na die oorlog onderwys met "beslist vijandelike bedoelingen" gebruik het as ŉ instrument omdat dit die beste pad vorentoe was om die Afrikaners in die kortste moontlike tyd te verengels.[91] Kamp skryf ook oor die opleiding van onderwysers, en dat daar beswaar aangeteken moes word teen wetenskaponderwysers, omdat hulle onderrig nie in ooreenstemming met Christelike onderwys is nie, en dat kinders van nature goed en onskuldig is en nie uitgebuit moet word deur wetenskaplike invloede nie.[92]

### 5.7 Politieke sentimente en emosionele uitbarstings as teenreaksie op koloniale ideologieë

Na die oorlog het die Afrikaners hulle nie dadelik verset nie, maar geleidelik, met die kulturele oplewing, het politiek deel van die verset geword. Die Engelse bevolking (voor die oorlog die "Uitlanders" genoem) het die geneem om politieke partye aan die Rand te stig. Hulle het hulself die *Progressive Government Association* genoem en het op selfbestuur aangedring.[93] Die politieke ontwaking van die Afrikaners in Transvaal het eers begin met Milner se Sjinese

---

88 Postma, *Zuid-Afrikaanse geschiedenis op onze schole*, p. 8. Later (p. 14) skryf Postma: "Die groot kwaad wat zo ŉ boek uitricht is ongelooflik. Die valse en scheve voorstelling vervreemd die kinders helemaal van hulle eigen geschiedenis en ondermijn nie alleen nie, maar maak alle gevoel voor vaderland, alle nationaliteitsgevoel morsdood. Die hele geest waarin die boek geschreve is, is anti-Afrikaans, en die "dood-zwijg politiek" speel daarin ŉ grote rol".

89 Postma, *Zuid-Afrikaanse geschiedenis op onze schole,* p. 15.

90 Vir ŉ meer indiepte beskouiing van die CNO-skole, sien E.S. van Eeden en T. Vermeulen, "Christian National Education and People's Education: Historical perspectives on some common grounds", *New Contree*, 50, (2005), pp. 177-208.

91 J. Kamp, *De school hoort aan de ouders*, (Het-Westen Drukkerij, Potchefstroom: 1912), p. 9.

92 Kamp, *De school hoort aan de ouders*, p. 27.

93 Le May, *British supremacy in South Africa,* p. 181.

arbeidersbeleid. In 1903 het voormalige Boeregeneraal Louis Botha die eerste politieke vergadering in Heidelberg gehou waartydens die invoer van Sjinese arbeiders die hooffokus was en die beleid is sterk veroordeel. Daarna is ’n volkskongres in 1904 in 1904 in Pretoria gehou en in 1905 is die *Het Volk*-party gestig wat veral gestreef het na onafhanklike bestuur in Transvaal.[94] Die grondwet van selfbestuur vir voormalige kolonies het nie gerealiseer totdat ’n politiese bestuursverandering in Brittanje plaasgevind het nie.

Die Liberale-party onder leiding van Campbell-Bannerman, wat as ’n pro-Boer tydens die oorlog beskryf is, het aan bewind gekom. Voordat Milner se ideale in Suid-Afrika kon realiseer, het Campbell-Bannerman hom opdrag gegee om na Brittanje terug te keer. Hierdie nuwe regeringsgroep in Brittanje het veral gepoog om versoening in die voormalige republieke te bewerkstellig, deur die verhouding tussen Boer en Brit te verbeter en die Afrikaner se vertroue te wen. Gevolglik is verantwoordelike bestuur aan Transvaal toegeken op 6 Desember 1906. Die Wetgewende Vergadering het bestaan uit 69 lede en die Wetgewende Raad uit 15 lede.[95] In 1907 het die *Het Volk*-party saam met die *Responsible Government Association* (waarna in 1907 verwys is as die *National Association*) aan bewind gekom. Generaal Louis Botha is as eerste minister aangestel en Jan Smuts as die koloniale sekretaris. In die Oranjerivierkolonie is die *Orangia-Unie* in Mei 1906 gestig, en verantwoordelike bestuur is in November 1907 aan dié kolonie gegee.

Die politiese oplewing onder Afrikaners het na die oorlog ’n tyd geduur, hoofsaaklik as gevolg van hulle ekonomiese omstandighede. Die meeste moes hul plase van die grond af opbou en weer hulle gemeenskapsbande opbou en versterk. Tekens van politieke bewuswording onder die Afrikaners in Transvaal was teen 1903 duidelik onder leiding van Botha by die Heidelberg-vergadering wat gehandel het oor Afrikaneridentiteit, taal en die Sjinese arbeiders.[96] Botha het die gehoor aangespoor om saam te staan en hul afgevaardigdes na die Volkskongres te stuur wat in Mei 1904 in Transvaal gehou sou word.[97] Hierdie kongres is deur 200 mense bygewoon, en die hoofkomitee het bestaan uit Boeregeneraals L. Botha, J. Smuts, K. de la Rey en C.F. Beyers, en daar is gebid “dat het den Almagtige Vader moge behagen alle blanken van Zuid-

---

94 M.C.E. van Schoor, “Die herlewing van die republikeinse ideaal, 1902-1961” in *Die Republiek van Suid Afrika: Agtergrond, ontstaan en toekoms*, (Voortrekkerpers: Johannesburg, 1966), p. 144.

95 Van Schoor, “Die herlewing van die republikeinse ideaal”, p. 144.

96 K. Schoeman. *Herlewing: Transvaal en die grensgebiede in die naoorlogsjare*, 1902-1910. (Protea: Pretoria, 2022), p. 137.

97 Naude, “Generaal JBM Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party”, p. 10.

Afrika met eensgezindheid te bezielen, opdat daaruit een natie geboren wordt".[98] Beyers het wel hewige kritiek van die jingo-pers ontlok deur sy uitlatings by die Volkskongres, wat in ŉ artikel wat in *The Star* gepubliseer is met die titel *Violent speech by General Beyers*. Daar is gemeld dat Beyers die gehoor aangeraai het om 'niks anders as selfregerende kolonies' te aanvaar nie',[99] waarop *The Star* skryf:

> *Continuing, the speaker declared that men would become desperate, and went on: 'You know what it is, burghers, when men become desperate. It will lead to another war in South Africa if the Government does not treat us more fairly ...'. The above is the gist of the speech which was punctuated with cheers and appreciated by most of those present. It was passionately delivered and enthusiastically received.*[100]

> "Voortgesette het die spreker verklaar dat mans desperaat sou word, en voortgegaan: 'Julle weet wat dit is, burgers, wanneer mense desperaat word. Dit sal lei tot nog ŉ oorlog in Suid-Afrika as die regering ons nie meer regverdig behandel nie ...'. Bogenoemde is die kern van die toespraak wat deur die meeste van die aanwesiges met gejuig onderstreep is en waardeer is. Dit is passievol gelewer en entoesiasties ontvang". (Eie vertaling).

Tydens die kongres is die Transvaalse politieke party *Het Volk* gestig.[101] Dit was duidelik dat die twee volke steeds hewig verdeeld was na die oorlog en dat daar ŉ toenemende behoefte aan die ontwikkeling van ŉ standvastige volkskarakter onder die Afrikaners was.

Dit was ook die geval in die Vrystaat waar die Afrikaner ŉ proses van stelselmatige politieke bewuswording ondergaan het, ŉ uitvloeisel van die imperiale regering se swak repatriasiebeleide en sy gesindheid teenoor die Boere se skadevergoedingsvereistes as gevolg van die oorlog. Naudé meld dat die swak organisasie en beheer van die kompensasiebeloftes groot ontevredenheid veroorsaak het. Dit het bygedra daartoe dat die Afrikaners ter wille van hul gemeenskaplike belange saamgestaan het.[102] Vrystaters was ook van mening dat daar gesloer word met die bepalings van Artikel 7 van die Vredesverdrag, naamlik bepaal dat

98 Schoeman, *Herlewing*, p. 136.
99 Schoeman, *Herlewing*, p. 137.
100 Schoeman, *Herlewing*, p. 137.
101 Naudé, "Generaal J.B.M Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party", p. 10.
102 Naudé, "Generaal J.B.M Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party", p. 11.

selfregering aan Transvaal en die Oranje-Vrystaat toegestaan moet word. Brittanje wou dit nie implementeer totdat daar sekerheid was dat Suid-Afrika nie ŉ vyand van Britse imperialisme sou word nie.

Edward Dallas noem ook in 1909 dat Brittanje se strewe na selfbehoud nie net uit militêre mag voortspruit nie, maar ook dat Britse morele status net so belangrik is: "*We hold almost as clear as life itself the mode of civilisation which is the expression of our national development - the organisation of social and public life in which the ideals of the race have found embodiment*".[103] Hieruit blyk dit dat Brittanje deeglik daarvan bewus was hoe belangrik selfbehoud vir ŉ volk is. Juis daarom het Brittanje die Afrikaner daarvan probeer ontneem deur die verengelsing van die ekonomie, skole en kerke, asook in die poging tot volskaalse Britse immigrasie na Suid-Afrika. Die trauma van die finansiële verlies na die oorlog was ŉ verdere terugslag vir die Afrikanergemeenskappe. As gevolg van die ekonomiese beleid na die oorlog, was dit vir Afrikaner moeilik om te herstel, gegewe hul onvertroudheid met ekonomiese stelsels. In die lig hiervan het die Britse sosiale Darwinistiese opvattinge van sogenaamde "beskawing" deurgesyfer na die beskouing van "agterlike" Afrikanergemeenskappe, weens hulle laer finansiële stand. Die *Transvaal Indigency Commission* (onder Britse imperialistiese invloed) se ondersoek oor blanke armoede in Suid-Afrika het bevind dat armoede "byna sonder uitsondering die produk van ŉ gebrek aan opvoeding of een of ander swakheid in karakter"[104] is. Dit was soortgelyke oortuigings wat Engels in Hollandse en Afrikaanse skole geregverdig het, naamlik om opvoeding te bied wat aan Britse imperialistiese idees voldoen. Dit sou glo swak karakter en gebrek aan opvoeding onder Afrikaner.

### 5.8 Ontluiking van rasbehepte nasionalisme in ŉ broosheidstyd

Nie te lank nadat selfregering aan Transvaal en Oranjerivierkolonie toegestaan is nie, het unifikasie sterk ter sprake gekom. In 1910 is die Unie van Suid-Afrika gestig, voorafgegaan deur groot onenigheid. Natal wou natuurlik ŉ Engelse eerste minister gehad het, en Transvaal en die Oranjerivierkolonie ongetwyfeld ŉ Hollandsprekende eerste minister. Die twee gewildste kandidate was L. Botha en J.X. Merriman van die Kaap. Botha het die meeste stemme gekry,

---

103 P. Rich, "Race, science, and the legitimization of white supremacy in South Africa, 1902-1940" *in The International Journal of African Historical Studies* 23, no. 4 (1990), p. 673.

104 E.J. Bottomley, *Armblankes* (Tafelberg: Kaapstad, 2012), p. 47.

maar het homself gou met ŉ groot kopseer bevind rakende die keuse van kabinetslede.[105] Die jingopers was sterk gekant teen die idee dat J.B.M. Hertzog ŉ plek in die kabinet kry, gegewe sy sterk nasionalistiese invloede en sy fokus op Afrikaans, of Hollands, wat op gelyke voet met Engels in Suid-Afrika moes wees. Botha het besef dat hy groot steun onder die Vrystaters sou verloor as hy Hertzog nie insluit nie. Botha het al hoe meer klem geplaas op rekonsiliasie en unifikasie, terwyl Hertzog steeds sy veldtog vir Afrikanerselfrespek en kultuuroplewing voortgesit het.[106]

Nie lank na die stigting van die Unie nie, was daar reeds duidelike verskille te sien tussen Botha en Hertzog se verskillende benaderings, asook die belangstellings van hulle volgelinge. Botha het geglo in ŉ verenigde Suid-Afrika en het Brittanje dus op vriendskaplike voet benader. Hertzog het geglo dat die Afrikaners eers met respek hanteer moet word voordat vriendskap enigsins moontlik is en dat Suid-Afrika sy belange moet plaas bo dié van Brittanje. Die groot vraag was unifikasie of "Suid-Afrika Eerste". Die konsep van Suid-Afrika eerste het sterk begin figureer toe dit duideliker begin word, het dat Brittanje en Duitsland se verhouding drasties verswak en ŉ moontlike oorlog tussen die twee begin broei het. Die groot kwessie was of Suid-Afrika aan die kant van Brittanje moes veg, wat kort gelede nog oorlog Afrikaners teen gevoer het, terwyl Duitsland uiters simpatiek teenoor die Afrikaners was. Dit was vir talle Afrikaners, insluitend Hertzog, ondenkbaar om vir Brittanje te veg, ŉ land wat groot leed vir Afrikaners veroorsaak het en hulle nog tot in daardie stadium met minagting bejeën het.

Hierdie aangeleentheid het groot verdeeldheid tussen die aanhangers van Hertzog en Botha veroorsaak – Botha is toenemend beskou as ŉ pro-imperiale volgeling, en Hertzog as ŉ Afrikaner wat trou aan die volk se saak gebly het.[107] Die Britse pers het hulle mes ingehad vir "Hertzogisme" wat volgens hulle ŉ groot gevaar ingehou het om uit die Vrystaat na die hele land oor te spoel. *The Cape Argus* het in 1910 geskryf: " *... there is a grave responsibility that General Hertzog's virus will spread throughout South Africa*,"[108] en die jingopers het Hertzog bestempel as ŉ rassis wat vervreemding onder Suid-Afrikaners veroorsaak en Britse heerskappy bedreig.[109] Na ŉ reeks vurige toesprake deur Hertzog, is hy in 1913 uit die saal gelei waar ŉ

---

105 L.E. Brink, "Die lewe, werk en invloed van F.V. Engelenburg in Suid-Afrika (1889-1938)", PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit (Suid-Afrika), 2015, pp. 312-313.

106 Brink, "Die lewe, werke en invloed van F.V. Engelenburg in Suid-Afrika", p. 314.

107 G.D.J. Duvenage, *Imperialisme en nasionalisme – Kerngeskiedenis van Suid-Afrika 1886-1984,* (McGraw-Hill Boekmaatskappy, Johannesburg: 1978), p. 70.

108 *The Cape Argus*, 1 April 1910.

109 Duvenhage, *Imperialisme en nasionalisme*, p. 73.

kongres van die Suid-Afrikaanse Party plaasgevind het, en hy het ook sy pos in die kabinet verloor.[110] Die Vrystaters wou klarigheid kry oor waarom Hertzog, wat trou aan sy volksideaal gebly het, verwerp is. In Julie 1914 het Hertzog verklaar dat hy die Afrikaner se politieke stryd gaan voortsit, en dat hy die Nasionale Party stig wat die stryd van die volk en die volkskarakter na aan die hart hou. Die Nasionale Party het met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog sy idee van "Suid-Afrika Eerste" as een van sy sterkste beginsels voorgehou, wat natuurlik almal ingesluit het, ongeag of hulle Engels of Afrikaans was, wat nie die idee ondersteun het dat Suid-Afrika betrokke moet raak by Brittanje se stryd nie.[111]

Hierdie was een van die min beginsels van die Nasionale Party wat goedgesind teenoor Engelse ondersteuners getoon het, siende dat die party gefokus het op Afrikaans as tweede landstaal, Afrikanerselfrespek wat by wyse van kultuur en taal gekweek moet word, asook die opheffing van die armblankes. Die nasionalistiese sentimente het hand aan hand begin loop met ŉ sterk rassebewustheid en ŉ duidelike onderskeid tussen Engelse blankes en Afrikaanse blankes. Swartes moes natuurlik heeltemal onderdruk bly sonder enige inspraak in die regering.

### 5.9 Samevatting

Die geheuewêreld van die Afrikaner onmiddellik na die oorlog het ŉ aansienlike rol gespeel in die latere ontwikkeling van nasionalistiese sentimente wat stelselmatig van 1902 tot 1914 plaasgevind het. Die oorvertel en heropbou van die Afrikaner binne die naoorlogse materiële noodkonteks, het ŉ verder verskeiding binne die Afrikaner en Britse verhoudingsaangebring. Die skeiding onder die Afrikaners onder "hensoppers" en "bittereinders" het aangedui op ŉ verdeelde Afrikanergroep. Die Britse ekonomiese motiewe wat dit moeilik gemaak het vir die Afrikaner om ekonomies te herstel, het ŉ geleentheid gebied vir die Afrikaner met hul sterk vryheidsmotiewesaam te staan en geleentheid te bied vir nasionalistiese sentimente om te ontwaak. Britse sosiale Darwinistiese benaderings tot taal, onderwys en ekonomiese stelsels was die katalisator vir die nasionalistiese ontwaking. Daar is talle toesprake, publikasies en koerantberigte in die Britse en Afrikaanse pers gepubliseer wat ŉ dispuut van teenstrydige ideologieë na die oorlog uitwys. Die Afrikaners was in die vroeg 20ste eeu nog polities-ideologies onkundig, buiten vir hul sterk republikeinse vryheidstrewe. Die feit dat die

110 Naudé, "Generaal J.B.M Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party", p. 129.
111 Naudé, "Generaal J.B.M Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party", p. 117.

Afrikaners kennis gedra het van ’n doelbewuste “angliseringsbeleid”, en hulle juis daardie gronde ernstig verset het deur die kweek van selfrespek vir taal en die akademiese stryd vir Afrikaans, dui op die katalisering van sosiale Darwinisme. Afrikaners se fokus tot die kweek van selfrespek vir hul taal, kultuur en godsdiens veral deur wyse van die jonger generasie wat onder Britse fokus was, deur onderwys te gebruik as ’n teenreaksie. Britse intellektueles was bewus van sosiale Darwinisme en sy rol in imperialisme, maar nie juis die Afrikaner nie. Afrikaners se versetfokus was grootliks gemik teen Britse imperialisme. Dit het ontwikkel in ’n rasbehepte nasionalisme, na die rou tydperk na die Anglo-Boereoorlog. Hierdie gegewe sal in die volgende hoofstukbespreking uitgelig word.

## HOOFSTUK SES

## ‘N 21STE-EEUSE INTERPRETASIE VAN EERTYDSE SOSIALE DARWINISME AS VERSKUILDE KOLONIALE IDEOLOGIE EN KATALISATOR VIR ONTLUIKENDE NASIONALISTIESE SENTIMENTE ONDER VROEG 20STE-EEUSE AFRIKANERS

### 6.1 Inleiding

In hierdie studie is beoog om ŉ nuwe invalshoek te gee vir die wyse waarop vroeg-20ste eeuse Afrikanernasionalisme ontwaak het. Sosiale Darwinisme as ideologie, gegrond op Charles Darwin en andere se evolusionêre idees oor menslike ontwikkeling wat in 19de-eeuse Britse gesprekke, idees en debatte posgevat het, het half ongemerk en verskuild ingang gevind in Britse gekoloniseerde gebiede. So is Suid-Afrika en al sy gemeenskappe geraak. Hierdie studie het net op die ontstemming van Afrikanersentimente gekonsentreer.

Om dit te kan doen, is ŉ navorsingsraamwerk vir die studie geformuleer, navorsingsvrae ontwikkel en dosyne bronne aanvanklik verken om die potensiaal van die navorsing te bepaal. ŉ Elektroniese toegang tot Africana bronne en van die argiefmateriaal in Brittanje het ŉ skatkis van inligting opgelewer ter verheldering van grondvlak (of "*history from below*") en leierskapsdenke (of "*history from top down*"). Beide was besonder nodig om ŉ beter begrip vir sekere historiese momente. Baie bewustelik was die navorsingsvrae so georden en geformuleer om aan die navorsingstitel te kan verantwoord vanuit die literatuur (beide Brittanje en Suid-Afrika), met inagneming van die hoofbegrip of konsep sosiale Darwinisme, en dié se dikwelse manifestasie as hoofsaaklik koloniale imperialisme.

### 6.2 Die navorsing terugskouend

Om te kan verstaan hoe sosiale Darwinisme intellektueel en histories begryp moet word, was die eerste navorsingsvraag waarin in Hoofstuk Twee aandag gegee is. ŉ Verstaan van die begrip uit die literatuur, en ŉ eie samestelling daarvan vir toepassing in die studie was prominent. In die literatuursoektog en bespreking het die klem ook op insig aangaande Britse heerskappy in

koloniale gebiede (Britse imperiale beleid) geval en op Afrikaners en hulle doen en late kort ná die Anglo-Boereoorlog tot 1914 met die stigting van die Nasionale Party.

Deur die bestudering van meer onlangse literatuur is bevind dat dit hoofsaaklik gerig is op die wyse waarop Darwinisme ideologies op die mens en gemeenskap toegepas is, met kolonialisme as fokus.

Die koloniale beleide van Brittanje het in die 19de eeu verskillende ontwikkelingsfases beleef, en teen 1870 in ŉ selfverheffende vorm ontaard wat bekend gestaan het as nuwe imperialisme. Hierdie imperialisme het ŉ merkbaar aggressiewer en meer militaristiese toepassingsbenadering gehad. Klem is gelê op die Britse regering se verskillende imperiale benaderings en hoe dit ondersteun en teengestaan was, en op watter gronde.

Hoofstuk Drie het voortgebou op die literatuuranalise van Hoofstuk Twee deur sosiale Darwinistiese debatte as potensiële toepassings in gekoloniseerde kontekste vanuit Britse geskiedenis en ervaringe te ontleed. Sosiale Darwinisme het in die wetenskaplike wêreld beslag gekry, maar ook in die 19de eeu in Europese regeringskringe. Verskeie politieke rolspelers op alle vlakke van die Britse samelewing het evolusionêre teorieë op sosiale kwessies begin toepas soos welsynsbeleide, armoede, klasverdelings en die ekonomie. Andere was weer baie verdeeld hieroor weens ŉ Christelike oortuiging of ander vorme van sosiale empatie. ŉ Sekondêre faset in hierdie bespreking wat minder te sê het oor Britse imperialistiese toepassings in kolonies maar meer oor die eie Britse belewenis van armoede van die tyd is ook van belang. Onder meer oor in Britse kringe ook beklemtoon is dat ŉ oorlewing van die sterkstes en natuurlike seleksie nie kan plaasvind in ŉ kapitalistiese, *laissez-faire*-samelewing waar die regering neig om eerder internasionale kwessies te befonds, in plaas van plaaslike werkskepping en opheffing nie. Dit het daartoe gelei dat die vraag "of die regering moet intree", verander het na "hoe die regering kan intree" om binnelandse probleme op te los.

Die vraag of daar sigbare spore bestaan ten opsigte van ŉ "sosiale Darwinistiese intellektuele reis" vanaf Brittanje na Suid-Afrika in die 19de eeu is in Hoofstuk Vier verken. In die navorsing is bevind dat Darwin in 1836 persoonlik in die Kaap was. Vir hom was die vernaamste motief die skepping van wetenskaplike netwerke vir diepgaande "globale" navorsing. Die waarde as Brit wat hy gehad het, was dat al Brittanje se kolonies tot sy beskikking was vir navorsing oor gemeenskappe. Darwin self het evolusionêre beskouings oor kultuurgroepe in Suid-Afrika gehuldig, en het hy dit ook so in sy dagboek aangeteken. ŉ Deel van die Darwin netwerk het

ingesluit ŉ interessante vraelys (oor affektiewe emosies en verbale klanke onder kulture), asook korrespondensie tussen Darwin en ander wetenskaplikes. Vraelysdeelnemers was onder meer die Xhosaman, Christian Gaika [Ngqika]. Gaika was Darwin se enigste korrespondensie met iemand van ŉ Afrikakultuur. Sy insig was opvallend anders as dié van die Britse vraelysdeelnemers in die Kaap. ŉ Paar antwoorde (wat neig na persepsies en oordele) is in Hoofstuk Vier uitgelig. Benewens die aksies van Darwin sel, was daar in verskeie briewe en in Engelse koerante persepsionele ondertone van ŉ aftakelende houding teenoor Afrikaners. Dit word geredeneer dat ŉ Britse belewenis van Afrikaners as onder meer "agterlik" waarskynlik op grond van sosiale Darwinistiese idees posgevat het. ŉ Verdere Darwin sigbaarheid in die Kaap, was dat sy seun, George Darwin, in 1905 ŉ genooide spreker in Suid-Afrika was danksy die *British Association for the Advancement of Science*. Dit het hom ook die geleentheid gegee om ŉ kerninterpretasie van Darwinisme aan te bied wat goed deur plaaslike Britse imperialiste ontvang is. Teen 1909 het die *South African Association for the Advancement of Science* ook ŉ reeks lesings in Suid-Afrika aangebied, getitel *Darwinism and human life*, wat deurgaans kenmerke van sosiale Darwinisme manifesteer het, veral ten opsigte van die ontwikkeling van nuutgestigte kolonies, soos Transvaal en die Oranje-Vrystaat. Generaal JC Smuts is ŉ ander uitstaande voorbeeld. Gegrond op sy opvattinge van sosiale benaderings en evolusionêre teorieë, het hy veral oor holisme geskryf, wat nou aangesluit het met beginsels van evolusie.

Die laaste navorsingsvraag, en wat in Hoofstuk Vyf bespreek is, was meer spesifiek gerig op die tweede gedeelte van die studietema, naamlik op watter wyses het nasionalistiese sentimente onder Afrikaners op kulturele en sosio-politiese vlak posgevat as teenreaksie op die Britse imperiale beleid (en natuurlik dié se verskuilde sosiale Darwinistiese elemente)

Die 19de eeuse herinneringe van die Afrikaner (voor formele koloniale konflik en stryd oor grond; marginalisering; en oorloë asook die Anglo-Boereoorlog), was deel van die verset teen die vroeg-20e eeuse angliseringsbeleid. ŉ Prominente manifestasie was die politieke mobilisering in 1903 as uiting van ontevredenheid met die "verengelsing" van die onderwysstelsel. Afrikaners het hierdie houding vanuit die Milner kantoor beleef as oneerbiedig teenoor Afrikanerkultuur en -taal ervaar. Koloniale imperialisme geklee in sy sosiale Darwinisme baadjie, het die Afrikanerjeug geteiken om te verengels en intellektueel te transformeer en te assimileer. Daarom was onderrig en taal vir Afrikaners die politieke brandpunte van die tyd, en deel van die aksieverset gewortel in die ontstaan van Christelik Nasionale Onderwys (CNO). Die ontwikkelende Afrikaans-Hollandse taal kon afmaak as

“agterlik”, as geen handelstaal nie, en dus nie op gelyke voet met Engelse kan kompeteer nie. Nasionalistiese sentimente het geleidelik begin opvlam en polities momentum begin bou, veral op die vooraand van die stigting van die Unie in 1910. Dit het verdere verdiep gedurende die naderende Eerste Wêreldoorlog van 1914 waarin baie Afrikaners geweier het om namens Brittanje teen Duitsland te veg.

Hoofstuk Vyf beskryf talle ander ontwikkelings en aksies van die tyd wat daarop gerig was om te verseker dat Afrikaneridentiteit behoue bly. Die belangrikheid van taal het ŉ groot rol gespeel in die identiteitsvorming van die Afrikaner. Dit blyk duidelik dat pro-Afrikaner “eerste”-ondersteuners gehoop het op politieke heerskappy as ŉ belangrike houvas vir identiteitsbehoud. Baie van dieselfde diskriminerende beskouings, superieure uitlatings en assimilering van taal was kern fokuspunte in die Nasionale Party se leerstelling. Oorweldigende vrees, segregasie, haat en armoede is alles vrugbare grond vir die ontwikkeling van negatiewe gesindhede teenoor ŉ “ander”, hetsy hierdie vorm van “anders” ekonomies, sosiaal, polities of kultureel was. ŉ Belangrike kritiese vraag wat uit al hierdie historiese verwikkelinge na vore kom, is of sosiale Darwinisme dan ook ŉ invloed op die ontwikkeling van segregasiebeleide in Suid-Afrika gehad het. Indirek is dit sekerlik so met die toepassing van die tweeledige Britse bestuurstelsel van “*Indirect Rule*”. Met intensiewer navorsing mag hierdie stelselgebruik waarskynlik ŉ verbintenis met sosiale Darwinisme ontbloot.

In hierdie studie is tot die slotsom gekom dat, alhoewel dit waarskynlik nie aanvanklik Darwin se bedoeling was om sy evolusionêre teorieë op die mensdom toe te pas nie, hy mettertyd kennelik daaraan meegedoen het, en so dalk onbewustelik of bewustelik ruimte geskep vir nuwe navorsing, studies en toepassings het. Koloniale bewindspraktyke was maar een van hierdie toepassings, gepaard met ekonomiese, sosiale en politieke benaderings. Dit was nie net in Brittanje waar evolusiediskoerse en evolusionêre toepassings soveel aandag geniet het nie, maar in baie ander lande se koloniale benaderings, soos dié van Duitsland en Frankryk. Sosiale Darwinisme in Suid-Afrika as ŉ ingesteldheid het algaande sigbaar geword deur verskeie gebeurtenisse, rolspelers en konflikte. Dit het, soos uitgewys, ŉ langdurige effek op Suid-Afrika se geskiedenis gehad wat in ŉ groot mate vandag nog nagespeur kan word.

## 6.3 Gedagtes vir verdere navorsing

Deur die inspanning van nuwe primêre bronne, veral bronne wat weens beperkings nie toegangbaar toeganklikwas in hierdie verhandeling nie, kan sosiale Darwinisme bied as ŉ nuwe invalshoek vir verskeie historiese inhoud en studies. Biografieë van politiese rolspelers en hul bewustheid van evolusionêre teorieë in destydse lewe. Die wyse van verskillende interpretasies van Darwinisme en sosiale Darwinisme bied ook ŉ wye veld van historiese analise wat kan plaasvind in die konteks van elk. Politiese verwikkelinge, soos in hierdie verhandeling aangetoon, kan in plaaslike en internasionale gebeure ondersoek word. Ekonomiese aanpassings en welsynswetgewing is dikwels hand aan hand met sosiale Darwinistiese toepassings, wat in ŉ historiese konteks soos Suid-Afrika ŉ historiografiese kontinuïteit van ondersoek kan vas pen.

# BIBLIOGRAFIE

## Argiefmateriaal

1.1 Nasionale Argiefbewaarplek van Suid-Afrika (NASA) (Pretoria),

- Suid-Afrikaanse argiefbewaarplek (SAB), Government General (GG), vol. 953, Verwysing 19/82, "*Office of the Governer-General of South Africa Correspondence: Language question. Report to GOTH on rejection of Ordinance by Natal Provincial Council vs the acceptance of a similar measure by the OFS Provincial Council*.", 1912.

- Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), MGP, Verwysing 2304/01, "*Re – House Occupied by Mrs Oosthuizen*", 1901.

- (TAB), AMPT PUBS, Verwysing CD1329, "*Correspondence Relating to the Appeal of the Boer Generals to the Civilized World*", 1902.

- AMPT PUBS, vol. 26, Verwysing CD1299, "*Papers Relating to a Conference Between the Secretary of State for the Colonies and the Prime Ministers of Self-Governing Colonies, June to August 1902*."

- *De Volksstem*, 6 Junie 1903.

- *The Transvaal Leader*, 12 June 1902.

- *The Transvaal Leader*, 2 June 1902.

1.2 Africana Library, Kimberley

- Exoriar, *Fatal Imperialism*. Watts and Co, London: 1902.

- *The Cape Argus*, 1 April 1910.

- *The Diamond Fields Advertiser*, 17 April 1902.
- *The Pretoria News*, 13 October 1903.
- *The Pretoria News*, 15 October 1903.
- *The Star*, 18 June 1948.
- *The Star*, 1 October 1903.
- *The Star*, 24 March 1904.
- *The Star*, 30 April 1904.
- *The Graphic, An Illustrated Weekly Newspaper*, vol. 65, January to June, 1902. London Office Strand, 1902.


**Gepubliseerde werke**


Arnold-Forster, H.O. *The Citizen Reader*. Cassell and Company Limited: London 1904.

Atherstone, W. G. "From Graham's Town to the Gouph – Chapter 3", *The Cape Monthly Magazine*, July to December 1871.

Bagehot, W. *Physics and Politics or Thoughts on the Application of the "Principles of Natural Selection" and "Inheritance" to Political Society, Vol. 12*. Colonial Press, 1899.

Bannister, R.C. *Social Darwinism: Science and Myth in Anglo-American Social Thought*. Philadelphia: Temple UP, 1979.

Barber, M.E. "Night at Du Toit's Pan" in *The Cape Monthly Magazine* January to June. J. C. Juta: Cape Town, 1871.

Barlow, N. *The Autobiography of Charles Darwin* - 1809-1882. W.W. Norton & Company Inc: New York, 1969.

Barzun, J. *Darwin, Marx, Wagner.* 2nd edition: Garden City, 1958.

Beinart, W., and S. Dubow, *The Scientific Imagination in South Africa – 1700 to Present*. Cambridge University Press: Cambridge, 2021.

Bergh, J.S. *Paul Kruger: Speeches and Correspondence, 1850-1904*. Boekenfontein: Pretoria, 2018.

Bleek, W.H. *On the Origin of Language*. L.W. Schmidt: New York, 1869.

Bleek, W.H. "Scientific Reasons for the Study of the Bushman Language", in *The Cape Monthly Magazine,* September 1873.

Bottomley, E.J. *Armblankes*. Tafelberg: Kaapstad, 2012.

Bowler, P. *Evolution: The History of an Idea.* Berkeley: University of California Press, 1984.

Brinton, C. *English Political Thought in the Nineteenth Century.* New York: 1962.

Burns, J. *The New Imperialism: A Speech Delivered in Battersea Park, on May 13th, 1900*. Stop the War Committee: London, 1900.

*British Workmen or Chinese Slaves - The Labour Problem in the Transvaal*. The New Reform Club: London, 1904.

Carr, E.H. *What is History*. Penguin Random House: United Kingdom, 2018.

Cohen, B.J. *The Question of Imperialism*. New York: 1974.

Cramb, J.A. *The Origins and Destiny of Imperial Britain*. John Murray: London, 1915.

Dale, L. "Anthropologies – A Review of Modern Theories", *The Cape Monthly Magazine*, 1874.

Darwin, C. *Autobiography of Charles Darwin*. Charles River Editors: 2018.

Darwin, C. *The Descent of Man and Selection in Relation to Sex.* John Murray: London, 1871.

Darwin, C. *The Descent of Man: and Selection in Relation to Sex*. John Murray: Albemarle Street, 1888.

Darwin, C. *The Expression of the Emotions in Man and Animals*. John Murray: London, 1872.

Darwin, C. *The Origins of Species*. John Murray: London, 1859.

Darwin, G.H. "Cosmical Evolution: Presidential Address, Reports of the British Association (South Africa)" in *The Scientific Papers of Sir George Darwin: Periodic Orbits and Miscellaneous Papers Volume 4*. Cambridge: Cambridge University Press, 1911.

Dubow, S. *A Commonwealth of Knowledge: Science, Sensibility and White South Africa 1820-2000*. Oxford University Press: USA, 2006.

Dubow, S. *Science and Society in South Africa*. Manchester University Press: Manchester, 2000.

Dubow, S. *Scientific Racism in Modern South Africa.* Cambridge University Press: Cambridge, 1995.

Dubow, S. "South Africa and South Africans: Nationality, Belonging, Citizenship." in *The Cambridge History of South Africa* vol. 2. Cambridge University Press: USA, 2011.

Duncan, D. *The Life and Letters of Herbert Spencer*. Methuen and Co: London, 1908.

Duvenage, G.D.J. *Imperialisme en nasionalisme – Kerngeskiedenis van Suid-Afrika 1886-1984*. McGraw-Hill Boekmaatskappy: Johannesburg, 1978.

Fischer, M. *Tant Miem Fischer se Kampdagboek, Mei 1901 – Augustus 1902*. Tafelberg: Kaapstad, 1964.

Gardiner, A.G. *The Life of Sir William Harcourt volume 2*. Constable Limited, London: 1923.

Giliomee, H. "Afrikanernasionalisme, 1902-1924," in *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van Voortye tot Vandag.* Tafelberg: Kaapstad, 2012.

Giliomee. H, *Die Afrikaners : 'n Biografie*. Tafelberg: Kaapstad, 2004.

Giliomee, H. *Die Afrikaners*. Tafelberg-Uitgewers: Kaapstad, 2020.

Giliomee, H. *Maverick Africans: The shaping of the Afrikaners*. Tafelberg: Cape Town, 2020.

Girouard, M. *The return to Camelot*. New Haven: Yale University Press, 1981.

Godard, J.G. '*Racial Supremacy' in Studies of Imperialism*. Simpkin, Marshall and Co: London, 1905.

Hancock, W.K. and J. Van der Poel, *Selections from the Smuts Papers, Vol 1, June 1886-May 1902*. Cambridge: Cambridge University Press, 1966.

Hancock, W.K. and J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers, Vol 2 June 1902-May 1910,* Cambridge: Cambridge University Press, 1966.

Hawkins, M. *Social Darwinism in European and American thought,1860-1945 – Nature as model and nature as threat*, Cambridge University Press: Cambridge, 1997.

Hayes, C.J.H. *A Generation of Materialism, 1871-1900.* New York, 1941.

Headlam, C. *The Milner Papers vol. II*. Cassel and Company Ltd: London, 1933.

Hesketh, I. ed. *Imagining the Darwinian revolution: historical narratives of evolution from the nineteenth century to the present*. University of Pittsburgh Press: Pittsburgh, 2022.

Hexham, I. *The Irony of Apartheid: The Struggle for National Independence of Afrikaner Calvinism against British imperialism, Vol. 37*. New York: Edwin Mellen Press, 1981.

Himmelfarb, G. *Darwin and the Darwinian Revolution*. W.W. Norton and Co: New York, 1968.

Hobsbawm, E. *Nations and Nationalisms since 1780: Programme, myth, reality*. Cambridge University Press: Cambridge, 2012.

Hobson, J.A. *Imperialism: A Study*. 3rd ed. London: Unwin Hyman, 1938.

Hobson, J.A. *The Psychology of Jingoism*. Grant Richards: London, 1901.

Iggers, G.G. *Historiography in the Twentieth Century: From Scientific Objectivity to the Postmodern Challenge*. Wesleyan University Press, 2005.

Kamp, J. *De School Hoort aan de Ouders*. Het-Westen Drukkerij: Potchefstroom, 1912.

Keynes, R.D. *Charles Darwin's Beagle Diary*. Cambridge University Press: Cambridge, 2001.

Kosseleck, R. *The practice of conceptual history: timing history, spacing concepts*. Stanford University Press: California, 2002.

Le Gann, L.H., P. Duignan, *Colonialism in Africa 1870-1914 Vol. 1: The History and Politics of Colonialism 1870-1914*. Cambridge University Press: Cambridge, 1969.

Le May, G.H.L. *British Supremacy in South Africa 1889-1907.* Claredon Press: Oxford, 1965.

Luarsabishvili, V. *Ideas and Methodologies in Historical Research*. Routledge, 2022.

Lugard, F.D. *The Dual Mandate in British Tropical Africa*. William Blackwood and Sons: London, 1923.

Malan, D.F. *Dit is ons Ernst*. Van de Sandt de Villiers Drukpers Maatschappij, Kaapstad, 1908.

Malan, M.P.A. *Die Nasionale Party van Suid-Afrika: Sy Stryd en Prestasies, 1914-1964*. Nasionale Handelsdrukkery Beperk: Elsiesrivier, 1964.

Malthus, T.R. *An Essay on the Principle of Population*, the 1803 edition. Yale University Press: London, 2018.

Marks, S. "War and Union, 1899-1910" in *The Cambridge History of South Africa* vol. 2, 1885-1994. Cambridge: Cambridge University Press, 2011.

Marlow, J. *Milner: Apostle of Empire*. London: Hamish Hamilton, 1975.

Marwick, A. *The Nature of History*, 3rd edition. Hampshire: Palgrave, 1989.

Mayers, J.C. *Indirect Rule in South Africa: tradition, modernity and the costuming of political powers*. University of Rochester Press: Rochester, 2008.

Moodie, T.D. *The Rise of Afrikanerdom Civil Religion – Power, Apartheid, and the Afrikaner Civil Religion*. (University of California Press: California, 1975.

Novicow, J. *La Critique du Darwinisme* Social. Paris: 1910.

Oberholster, J.J. and M.C.E. van Schoor, *President Steyn aan die Woord.* Sacum Beperk: Bloemfontein, 1953.

O'Meara, D. *Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in the Development of Afrikaner Nationalism, 1934-1948*. Ravan: Johannesburg, 1983.

Opperman, D.J. *Groot Verseboek*. Nasionale Pers, Kaapstad, 1967.

Opperman Lewis, H. *Apartheid: Britain's Bastard Child.* Published by Author using Piquet Publishers' services, 2018.

Patterson, S. *The Last Trek: A Study of the Boer People and the Afrikaner Nation*. Taylor & Francis Group, 2004.

Postma, F. *Zuid-Afrikaanse Geschiedenis op onze Schole*. Het-Westen Drukkerij: Potchefstroom, 1908.

Reader, W.J. *'At Duty's Call': A study in Obsolete Patriotism*. Manchester University Press: Manchester, 2017.

Riukulehto, S. *Between Time and Space*. Cambridge Scholars Publishing, 2015.

Reitz, A.B. *Ons Japie: Dagboek Gehou Gedurende Die Driejarige Oorlog*. Afrikaanse Pers-Boekhandel: Johannesburg, 1960.

Rhodes, C.J. edited by W.T. Stead, *The Last Will and Testament of C. J. Rhodes*. Review of Reviews Office: London, 1902.

Ritchie, D.G. *Darwinism and Politics*. Swan Sonnenschein & Co: London, 1891.

Rosenberg, A. *Darwinism in Philosophy, Social Science and Policy*. Cambridge University Press: Cambridge, 2000.

Ruskin, J. *Lectures on Art*. Dodo Press: 1894.

Scher, D.M. "Naoorlogse Rasseverhoudings, 1902-1948," in *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van Voortye tot Vandag.* Tafelberg: Kaapstad, 2012.

Schoeman, K. *Imperiale Somer: Suid-Afrika tussen Oorlog en Unie, 1902-1910*. Protea Uitgewers: Kaapstad, 2015.

Schoeman, K. *Rekonstruksie - Die Naoorlogsjare in Suid Afrika, 1902-1905*. Protea Boekhuis: Pretoria, 2012.

Schoeman, K. *Babilon: Johannesburg in die Koloniale Tydperk, 1902-1910*. Protea: Pretoria, 2021.

Schoeman, K. *Herlewing: Transvaal en die Grensgebiede in die naoorlogsjare, 1902-1910*. Protea: Pretoria, 2022.

Scholtz, G.D. *Die Ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner Deel V, 1899-1910*. Perskor-Uitgewery: Johannesburg, 1979.

Scholtz, G.D. *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner: Deel IV, 1881-1899*. Perskor-Uitgewery: Johannesburg, 1977.

Scholtz, L. *Kruispaaie: Afrikanerkeuses in die 19de en 20ste eeu*. Kraal Uitgewers: Pretoria, 2016.

Shillington, K. *History of Africa*. MacMillan Publishers: London, 2019.

Silverstein, B. "The political organisation of the British in their Empire, 1875-1939: transforming indirect rule" in *Governing Natives, Indirect rule and settler colonialism in Australia's North*. Manchester University Press: Manchester, 2019.

Smuts, J. *Holism and Evolution*. Macmillan and Co: London, 1927.

Somervell, D.C. *English Thought in the Nineteenth Century*. 2$^{nd}$ version London: 1929.

Spencer, H. *Facts and Comments*. Vol. 9. D. Appleton & Company: New York, 1902.

Spencer, H. *Life and Letters of Herbert Spencer,* vol. 2, ed. D. Duncan. New York, 1908.

Spencer, H. Lord Salisbury on Evolution, *Nineteenth Century: A Monthly Review*, No. 224, 1895.

Spencer, H. *The Man vs The State*. Watts and Co: London, 1940.

Spencer, H. *A System of Synthetic Philosophy,* Vol. 2. William and Norgate: London, 1864.

Spender, J.A. *The Life of the Right Hon. Sir Henry Campbell-Bannerman, G.C.B, volume I*. Houghton: London, 1923.

Staniforth, J.M. *Cartoons of the Boer War*. Western Mail: Cardiff, 1900.

Strong, J. *Our Country: Its Possible Future and its Present Crisis*. Baker & Taylor Company: 1891.

Thomson, J.A. *Darwinism and Human Life: The South African Lectures for 1909*. Andrew Melrose: London, 1909.

Thompson, J.L. *A Wider Patriotism: Alfred Milner and the British Empire*. London: Pickering and Chatto, 2007.

Tosh, J. "Historical Awareness" in *The pursuit of history: aims, methods and new directions in the study of history*. Routledge: New York, 2015.

Trollope, A. *South Africa*. B. Tauchnitz, 1878.

Turnbull, Rev J. "Darwinism: its value as a Cosmological Theory", *The Cape Monthly Magazine*, 1875.

van der Merwe, C. '*Donkerstroom' Eugène Marais en die Anglo*-*Boereoorlog*. Tafelberg: Kaapstad, 2015.

van Jaarsveld, F.A. *Van van Riebeek tot Verwoerd – 1652-1966*. Voortrekkerpers: Johannesburg, 1971.

van Schoor, M.C.E. "Die Herlewing van die Republikeinse Ideaal, 1902-1961" in *Die Republiek van Suid Afrika: Agtergrond, Ontstaan en Toekoms.* Voortrekkerpers: Johannesburg, 1966.

Vindex. *Cecil Rhodes, His political life and speeches 1881-1900*. George Bell and Sons: London, 1900.

von Hellwald, F. *Culturgeschichte in ihrer naturlichen Entwicklung Gegenwart.* Augsburg, 1875.

Weindling, P.J. "Theories of the Cell State in Imperial Germany" in C. Webster (Ed.), *Biology, Medicine and Society, 1840-1940.* Cambridge: Cambridge University Press, 1981.

Ziegler, E.H. *Naturwissenschaft und die Socialdemoktratische Theorie*. Verlag von Ferdinand Enke: Stuttgart, 1893.

Zietsman, P.H. D*ie Taal is Gans die Volk: Woelinge en Dryfvere in die Stryd om die Afrikaner se Taal*, *Vol. 14*. Universiteit van Suid-Afrika, 1992.

**Verhandelinge en proefskrifte**

Brink, L.E. "Die lewe, werk en invloed van F.V. Engelenburg in Suid-Afrika (1889-1938), *PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit* (Suid-Afrika), 2015.

Byrd, R.H. "Social Darwinism and British Imperialism, 1870-1900." *PhD diss., Texas Tech University*, 1971.

Harris, K.L. "A History of the Chinese in South Africa to 1912." PhD diss., University of South Africa, 1998.

Knight, P. “British public opinion and the rise of imperialist sentiment in relation to expansion in Africa, 1880-1900.” *PhD diss., University of Warwick*, 1968.

Marais, A.H. en J. de Villiers. “Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-kolonie, 1902-1912.” *PhD-proefskrif, Stellenbosch: Stellenbosch University*, 1977.

Maritz, P.J. “Sosiale Darwinisme as grondliggende wêreldbeskouing tot immorele politieke leierskap in Suid-Afrika: ŉ Christelik-etiese beoordeling” *M.A.-verhandeling, Noordwes-Universiteit*, 2021.

Naude, J. D. “Generaal JBM Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party, 1913-1914.” *PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit,* Suid Afrika.

Schutte, P.M.B. *Die Verhouding Tussen Boer en Brit in Transvaal – 1902-1910,* M.A-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1979.

van der Walt, I.D. “Die eerste algemene verkiesing na die vorming van die Unie van Suid-Afrika, 1910.” PhD diss., North-West University (South Africa), 1976.

### Joernaalartikels

“Dr. Darley-Hartley”, *The Journal of the Medical Association of South Africa,* vol. 2, no. 1 (Jan 1928), pp. 1- 2.

Acuña-Partal, C. “Notes on Charles Darwin’s thoughts on translation and the publishing history of the European versions of [On] The Origin of Species”, *Perspectives,* vol. 24, no. 1 (2016), pp. 7-21.

Balmforth, R. “Darwinism and Empire” in *The Westminster Review,* Vol. CLVIII, no. 1, July 1902, pp. 1-13.

Beinart, W. “Men, Science, Travel and Nature in the Eighteenth and Nineteenth-century Cape”, *Journal of Southern African Studies*, vol. 24, no. 4, (1998), pp. 775-799.

Beukes, A. “On language heroes and the modernising movement of Afrikaner nationalism” *Southern African Linguistics and Applied Language* Studies 25 no.3 (2007), pp. 245-258.

Clayes, G. “The ‘Survival of the Fittest’ and the Origins of Social Darwinism”, *Journal of the History of Ideas* 61, no. 2 (2000), pp. 223-240.

Crook, P. “Social Darwinism and British “New Imperialism”: Second Thoughts” *The European Legacy: Toward New Paradigms*, vol. 3, no. 1 (1998), pp. 1-16.

Darwin, J. “Imperialism in Decline? Tendencies in British Imperial Policy between the Wars” in *The Historical Journal* 23, no. 3 (1980), pp. 657-679.

De Korte, W.E. “A Chip of the Old Block,” *South African Medical Record*, vol. 10, no. 14, 1912.

Dubow, S. “Afrikaner nationalism, apartheid and the conceptualization of ‘race’.” *The Journal of African History* 33, no. 2 (1992), pp. 209-237.

Dubow, S. “Colonial Nationalism, the Milner Kindergarten and the rise of South-Africanism”, in *History Workshop Journal* no. 43 (1997), pp. 53-85.

du Pisani, K. “Vader van Holisme: Was Jan Smuts ŉ intellektueel?”, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jaargang vol. 58, No. 1 (Maart 2018), p. 41-16.

Durant, J. “Social Darwinism by Bannister”, *British Journal for the History of Science*, vol. 15 (1982), p. 261-274.

Editorial?, “Medical Journals in Southern Africa”, *South African Medical Journal*, 1956.

Emery, F.V. “Geography and Imperialism: The Role of Sir Bartle Frere (1815-1884)”, *The Geographical Journal* 150, no. 3 (1984), pp. 342-350.

Goldberg, M. “The Nature of Afrikaner Nationalism”, in *The Journal of Modern African Studies,* 23, no. 1 (1985), pp. 125-131.

Hale, F. “A Cape Town Minister Contra Orthodoxy: Ramsden Balmforth’s evolution as a Religious Liberal”, *Studia Historiae Ecclesiasticae,* vol. 35, no. 1, (2009), pp. 1-11.

Hale, F. “Contours of Pacificism: Ramsden Balmforth’s Advocacy of Peace in the Union of South Africa and Beyond”. *Acta Theologica,* vol. 33, no. 1 (2013), pp. 96-113.

Hale, F. “Interpreting South African Cultural Clashes Through Darwinian Eyes: Ramsden Balmforth in Cape Town 1902-1911”. *S.A. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* vol. 25, no. 1 (2011), pp. 26-45.

Halliday, R.J. “Social Darwinism: A Definition”. *Victorian Studies,* vol. 4, no. 14 (1971), pp. 389-405.

Hammel, T. “Thinking with Birds: Mary Elizabeth Barber’s Advocacy for Gender Equality in Ornithology”, *Kronos*, vol. 4,1 no. 1 (2015), pp. 85-111.

Hasian, M. “The “hysterical” Emily Hobhouse and Boer War concentration camp controversy.” *Western Journal of Communication (includes Communication Reports)* 67, no. 2 (2003): 138-163.

Heathorn, S. “‘Let Us Remember That We, too, are English’: Constructions of Citizenship and National Identity in English Elementary School Reading Books, 1880-1914.” *Victorian Studies* 38, no. 3 (1995), pp. 395-427.

Klausen, S. “For the Sake of the Race”: Eugenic Discourses of Feeblemindedness and Motherhood in the South African Medical Record, 1903-1926,” *Journal of Southern African Studies*, vol. 23, no. 1 (1997), pp. 27-50.

Krugell, E. and Van Eeden, E.S. "Briewe as vernaamste kommunikasiemiddel tussen konsentrasiekampbewoners, krygsgevangenes en hulle geliefdes tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog." *South African Journal of Cultural History* 31, no. 2 (2017), pp. 64-85.

Livingstone, D.N. "Debating Darwin at the Cape", *Journal of Historical Geography,* vol. 52 (2016), pp. 1-15.

Loria, A. "Darwinisme Social", *Revue Internationale de Sociologie* vol. 4 (1896), pp. 440-451.
Marks, S. and S. Trapido, "Lord Milner and the South Africanism State", in *History Workshop* no. 8 (1979), pp. 50-80.

Marwick, A. 'Two Approaches to Historical Study: The Metaphysical (Including 'Postmodernism') and the Historical', *Journal of Contemporary History*, 30, no.1 (1995), p. 5-35.

McConnaughey, G. "Darwin and Social Darwinism" *Osiris* vol.9 (1950), pp. 397-412.

Meiring Beck, J. H. "Pathological Evolution – Pathology from an 'Evolution' point of view – A Paper read before the South African Philosophical Society" in *The South African Medical Journal*, 28 July 1888, pp. 28-30.

Melby, C.K. "'Of Paramount Importance to our Race' H.O. Arnold-Forster and the South African Soldier Settlement', *The Journal of the Historical Association,* vol. 102, Issue 352 (2017), pp. 597-616.

Morris, A.G. "The British Association meeting of 1905 and the rise of Physical Anthropology in South Africa", *South African Journal of Science* vol. 98 (2002), pp. 336-340.

Mouton, F.A. "A Free United South Africa under the Union Jack", F.S. Malan, South Africanism and the British Empire 1895-1924", *Historia* vol. 51 no. 1 (2006), pp. 29-48.

Őzden, K. and A. Doğan, "Impact of Social Darwinism on European Identity", in *Journal of Academic Studies* 10, (2008), pp. 92-112.

Radick, G. "Darwinism and Social Darwinism." *The Cambridge History of Modern European Thought* 1 (2019), pp. 279-300.

Rich, P. "Race, Science, and the Legitimization of White Supremacy in South Africa, 1902-1940" *in The International Journal of African Historical Studies* 23, no. 4 (1990), pp. 665-686.

Ritchie, J. "Sir J. Arthur Thomson." *Nature,* vol. 131, no. 3305 (1933), pp. 296 - 296.

Rogers, J.A. "Darwinism and Social Darwinism". *Journal of the History of Ideas*, vol. 33, no. 2 (1972), pp. 265-280.

Schmidt, O. "Science and Socialism", *Popular Science,* vol. 14 (1879), pp. 557-591.

Scholtz, L en Scholtz, I. "Die Britse imperialisme, die Anglo-Boereoorlog en die ontstaan van Apartheid." *Southern Journal for Contemporary History* 27, no. 2 (2002), pp. 137-166.

Shanafelt, R. "How Charles Darwin got Emotional Expression out of South Africa (And the People who Helped Him)." *Comparative Studies in Society and History*, vol. 45 (2003), pp. 815-842.

Tarde, G. "Darwinisme naturel et Darwinisme Social", *Revue Philosophique,* vol. 17 (1884), pp. 607-637.

Terblanche, H.O. en M.J. Swart, "Die Afrikaner se stryd om taalgelykberegtiging in Port-Elizabeth, 1902-1937" in *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 7, no. 4 (1993), pp. 70-78.

Thompson, A.S. "The Language of Imperialism and the Meanings of Empire: Imperial Discourse in British Politics, 1895-1914*" Journal of British Studies,* vol. 36, no. 2 (1997), pp. 147-177.

Thompson, A. “The Languages of Loyalism in Southern Africa, c. 1870-1939” *The English Historical Review,* vol. 118, no. 477 (2003), pp. 617-650.

Tikhonov, V. “Social Darwinism as History and Reality: ‘Competition’ and ‘The Weak’ in Early Twentieth-Century Korea”. *Critical Asian Studies*, vol. 48, no. 3 (2016), pp. 315-337.

Traill, D. “Evolution of a Disease Resisting Race”, *South African Medical Record,* vol 11, no. 1, 1913.

van der Bank, D.A. “Die Orangia Unie as volksvereniging en politieke party, 1906-1912: 1: Inleiding” in *Navorsinge van die Nasionale Museum: Researches of the National Museum, vol 10, no*. 9 (1994), pp. 355-361.

van Eeden, E.S en Vermeulen, T. “Christian National Education and People’s Education: Historical perspectives on some common grounds”, *New Contree,* 50, (2005), pp. 177-208.

van Eeden, E.S. “Considering the many variations of regional history”, *International Journal of Peoples and Places,* Dec, 2024, pp. 1-24.

van Eeden, E.S. “’n Oorlog met Vele Name – Standpunte en Realiteite oor “dié Oorlog” (1899-1902) in Suid-Afrika”, *Literator,* vol. 20, no.3 (1999), pp. 175-199.

van Eeden, E.S. “Thoughts about the historiography of veracity or ‘truthfulness’ in understanding and teaching History in South Africa.” *Yesterday&Today,* vol. 15 (2016), pp. 37-65.

Ward, L. “Social Darwinism”, *American Journal of Sociology,* vol. 12 (1907), pp. 709-719.

Weikart, R. “A Recently Discovered Darwin Letter on Social Darwinism”, *Isi*s, Vol. 86, No. 4 (December, 1995), pp. 609-611.

Weikart, R. “The Origins of Social Darwinism in Germany, 1859-1895.” *Journal of the History of Ideas* 54, no. 3 (1993), pp. 469-488.

Wells, D.C. “Social Darwinism”. *American Journal of Sociology*, vol. 12, no. 5 (1907), pp. 695-716.

**Koerantberigte**

*Batavaaisch Nieuwsblad*, 23 Desember 1902. “Bataviaasch nieuwsblad”. Batavia, 23-12-1902. Geraadpleegd op Delpher op 22-11-2024, https://resolver.kb.nl/resolve?urn=ddd:011033485:mpeg21:p005

*Daily News (London),* Wednesday 9 December 1903. - https://www.britishnewspaperarchive.co.uk/viewer/bl/0000051/19031209/293/0016

*De Maasbode*, 25 September 1902. BEROEP der Boeren-Generaals op de beschaafde wereld. “De Maasbode”. Rotterdam, 25-09-1902. Geraadpleegd op Delpher op 22-11-2024, https://resolver.kb.nl/resolve?urn=MMKB04:000183607:mpeg21:p001

*Middelburgsche Courant*, 1902. - Beroep der Boeren-Generaals op de beschaafde wereld.. “Middelburgsche courant”. Middelburg, 25-09-1902. Geraadpleegd op Delpher op 22-11-2024, https://resolver.kb.nl/resolve?urn=ddd:010680864:mpeg21:p001

*Limburger Koerier*, 18 November 1905. “Limburger koerier”. Heerlen, 18-11-1905. Geraadpleegd op Delpher op 27-11-2024, https://resolver.kb.nl/resolve?urn=MMKB23:001158114:mpeg21:p00009

*Liverpool Daily Post* – 9 Desember 1903. - https://www.britishnewspaperarchive.co.uk/viewer/BL/0000647/19031209/189/0007?browse=true

*The Pall Mall Gazett*e, Saterdag, 25 Mei 1889. - https://www.britishnewspaperarchive.co.uk/viewer/BL/0000098/18890525/005/0001?browse=true

**Webliografie**

https://www.britishnewspaperarchive.co.uk

http://archive.samj.org.za/

https://www.delpher.nl/nl/kranten/results

Cambridge University Library Collections (CULC), Digital Library (cudl.lib.cam.ac.uk), Darwin Correspondence Project, Letter no. 8716 (DAR 181: 44), J.P.M. Weale/ C. Darwin, January 1873 accessed on 12 September 2024, https://www.darwinproject.ac.uk/letter/?docId=letters/DCP-LETT-8716.xml

Cambridge University Library Collections (CULC), Digital Library (cudl.lib.cam.ac.uk), Darwin Correspondence Project, Letter no. 5722 (DAR 181: 42), J.P.M. Weale providing J. H. Bowker's response/ C. Darwin, December 1867, accessed on 12 September 2024, https://www.darwinproject.ac.uk/letter/?docId=letters/DCP-LETT-5722.xml

Cambridge University Library Collections (CULC), Digital Library (cudl.lib.cam.ac.uk), Darwin Correspondence Project, Letter no. 5745 (DAR 160: 40), M. E. Barber/ C Darwin, February 1867 accessed on 13 September 2024, https://www.darwinproject.ac.uk/letter/?docId=letters/DCP-LETT-5745.xml

CULC, DL, C Darwin Correspondence Project, Letter no. 5581 (DAR 181: 41), July 1867.

CULC, DL, C Darwin Correspondence Project, Letter no. 5722 (DAR 181: 42), December 1867.

CULC, DL, C Darwin Correspondence Project, Letter no. 5745 (DAR 160: 40), February 1867.

CULC, DL, C Darwin Correspondence Project, Letter 8716, January 1873.
The Correspondence of Charles Darwin, vol. 15

H. Liebenberg, *Paul Kruger se laaste boodskap aan sy volk*,
https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/paul-kruger-se-laaste-boodskap-aan-sy-volk/ 10 Oktober 2022